

Pastorale begeleiding van afgetredenes met betrekking tot hul eiewaarde in finansiële nood

FMJ Kleinschmidt
21562644

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad
Magister Artium in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van
die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof dr BJ de Klerk

Mei 2016



ERKENNINGS

Vir die voorreg om aan reisgenote op hierdie pad erkenning te gee kan ek nie anders nie as om eerstens aan God al die dank, al die eer en al die aanbidding te bring. Dit is ondenkbaar dat ek sonder Hom as Reisgenoot hierdie studie sou kon aanpak en voltooi.

- Dankie aan my gesinslede wat elkeen op sy eie manier ondersteuning gegee het.
- Dankie aan my studieleier, Prof Ben de Klerk vir sy bekwame leiding, insig en die altyd hoflike manier waarop hy sy gewaardeerde insette gelewer het.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek wat so vriendelik en behulpsaam was. Sonder julle hulp sou die taak feitlik onmoontlik gewees het.
- Aan elke vriend en vriendin wat deurlopend ondersteun en aangemoedig het. Dankie vir julle gebede.
- Cecilia van der Walt vir die taalversorging.
- Ek is oneindige groot dank verskuldig aan die respondente wat bereid was om hul belewinge met my te deel. Julle was die motivering vir hierdie studie.

Soli Deo Gloria
Soli Deo Gloria

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap word gekenmerk deur langlewendheid, 'n wêreldwye tendens. Dit beteken dat die aantal mense wat ingevolge die huidige aftreebeleid op ouderdom 60 tot 65 aftree toeneem, ten spyte van die hoër lewensverwagting. Stygende lewenskoste en onvoorsiene gebeure en omstandighede bring mee dat afgetredenes toenemend finansiële nood ervaar. In hierdie studie is die uitkringende effek daarvan, maar veral die effek wat dit op eiewaarde het, ondersoek. Dit het aan die lig gekom dat pastors dikwels onvoldoende ingelig en toegerus is om die negatiewe emosies wat ouer mense, wat *nie* in kroniese armoede geleef het nie en na aftrede finansiële probleme ondervind, te herken en te hanteer. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is daarom 'n beter begrip van die oorsake en omvang van finansiële trauma na aftrede en die uitwerking daarvan op eiewaarde met die oog op 'n holistiese benadering tot pastorale begeleiding. In die laaste afdeling is dan ook gefokus op die herbevestiging van eiewaarde aan die hand van Skrifgefundeerde uitsprake en beginsels.

ABSTRACT

The South African community, like communities worldwide, is characterized by longevity. This results in a steadily increasing number of people still retiring in accordance with the current retirement policy at the ages 60 to 65 years, despite the higher life expectancy. The rising cost of living and unforeseen events and circumstances result in an increased number of retirees experiencing financial need. This study investigated the effect thereof, especially on self-worth. It became evident that pastors are often not sufficiently informed or equipped to recognize and handle the negative emotions experienced by elderly people who did *not* live in chronic poverty but became impoverished after retirement. The overall purpose of this study is therefore a better understanding of the causes and extent of financial trauma after retirement and the effect thereof after retirement with the aim of providing a holistic approach to pastoral guidance. The focus of the last section was therefore the reaffirmation of self-worth based on dictums and principles in Scripture.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Fredrieka Martha Johanna Kleinschmidt, dat die inhoud van hierdie verhandeling, getiteld “Pastorale begeleiding van afgetredenes met betrekking tot hul eiewaarde in finansiële nood” my eie werk is, dat dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by ‘n ander universiteit ingehandig is nie.

INHOUDSOPGAWE

Erkennings	ii
Opsomming	iii
Abstract	iii
Verklaring	iv
Lys van Bylae	viii
Lys van tabelle	viii

HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN NAVORSINGSVOORSTEL

1.1 Sleutelterme	1
1.1.2 Omskrywing van sleutelterme	1
1.2 Probleemstelling	4
1.3 Oriëntering	7
1.4 Leemte in bestaande navorsing	9
1.5 Navorsingsvraag	12
1.6 Doelstelling en doelwitte	13
1.7 Sentrale teoretiese argument	13
1.8 Navorsingsmetodologie	13
1.9 Etiese oorwegings	16
1.10 Hoofstukindeling	16
1.11 Skematiese voorstelling	17

HOOFSTUK 2: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERSKYNSEL VAN FINANSIËLE KRISIS NA AFTREDE EN DIE UITWERKING DAARVAN OP EIEWAARDE

2.1 Inleiding	19
2.2 Doelstelling van die hoofstuk	20
2.3 Die heersende situasie met betrekking tot afgetredenes in finansiële krisis	21
2.4 Beperktheid van die studie	25
2.5 Die konsep <i>afrede</i>	25

2.5.1 'n Kort historiese oorsig	25
2.5.2 Die toekoms van aftrede met spesifieke verwysing na Suid-Afrika	28
2.6 Metodologiese verantwoording	28
2.7 Navorsingsontwerp en navorsingsmetode	30
2.7.1 Navorsingsontwerp	30
2.7.2 Navorsingsmetode	33
2.8 Empiriese bevindings	39
2.9 Voorlopige samevatting en gevolgtrekkings	60
HOOFSTUK 3: 'N LITERATUURSTUDIE VAN DIE NAASLIGGENDE WETENSAPPE MET BETREKKING TOT DIE OORSAKE VAN EN EFFEK OP EIEWAARDE VAN FINANSIËLE KRISIS NA AFTREDE	
3.1 Inleiding	70
3.1.1 Wetenskappe relevant vir hierdie navorsing	70
3.1.2 Die invloed van demografiese inligting op hierdie studie	72
3.2 Doelstelling van die hoofstuk	73
3.3 Perspektiewe vanuit die naasliggende wetenskappe	74
3.3.1 Sosio-gerontologiese perspektiewe	75
3.3.2 Ekonomiese perspektiewe	82
3.3.3 Psigologiese perspektiewe	88
3.3.4 Spirituele perspektiewe	92
3.4 Voorlopige samevatting en gevolgtrekkings	95
HOOFSTUK 4: SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE TEMA VAN WERK, AFTREDE, IDENTITEIT EN EIEWAARDE	
4.1 Inleiding	98
4.2 Doelstelling van die hoofstuk	98
4.3 Skrifperspektiewe op werk en aftrede	99
4.3.1 Werk as 'n skeppingsopdrag	100
4.3.2 Die dimensies van arbeid	101
4.3.3 Die doelstellings van arbeid	104

4.3.4 Aftrede	106
4.4 Skrifperspektiewe op identiteit en eiewaarde	107
4.4.1 Die self van die mens vanuit Bybelse en pastoraal-teologiese perspektiewe	108
4.4.2 Die mens as verhoudingswese	110
4.4.3 Die waarde van die mens	114
4.5 Implikasies van Skrifperspektiewe op die waarde van die mens vir eiewaarde in die lig van finansiële trauma na aftrede	119
4.6 Samevatting	122
4.7 Afgeleide norme vir die beoordeling van eiewaarde van afgetredenes wat in finansiële nood verkeer	124

HOOFSTUK 5: RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN AFGETREDENES WAT LAE EIEWAARDE ERVAAR AS GEVOLG VAN FINANSIËLE KRISIS

5.1 Inleiding	125
5.2 Doelstelling van die hoofstuk	126
5.3 Besinning oor bevinding van navorsingsresultate.....	127
5.4 Riglyne vir moontlike aksiestrategieë om afgeleide Bybelse norme oor te dra	128
5.4.1 Die benadering tot gesprekvoering	128
5.4.2 Riglyne vir die praktiese toepassing van die afgeleide norme	129
5.5 Samevatting	139

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 Inleiding	140
6.2 Navorsingsontwerp en –resultate (beskrywend-empiriese taak)	141
6.3 Verklaring vanuit die naasliggende wetenskappe (interpreterende taak)	142
6.4 Perspektiewe vanuit die Skrif (normatiewe taak)	142
6.5 Aksiestrategieë vir die begeleiding van afgetredenes in finansiële nood (pragmatiese taak)	143
6.6 Finale bevinding	143
6.7 Aanbeveling vir verdere studie	143

BRONNELYS	145
------------------------	-----

BYLAE

Bylaag 1: Evaluering van huidige situasie	62
Bylaag 2: Verkorte geriatriese depressieskaal (GDS)	63
Bylaag 3: Rosenberg self-esteen scale (RSES)	64
Bylaag 4: Vrae vir semi-gestruktureerde onderhoude	65
Bylaag 5: Vraelys vir afgetredenes	66

TABELLE

Tabel 1.1: Verband tussen probleemstelling, doelstelling en doelwitte en metodologie	17
Tabel 2.1: Groei in wêreldbevolking deur die geskiedenis	21
Tabel 2.2: Demografie van bevolkingsgroei deur die geskiedenis	21
Tabel 2.3: Lewensverwagting by geboorte, op ouderdom 65 en ouderdom 75	22
Tabel 3.1: Projeksie van groei in aantal blanke bejaardes 66 jaar en ouer: 2001 – 2021	73

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN NAVORSINGSVOORSTEL

1.1 Sleutelterme

Afrikaans: Afgetredene, eiewaarde, pastorale begeleiding, finansiële nood.

Engels: *Retiree, self-worth/self-esteem, pastoral guidance, financial distress.*

1.1.2 Omskrywing van sleutelterme

1.1.2.1 Afgetredene

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek omskryf 'n afgetredene as iemand wat weens bereiking van die leeftydgrens of weens siekte of uit eie keuse uit sy/haar pos getree het (Labuschagne & Eksteen 2010:28). Hierdie omskrywing maak nie voorsiening vir afgetredenes wat weens rasionalisasie of regstellende aksie verplig was om die werkplek te verlaat nie. Drie ander woordeboeke omskryf "afgetredene" soos volg: "*Retiree: one who has retired from active working life*" (*Free dictionary by Farlex*). "*Withdrawal from one's position or occupation or from active working life*" (*Merriam-Webster online dictionary*). "*The action or fact of leaving one's job and ceasing to work*" (*Oxford dictionaries.com*).

Die konsep *afrede* kan ook omskryf word as 'n moderne verskynsel waarvolgens ouer werknemers aan die einde van hul loopbane beloon word met 'n tydperk van rus. Hy/sy hou op om beroepsarbeid te verrig, maar ontvang steeds 'n gereelde betaling van die staat of uit die beleggingsfonds waartoe hy en/of die werkgewer bygedra het (De Beer 2011:805; Eckley 1989:8). Atchley verwys na *afrede* as, onder andere, 'n wettige wyse waarop werkgewers hul werkmag kan verminder of van ongewenste werknemers ontslae kan raak "*so defined either because of age prejudice or poor performance*" (Atchley 1982:121).

1.1.2.2 Eiewaarde

Daar word in dié verhandeling verwys na die uitwerking van finansiële probleme op die afgetredene se persepsie van sy/haar eiewaarde. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek definieer eiewaarde soos volg: hoë skatting van jou eie betekenis

(Labuschagne & Eksteen 2010:239). In die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk (1995:58) word eiewaarde omskryf as “'n persoon se persepsie en evaluering van homself en sy rolvervulling.” Volgens Collins verwys eiewaarde “na die manier waarop 'n mens sy of haar waarde, bekwaamheid en belangrikheid beoordeel. Terwyl selfbeeld en selfkonsep 'n selfbeskrywing behels, behels eiewaarde self-evaluering” (Collins 2005:365).

Die *Psychology glossary* verwys na die term “*self worth*” as sinoniem met “*self-esteem*” en omskryf laasgenoemde soos volg:

In psychology, the term self-esteem is used to describe a person's overall sense of self-worth or personal value. Self-esteem is often seen as a personal trait. Abraham Maslow suggested that people need both esteem from other people as well as inner self-respect. Both of these needs must be fulfilled in order for an individual to grow as a person and achieve self-actualization (Cherry, About.com Psychology).

'n Persoon se persepsie van eiewaarde hang dikwels saam met sosio-ekonomiese status (SES). By volwassenes, anders as by kinders en adolossente, word SES “verdien”. *“For self-esteem, it is not enough to simply enjoy the perks of high status; one must have had something to do with it.”* (Twenge & Campbell 2002:70) Opvoeding, beroep en inkomste het dus 'n direkte invloed op eiewaarde. By afgetredenes verdwyn die komponent van inkomste in die bepaling van SES en gevolglik ook eiewaarde, maar die vlak van opvoeding en die beroep wat beoefen is, bly steeds belangrike faktore (Twenge & Campbell 2002:61). Ebaugh, soos aangehaal deur Reitzes, Mutran en Fernandez (1996:651) verwys na hierdie verskynsel as die “*hang-over identity*”. Hul waarneming is dat afgetredenes voortgaan om op hul eks-identiteit te steun as 'n basis of raamwerk vir die bepaling van hul eiewaarde.

Gesien vanuit 'n teologiese perspektief is die mens se waarde geleë in die konsep *geskape te wees na die beeld van God (imago Dei)* soos ons dit vind in Gen 1:26 en 27, Gen 1:5 en Gen 9:6. Volgens Calvin word hierdie beeld van God na die sondeval deur Christus herstel “in die ware en volkome staat van regtheid voor God.” (Duvenage 2009:51). Om na die beeld van God geskape te wees, beteken dat

baie van ons emosies en eienskappe iets van God se eienskappe weerspieël. Danksy hierdie wete, kan ons oortuig wees van ons eiewaarde. Eiewaarde word nie bepaal deur besittings, prestasies, voorkoms of openbare beeld nie, maar deur die wete dat ons na God se beeld geskape is. (Die Bybel in Praktyk 1993:8)

1.1.2.3 Pastorale begeleiding

Die woord *pastoraal* verwys na die herderlike taak van die *herder* of *pastor* van die gemeente (Labuschagne & Eksteen 2010:896). Die omskrywing in Engels lui *of or relating to the spiritual care or guidance of people who are members of a religious group* (Merriam-Websters online dictionary), *relating to a pastor, or the cure of souls* (Webster's comprehensive reference dictionary 1954:381). Kaptein, soos aangehaal deur Uys (1985:283), definieer "pastoraal" as "die diens aan die medemens, waardeur spesifiek in die partikuliere konteks van die Christen, nuwe moontlikhede van heil ontvang word vanuit die ontmoeting met Jesus Christus."

Magezi (2007:656) omskryf die taak van *pastorale* berading (*pastoral counseling*) as "*caring in the form of dialogue and communication to alleviate distress within the context of pastoral ministry.*" Hy haal Lartey (1997) aan wat sê dat hierdie aktiwiteit na 'n eeue-oue praktyk verwys, ook bekend as *cura animarum* ("cure of souls").

Interpretasie maak 'n belangrike komponent uit van pastorale teologie. Osmer verwys na die pastor as 'n "*interpretive guide who does not take people on the same old trip but travels with them into new territory.*" (Osmer 2008:19) Die funksie van pastorale sorg, volgens Louw, is om beradenes te help om sinvol en met nuwe hoop te kan oorleef, om 'n verhouding van intieme empatie te vestig, om Bybelse narratiewe op konkrete menslike situasies toe te pas, om die herstel van verhoudings te fasiliteer, om mense te help om die rykdom, vreugde en genade van die lewe te vier selfs te midde van lyding en dood (Louw 2012a:15). Die taak van die pastor of berader is om mense in nood te ontmoet daar waar hulle is.

The unique feature of pastoral care, distinct from all the other disciplines within the field of health and care, is the fact that pastoral care implies more than empathy. It embodies the identification of the suffering of Christ with our human predicament (Louw 2012b:4).

Collins voeg by dat pastorale berading die meer gespesialiseerde aspek van pastorale versorging is wat te make het met hulp aan enkelinge, gesinne en groepe mense wat die druk en krisisse van die lewe moet hanteer. In die proses van hulpverlening maak pastorale berading gebruik van 'n verskeidenheid genesingsmetodes wat ooreenstem met Bybelse beginsels. Die hoofdoel is om beradenes te help om te genees, te leer en persoonlik en geestelik te groei (Collins 2005:4).

1.1.2.4 Finansiële nood

Nood, in dié sin waarin dit in hierdie verhandeling gebruik word, word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne & Eksteen 2010:780) omskryf as “haglike toestand, behoefte, gebrek”. Dit volg dus dat *finansiële nood* verwys na 'n gebrek aan voldoende finansies – nie om net die leefstyl van voor aftrede te handhaaf nie – maar om 'n enigsins menswaardige bestaan te voer. Omdat werksgeleenthede vir ouer persone baie skaars is, verwys Uys (1985:120) na 'n “afwaartse ekonomiese spiraal wat die bejaarde as mens baie skade kan berokken.”

Investor Words definieer *financial distress* soos volg: *Tight cash situation in which a household, business or individual cannot pay the owed amounts on the due date.* Finansiële nood word, naas swak gesondheid, beskou as een van die faktore wat 'n goeie huweliksverhouding na aftrede ernstig bedreig (Atchley 1982:130).

1.2 Probleemstelling

Wêreldwyd word gemeenskappe gekenmerk deur langlewendheid. In minder ontwikkelde lande is daar reeds 'n beduidende afname in die getal kinders jonger as 5 jaar, terwyl dié van mense ouer as 65 jaar dramaties toeneem. Dieselfde tendens kan in ontwikkelde lande waargeneem word, hoewel die totaal van die bevolking heelwat laer is (Haub 2011). In 1974 is bereken dat daar teen 1990 28 miljoen mense ouer as 65 in die VSA sou wees, 'n syfer wat teen 2020 sou aangroei tot 40 miljoen (Neugarten 1974:188). Die realiteit is dat daar reeds 6 jaar vroeër as verwag 43,1 miljoen mense ouer as 65 jaar was terwyl die aanduidings is dat dié getal tot 83,7 miljoen in 2050 sal toeneem (Ortman, Velkoff & Hogan 2014). Tans word bereken dat die getal mense ouer as 65 wêreldwyd aanstaande jaar die 601 miljoen-kerf sal bereik en teen 2020 sal toeneem tot 714 miljoen (Yedinak 2009).

Die situasie in Suid-Afrika stem ooreen met tendense wêreldwyd. In die bylaag tot *Die Burger* van 28 Februarie 2009 skryf Prof Jan Bekker, ereprofessor en deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria, dat daar tóé reeds 600 000 blankes ouer as 66 jaar in Suid-Afrika was, 1,4 miljoen swartmense, 168 000 bruinmense en 74 000 Asiate, 'n totaal van 2 242 000. Syfers wat deur Statistieke Suid-Afrika in 2010 vrygestel is, dui aan dat dié totaal gestyg het na 2 765 992 (Wikipedia 2010) en teen 2014 na 3 032 295 – 'n toename van bykans 35% oor 'n tydperk van vyf jaar (vgl Transgenerational Design Matters 2009; Smit 2011; Openstax Cnx 2013; Müller & Stevens 2001:12). Die rekordvlakke van langlewendheid in die ontwikkelde weste kan toegeskryf word aan die afname in die getal kindersterftes, beter mediese sorg en gesonder diëte (Gothe *et al.* 2011).

Omdat die oorgrote meerderheid van afgetredenes ekonomies onaktief raak en ook nie meer 'n bydrae lewer tot die staatskas in die vorm van inkomstebelasting nie, plaas dit geweldige druk op pensioenfondse, mediese sorg en welsynsdienste (Müller 2002:41). In Amerika betoog 'n groep prominente uitvoerende beampptes vir die verhoging van die aftreeouderdom na 70, "*thereby making fewer Americans eligible to receive benefits such as Social Security and Medicare*" (RT America 2013) en in Australië, waar die aftreeouderdom reeds 67 is, is aangekondig dat mense wat na 1965 gebore is, eers op ouderdom 70 pensioenvoordele gaan ontvang (Power 2014).

Die bevinding van navorsing wat by Old Mutual Corporate gedoen is en wat in *Die Burger* (31 Aug 2013:18) gepubliseer is, dui daarop dat 85% van mense bo 55 bang is dat hulle nie genoeg geld sal hê vir aftrede nie. Hulle glo dat hulle na aftreeouderdom van 61 moontlik nog 17 jaar sal leef. Syfers wat deur Alexander Forbes vrygestel is, toon dat teen 'n inflasiekoers van 6% die waarde van afgetredenes se geld na 12 jaar gehalveer word (Watson, Van Zyl & Saayman 25 Mei 2013:15). In dieselfde artikel word Danie van Zyl, hoof van gewaarborgde beleggings by Sanlam Werknemersvoordele aangehaal wat daarop wys dat mediese inflasie met meer as 10%, kos met tussen 6% en 8% en verblyf (soos heffings en eiendomsbelasting) en geadmistreerde pryse met selfs groter persentasies gestyg het.

Op 17 September vanjaar het die inflasiekoers tot 6,4% gestyg, terwyl voedselinflasie in Augustus op 9,4% gestaan het (Trading economics 2014). Mediese inflasie het in Desember 2013 met 11,5% toegeneem, bykans 5% hoër as die algehele inflasiekoers (Moneyweb 2014). Al hierdie syfers is hoër as die syfers wat in

2013 aangeteken is, wat meebring dat afgetredenes se geld teen die huidige koers selfs in minder as 12 jaar gehalveer word terwyl noodsaaklike uitgawes steeds toeneem. Bereken op 'n lewensverwagting van 85 jaar, moet die geld van iemand wat op 63 afgetree het 22 jaar hou, 'n doelwit wat slegs haalbaar is indien die afgetredene oor voldoende fondse beskik. Onvoorsiene uitgawes soos groot mediese koste, stygende heffings en eiendomsbelasting, verkeerde beleggingsbesluite, finansiële hulp aan volwasse kinders, die versorging van kleinkinders en borgstaan kan rampspoedige gevolge hê. Brunsdon en Lotter (2008:297) wys ook op die negatiewe uitwerking van stygende lewens- en mediese koste op die lewenservaring van die afgetredene terwyl Malan en Dreyer (2008:6) behuising as 'n verdere groot probleem noem. Hierdie faktore verplig die afgetredene dikwels om 'n alternatiewe bron van inkomste te vind of om drastiese maatreëls te tref ter wille van oorlewing.

In 'n opname wat in Mei 2012 deur die American Association for Retired Persons (AARP) gedoen is, is bevind dat die meerderheid van vroeg-bejaarde werkendes of werksoekers hulle hoofsaaklik om finansiële redes in dié posisie bevind het (Gerstein 2013:16). Omdat poste vir ouer mense skaars is, ervaar 'n groot persentasie van hulle uiterste frustrasie omdat hulle 'n produktiewe rol in die gemeenskap ontsê word. Dit bevorder die aftakelingsproses wat tot vroeë afhanklikheid lei. Volgens Müller veroorsaak "die verlies aan sinvolle werk, sosiale aansien en inkomste wat met aftrede gepaard gaan, dikwels so 'n groot trauma dat 'n mens letterlik daaraan kan doodgaan" (Müller & Stevens 2001:15-20).

In Suid-Afrika ondervind al hoe meer afgetredenes en ouer mense finansiële probleme om 'n verskeidenheid redes. Reeds in 1993 wys Coetzer in sy doktorsale proefskrif daarop dat die effek van die afgetredene se krimpende inkomste en stygende uitgawes "'n geestelike outonomieit van heroïse proporsies (vereis) om die waardes en wysheid van sy jare te handhaaf" (Coetzer 1993:121). Hierdie situasie neem sulke ernstige afmetings aan dat die regering deur wetgewing wil ingryp om mense te verhoed om toegang tot hul aftreefondse te verkry wanneer hulle uit hul poste bedank (Du Preez & Arde 2011). Die hoofrede is dat hierdie geld dikwels onoordeelkundig bestee word, met die gevolg dat al hoe meer mense van die staat se ouderdomspensioen afhanklik raak.

Atchley (1982:120) noem vier faktore vir 'n suksesvolle aftreefase: 'n versekerde inkomste, goeie gesondheid, betekenisvolle aktiwiteite en 'n goeie

huweliksverhouding. Een van die faktore wat gelys word as die grootste rede vir die hoë selfdoodsyfer onder ouer mense, is finansiële nood (Shreve-Neiger 2002:2). Ander faktore wat genoem word soos depressie, spanning, swak gesondheid, sosiale isolasie en alkoholisme is dikwels uitvloeisels van finansiële probleme wat negatief inwerk op die afgetredene se persepsie van sy/haar eiewaarde.

Leraars met wie persoonlike sowel as telefoongesprekke gevoer is, is in die meeste gevalle nie voldoende ingelig oor die toenemende armoedeprobleem onder hul ouer lidmate nie en is ook nie genoegsaam bewus van die negatiewe en uitkringende effek daarvan nie. (Hierdie gesprekke sal in die empiriese ondersoek breedvoeriger hanteer word.) Toerusting om die probleme te hanteer wat met finansiële nood gepaard gaan, ontbreek grootliks. Malan en Dreyer onderskryf hierdie bevinding wanneer hulle daarop wys dat die pastoraat nie altyd sy rol speel ter versorging van ouer mense nie. Die Nederduits Gereformeerde Kerk se studie oor barmhartigheid (1990:199-223) verskaf ook nie riglyne vir bejaardesorg aan pastors nie (Malan & Dreyer 2009:1).

Die oningeligtheid van pastors en hul skynbare onvermoë om die negatiewe emosies van angs en depressie wat ouer mense met finansiële probleme dikwels ondervind, te herken en te hanteer kan as die probleem gestel word wat vanuit 'n pastorale oogpunt, aanleiding gegee het tot hierdie studie.

1.3 Oriëntering

Die begrip *waarde* word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek omskryf as “Wat iets werd is, gemeet aan een of ander norm”. Die teenoorgestelde daarvan is *waardeloos*, wat dan iets beskryf wat, gemeet aan dieselfde norm, in ekonomiese terme van geen waarde is nie, wat sy waarde verloor het (Labuschagne & Eksteen 2010:1509, 1510). Om egter na die laatvolwassene se “waarde” te verwys, is om hom/haar te verobjektiseer. Daarom tref Kant, soos aangehaal deur Uys (1985:116), onderskeid tussen “waarde” en “waardigheid” en verduidelik dat die mens personale waardigheid het “wat verhewe is bo enige middelike waarde wat hy mag hê”.

Vanuit 'n bybelse perspektief blyk die waarde van die mens uit die skeppingsverhale van Gen 1 en Gen 2. Volgens Deist (1981:1) is die skepping van die mens in Gen 1 die hoogtepunt van God se skeppingswerk terwyl in Gen 2 gefokus word op die mens as die middelpunt van die skepping (vgl Die Bybel in Praktyk 1993:9, 10;

Waltke 2007:211, 212). Ook in Mat 6:26 en Mat 10:30 en 31 bevestig Jesus die mens se waarde vir die Skepper. Dit is dus duidelik dat finansiële posisie en selfstandigheid nie die waarde van 'n persoon bepaal nie, hoewel Anderson daarop wys dat *“society tends to value those who are able to produce and who are independent”* (Anderson 2009:114). Oor die begrip *eiewaarde* verwys Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike werk (1995:58) ook na “rolvervulling”.

Maslow se stelling dat die mens die waardering en respek van ander nodig het om tot selfverwesening te kom, impliseer dat die persepsie van eiewaarde beïnvloed kan word deur die insette en ingesteldheid van ander rolspelers (Cherry, About.com Psychology). Hierdie standpunt word onderskryf deur die filosoof Winifred Lamb en die teoloog Heather Thompson wat aanvoer dat ons gevoel van eiewaarde grootliks bepaal word deur dit wat ons van ander ontvang. *However, the dominant view of the self in western philosophy has not sufficiently acknowledged the dimension of self-in-relation and of the ways in which our identity depends upon the recognition of others* (Lamb & Thompson 2001:61).

Anderson (2009:104-105) se bevinding was dat ouer mense hulleself dikwels beskou as irrelevant, magteloos en minderwaardig, ten spyte daarvan dat die mens, volgens die Bybel, geskape is na die beeld van God (Gen 1:27) en selfs na die sondeval in Psalm 8 beskryf word as 'n weinig minder as 'n hemelse wese (1983-vertaling). Volgens King (2005:2, 3), soos aangehaal deur De Klerk, het die afgetredene “twee duidelike behoeftes, naamlik 'n behoefte aan betekenisvolle verhoudings en 'n psigologiese nood om by die een of ander arbeid (selfs sonder betaling) betrokke te wees (De Klerk 2005:14). Coetzer (1993:115) kom tot die gevolgtrekking dat hierdie besigwees van bejaardes 'n aanpassingsmeganisme is wat aan hulle die gevoel gee dat hulle “nog deel is van die polsende ritme van die lewe self.”

Teen die agtergrond van die uitsprake in die boek Prediker postuleer Brunsdon en Lotter (2008:291) dat arbeid slegs waarde het indien die mens, in die besigwees daarmee, sy/haar roeping as rentmeester beoefen. In 4:9-11 word die waarde van die helpende verhouding tussen mense as sinvol en singewend aan die aardse bestaan beskou, maar “die mens se hoogste goed is om binne 'n verhouding met God te leef.” (Brunsdon & Lotter 2008:293)

Na 'n verblyf van ses jaar in 'n tipiese aftreedorp en die navorser se betrokkenheid by 'n gemeente waarvan die gemiddelde ouderdom van lidmate 63 jaar is, het daar 'n

groter bewuswording ingetree van die uitkringende effek van finansiële probleme waardeur al meer afgetredenes om verskeie redes gekonfronteer word.

Voorlopige gesprekke met leraars van multigenerasie-gemeentes het aan die lig gebring dat daar heelwat onkunde heers oor die finansiële probleme waarmee sommige van hul ouer lidmate te kampe het. Mnr Pieter Hurter, voorsitter van Helpende Hand Hermanus, het tydens 'n onderhoud op 8 September 2014 gesê dit was sy ervaring dat waar leraars in sy streek wel bewus gemaak word van die situasie, dit dikwels as 'n maatskaplike probleem beskou word wat deur die kerk se Diens van Barmhartigheidsaksie met kospakkies, klere en beperkte finansiële hulp hanteer word. Waar beskikbare fondse ontoereikend is, word 'n buite-instansie, soos Helpende Hand, genader. Bewustheid van en sensitiwiteit vir die vernietigende effek van finansiële nood by afgetredenes en pastorale sorg met die oog op die herstel van menswaardigheid, ontbreek grootliks.

Hierdie studie wil poog om die uitwerking van armoede op afgetredenes se persepsie van eiewaarde te ondersoek. Daaruit vloei voort pastorale riglyne vir die herstel van eiewaarde by afgetredenes in finansiële nood vanuit 'n Bybelse perspektief.

1.4 Leemte in bestaande navorsing

1.4.1 Databasisse

'n Biografiese soektog is gedoen met die hulp van die Ferdinand Postma biblioteek. Inligting is gevind via die EbscoHost-koppelvlak op die volgende data-basisse: NEXUS (die NRF se databasis van voltooid navorsing, asook huidige navorsing wat reeds geregistreer is – “current” en “completed”), Academic Search Premier, Africa-Wide Information, ATLA Religion Data-base with ATLASerials, eBook Collection, E-Journals, Health Source – Consumer Edition, Health Source – Nursing/Academic Edition, MasterFILE Premier, PsycArticles, PsycInfo en SocINDEX met volteks. Ander databasisse waarop inligting gesoek is, is die volgende: SAePublications en RSAT (Suid-Afrikaanse tydskrifartikels), SACat (nasionale katalogus van boeke en tydskrifte in Suid-Afrika), ProQuest (internasionale proefskrifte en verhandelinge in volteks).

1.4.2 Soekterme

Die volgende sleuteltermes is gebruik: *bejaard, aftree, afgetree, afgetrede, ouderdom, senior burger, senior citizen, aged, elderly, advanced age, advanced in years, old age, old people, aging or ageing, elderly people, geriatric, pensioner, retired, retiring, retiree, golden ager, senior adult, older adult, veroudering, vroegbejaard, self-esteem, self-respect, self-assurance, confidence, pride, proud, self-regard, dignity, self assurance, eiewaarde, selfagting, selfrespek, value, respect, status, gerontolog, theolog, teolog, religio, religieus, godsdiens, church, kerk, ministry, bediening, pastoral, survive, inferior, substandard, struggle, degrade, financial hardship, low income, econom, finance, work, job, labour, labor.*

1.4.3 Verhandelings en proefskrifte – afgehandel en in proses

Die meerderheid verhandelings en proefskrifte wat opgespoor kon word, ondersoek die rol wat die kerk, godsdiens en geloof speel by die algemene welsyn van ouer mense (Wang 2012; Haddad 2012) of benader die onderwerp vanuit 'n maatskaplike, mediese of ekonomiese oogpunt (Young-Morrison 2012; Miller 2001; Ramezani 2011; Mills 2007). Aanbevelings en oplossings wat aangebied word, fokus dan ook hoofsaaklik op hierdie vier areas. Studiestukke wat uitsluitlik op die verband tussen finansiële status en eiewaarde fokus, kon nie opgespoor word nie. Daaruit volg dus dat riglyne vir die skep of herstel van die besef van eiewaarde by ouer mense met finansiële probleme in die pastorale beradingsproses nie gevind kon word nie. Enkele voorbeelde is die volgende:

- WJ Coetzer voltooi in 1993 'n doktorsale tesis aan die Universiteit van Suid-Afrika met die titel "Bedieningstrukture vir 'n Bejaardebediening". Baie klem word gelê op die belangrikheid van 'n effektiewe struktuur, maar die implikasies van finansiële nood by bejaardes word nie indringend ondersoek en onder die loep geneem nie.
- Die doktorsale proefskrif wat JP Uys in 1985 aan die Universiteit van Suid-Afrika voltooi het onder die titel "'n Fundamentele analise en evaluering van agogiese nood by die laatvolwassene", benader die onderwerp vanuit 'n suiwer opvoedkundige oogpunt en bied geen riglyne vir pastorale berading nie. Daar word slegs vlugtig verwys na die voorkoms van finansiële nood onder afgetredenes.

1.4.4 Tydskrifartikels

- Die artikel van Brunsdon en Lotter (2008) plaas die klem op 'n narratiewe benadering tot pastoraat om die afgetredene te lei tot 'n sinvolle beleving van aftrede. Hulle verwys na die finansiële probleme wat afgetredenes moontlik kan ondervind, maar fokus nie uitsluitlik daarop en op die invloed daarvan op die persepsie van eiewaarde nie.
- Malan en Dreyer (2009) se artikel fokus op 'n multidisziplinêre benadering tot pastorale sorg en die rol wat die geloofsgemeenskap kan speel om te voorsien in die materiële, psigososiale en godsdienstige behoeftes van ouer mense. Weereens word geen aandag geskenk aan die verband tussen materiële nood en eiewaarde nie.
- De Beer (2011) benader aftrede vanuit 'n teologies-etiese perspektief maar skenk min aandag aan die emosionele behoeftes van die afgetredene. Eiewaarde word dus nie oorweeg nie.
- Greeff (2007) verwys na voortgesette finansiële beplanning na aftrede, maar finansiële probleme en die emosionele uitwerking daarvan word nie hanteer nie.

Verskeie ander artikels is opgespoor wat fokus op die verband tussen godsdiens, sosio-ekonomiese status, liggaamsbeeld en aftrede as sodanig en selfbeeld, maar weinig skenk oorweging aan die uitwerking van finansiële probleme op die afgetredene se gevoel van eiewaarde. Choi en Jun (2008) verwys kortliks na ontoereikende inkomste as 'n bydraende faktor tot depressie by laer-inkomste groepe. Artikels wat die klem op perspektiewe vanuit die aangrensende wetenskappe plaas, is dié van Twenge en Campbell (2002), Baker en Gringart (2009), Atchley (1982) en Reitzes, Mutran en Fernandez (1996).

1.4.5 Boeke

In 'n omvattende boek oor berading wat 'n wye reeks kwessies vanuit 'n Bybelse perspektief benader, wys Collins (2005) 'n hoofstuk aan "Bejaardheid" en wys kortliks op die negatiewe uitwerking van finansiële probleme na aftrede op die eiewaarde van die bejaarde. Die vooroordeel teen bejaardes vanuit verskillende oorde word bespreek en hoe hierdie gesindheid daartoe bydra dat die selfvertroue en eiewaarde van ouer mense ondermyn word. Riglyne vir berading word aan die hand gedoen, hoewel die volle omvang van finansiële krisis op 'n hoë ouderdom, die oorsake en gevolge, nie volledig bespreek word nie. In nog 'n hoofstuk word die rol van 'n

gesonde gevoel van eiewaarde bespreek, hoewel dit nie spesifiek handel oor ouer mense nie.

Carl Rogers word dikwels beskryf as een van die mees invloedryke sielkundiges in die Amerikaanse geskiedenis oor die onderwerp van selfbeeld en eiewaarde (vgl Collins 2005:365; Cherry, About.com Education). In twee van sy talle boeke (1989, 1967) beklemtoon hy die belangrikheid van selfaanvaarding en kongruensie, maar dan nie met spesifieke verwysing na die proses van ouerword en die faktore wat die selfbeeld en persepsie van eiewaarde by ouer mense negatief kan beïnvloed nie.

1.5 Navorsingsvraag

Die vraag wat deur hierdie navorsing beantwoord wil word, is: In watter mate kan die Bybelse perspektief op ons identiteit as grondslag dien vir die pastorale begeleiding van afgetredenes wat weens die trauma van finansiële nood 'n verminderde gevoel van eiewaarde ervaar?

1.5.1 Vrae wat voortvloei uit die sentrale navorsingsvraag

- Watter nuwe insigte kom vanuit die empiriese ondersoek na vore met die oog op pastorale sorg aan afgetredenes in finansiële nood?
- Hoe kan bevindinge van navorsing van die aangrensende wetenskappe bydra tot die verstaan van die pastorale versorging van verarmde afgetredenes met 'n lae gevoel van eiewaarde?
- Watter insigte bied die Bybelse perspektief op identiteit, werk, aftrede en eiewaarde met die oog op pastorale sorg aan afgetredenes in finansiële nood?
- Hoe moet praktyk-teoretiese riglyne vir die berading van afgetredenes in finansiële krisis daar uitsien wat beide berader en beradene sal bemagtig om die probleem van 'n verminderde gevoel van eiewaarde te hanteer op grond van die Bybelse perspektief op ons waarde en identiteit?

1.6 Doelstelling en doelwitte

1.6.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is 'n beter verstaan van die oorsake, omvang en uitwerking van finansiële trauma na aftrede en hoe hierdie kennis kan bydra tot 'n holistiese benadering in die pastorale versorging van afgetredenes in finansiële nood.

1.6.2 Doelwitte

Die spesifieke **doelwitte** wat daaruit voortvloei, is die volgende:

- Om vas te stel watter nuwe insigte in hierdie verband, as resultaat van 'n empiriese ondersoek, na vore gekom het.
- Om te bepaal in watter mate die aangrensende wetenskappe nuwe lig kan werp op die kwessie van afgetredenes en ouer mense in finansiële nood met die oog op pastorale versorging wat fokus op die herstel van eiewaarde.
- Om die insigte wat die Skrif in verband met ons identiteit, werk en ouderdom bied, te ondersoek.
- Om 'n gevolgtrekking te formuleer wat as basis kan dien waarop riglyne vir die pastorale berading van afgetredenes, wat weens finansiële trauma 'n negatiewe persepsie van eiewaarde ervaar, gebaseer kan word.

1.7 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument is in watter mate die Bybelse perspektief op ons identiteit as grondslag kan dien vir die pastorale begeleiding van afgetredenes wat weens die trauma van finansiële nood 'n verminderde gevoel van eiewaarde ervaar.

1.8 Navorsingsmetodologie

Oorhoofs word die navorsing aangepak volgens die vier momente van Osmer se model (2008:4-12), naamlik:

- **die beskrywend-empiriese taak:** wat is die situasie tans?

Hierdie taak behels die insameling van data deur semi-gestruktureerde onderhoudvoering met afgetredenes wat finansiële trauma ervaar, die invul van 'n vraelys deur afgetredenes oor 'n wye spektrum wat hul huidige situasie weerspieël en twee selfevalueringsvorme (Rosenberg Self-esteem Scale [RSES] en die geriatrisse depressieskaal (GDS), gesprekke met leraars wat pastorale hulp aan ouer lidmate verleen, maatskaplike werkers verbonde aan BADISA (die barmhartigheidsdiens van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Verenigde Gereformeerde Kerk), die voorsitter van Solidariteit se Helpende Hand-organisasie, Hermanus, wat met hulpverlening aan die weerloses gemoeid is, die hoof van die plaaslike ouetehuis, pas-afgetredenes wat tans finansiële sekuriteit geniet, die voorsitter van die plaaslike gemeente se Diens van Barmhartigheidskommissie en die plaaslike algemene praktisyn wat meesal afgetrede pasiënte bedien. Meer inligting oor RSES, GDS, BADISA en Helpende Hand kan met behulp van die volgende skakels gevind word:

www.yorku.co/rokada.psychtest/rosenbrg/pdf

http://consultgerirn.org/uploads/File/trythis/try_this_4.pdf

www.badisa.org.za

www.helpendehand.co.za

- **die interpreterende taak:** waarom is die situasie so?

Ten einde 'n antwoord op hierdie vraag te vind word 'n literatuurstudie, wat die probleem vanuit 'n ekonomiese, maatskaplike en psigososiale perspektief beskou, gedoen in 'n poging om te bepaal wat aanleiding gegee het tot die huidige situasie. Indringende gesprekke is ook gevoer word met versorgers en betrokkenes by instansies wat omsien na verarmde ouer mense omsien, sowel as met respondente wat hulle bereid verklaar het om te praat oor dit wat hulle as die oorsake van hul finansiële nood beskou.

- **die normatiewe taak:** wat behoort die situasie te wees?

Hierdie studie is volgens Skrifgefundeerde beginsels aangepak (Collins 2005:4-6; De Klerk & Van Rensburg 2005:3-10). Dit volg dus dat die normatiewe taak hand

aan hand loop met basis-teoretiese perspektiewe. Osmer (2008:4) beskryf die normatiewe taak soos volg:


Using theological concepts to interpret particular episodes, situations or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practice.

Hy verwys verder na “*prophetic discernment*” wat ten doel het “*both divine disclosure and the human shaping of God’s Word*” (Hanekom & Rousseau 2013:7). Tydens die normatiewe fase word nagegaan na wat die Woord van God in die huidige situasie vir ons sê. Dit volg dus dat norme in ooreenstemming met Skrifbeginsels en -uitsprake in hierdie studie geformuleer sal word.

In die proses van eksegetiese woord gebruik gemaak van *The Matthew Henry Commentary* (Church 1960), Van Rensburg en Nel (2009), *Die Bybel Verklaar* (Van Zyl *et al* 1993), König (2006), Mounce en Mounce (2008) en De Klerk en Van Rensburg (2005).

- **die pragmatiese taak:** hoe kan ons op die bestaande situasie reageer?

Die beantwoording van hierdie vraag vereis ‘n holistiese benadering tot die probleem. ‘n Strategie moet geformuleer word waarvolgens die uitkringende effek van finansiële krisis na aftrede benader kan word met die oogmerk om, in die proses van hulpverlening, die beradene se menswaardigheid te alle tye te respekteer en sy/haar gevoel van eiewaarde te herstel. Grafies kan die vloei tussen die verskillende take soos volg voorgestel word (Osmer 2008:11):



1.9 Etiese oorwegings

Riglyne ten opsigte van die beskerming van anonimiteit en toestemming dat inligting vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word, soos voorgeskryf deur die Navorsingsetiek Regulatoriese Komitee (NERK) en Navorsingsetiekkomitees (NEK's) van die Noordwes-Universiteit in die Handleiding vir Meestergraad- en Doktorale studie (2013:26-28), is gevolg.

1.10 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling geskied aan die hand van die onderskeie take volgens Osmer (2008:4).

AFDELING A: Inleiding

Hoofstuk 1

Oriëntering en probleemstelling

AFDELING B: Die beskrywend empiriese taak

Hoofstuk 2

'n Empiriese ondersoek na die verskynsel *finansiële krisis na aftrede* en die uitwerking daarvan op eiewaarde.

AFDELING C: Die interpreterende taak

Hoofstuk 3

Verklaring van die verskynsel *finansiële krisis na aftrede* en die effek op eiewaarde deur gebruikmaking van die aangrensende wetenskappe.

AFDELING D: Die normatiewe taak

Hoofstuk 4

Skrifperspektiewe op die tema *ons identiteit, werk, aftrede en eiewaarde*.

AFDELING E: Die pragmatiese taak

Hoofstuk 5

Die formulering van praktyk-teoretiese riglyne met betrekking tot die pastorale begeleiding van afgetredenes en bejaardes wat verminderde eiewaarde ervaar te midde van finansiële krisis.

AFDELING F: Slot

Hoofstuk 6

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere navorsing

1.11 Skematiese voorstelling

Die volgende tabel stel die verband tussen probleemstelling, doelstelling en doelwitte en metodologie voor:

Tabel 1.1: Verband tussen probleemstelling, doelstelling en doelwitte en metodologie

Probleemstelling	Doelstelling en doelwitte	Metodologie
Watter nuwe insigte het op grond van 'n empiriese ondersoek na vore gekom in verband met die verskynsel van finansiële krisis na aftrede?	Om vas te stel of nuwe insigte met betrekking tot hierdie verskynsel voortgespruit het uit die empiriese ondersoek.	Vraelyste, self-evalueringsvorme deur respondente ingevul, semi-gestruktureerde gesprekke, indringende gesprekke met persone en instansies betrokke by die versorging van afgetredenes in finansiële nood.
Hoe kan die verklaring van die verskynsel van finansiële krisis na aftrede vanuit die aangrensende wetenskappe bydra tot die pastorale versorging van afgetredenes in finansiële nood?	Om te bepaal hoe die verklaring wat die aangrensende wetenskappe bied oor die verskynsel <i>finansiële krisis na aftrede</i> kan bydra tot pastorale sorg aan afgetredenes in finansiële nood.	Literatuurstudie vanuit die aangrensende wetenskappe met die doel om relevante inligting en die verklarings wat dit bied, te bestudeer.
Watter Skrifgefundeerde insigte kan verkry word vanuit 'n basis-teoretiese studie sowel as pastorale literatuur met betrekking tot die tema <i>ons identiteit, werk, aftrede en eiewaarde</i> ?	Om insig te verkry vanuit die Skrif en pastorale literatuur met betrekking tot ons identiteit, werk, aftrede en eiewaarde aan die hand van 'n basis-teoretiese studie.	Eksegese aan die hand van spesifieke Skrifdele en die bestudering van pastorale literatuur.

<p>Kan 'n gevolgtrekking geformuleer word as basis vir die pastorale versorging van afgetredenes in finansiële nood?</p>	<p>Om te poog om 'n gevolgtrekking te formuleer wat as basis kan dien vir die pastorale versorging van afgetredenes wat finansiële nood ervaar.</p>	<p>Op grond van die insigte verkry uit die interpreterende en normatiewe perspektiewe, is gepoog om 'n gevolgtrekking te formuleer wat as basis kan dien vir die pastorale versorging van afgetredenes in finansiële nood.</p>
--	---	--

---oOo---

HOOFSTUK 2

‘N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VERSKYNSEL VAN FINANSIËLE KRISIS NA AFTREDE EN DIE UITWERKING DAARVAN OP EIEWAARDE

2.1 Inleiding

Empiriese navorsing en ondersoek berus op die beginsel dat die navorser inligting insamel deur ervaring, waarneming of eksperimentering. Die doel van ‘n empiriese ondersoek is vierledig, naamlik dat die navorser

- verder gaan as die blote rapportering van waarnemings
- ‘n omgewing vir ‘n beter verstaan van die situasie bevorder
- uitgebreide navorsing met spesifieke gevallestudie(s) kombineer
- ‘n teorie as relevant bewys deur in ‘n werklikheidsomgewing te werk (konteks) (Explorable.com 2009)

Die teenwoordigheid van vooronderstellings en onderliggende teorie dwing navorsers om te besin oor die invloed wat hul eie perspektiewe of paradigma of werklikheidsbeskouing uitoefen wanneer hulle antwoorde op sleutelvrae verstrek (De Wet & Pieterse 2012:16).

Volgens Musa (2013:41) dien metateorie, paradigma en teorie as rigtingwysers vir die navorsingsproses. Osmer (2008:58) se definisie van ‘n metateorie lui soos volg: *A metatheoretical perspective, thus is composed of the assumptions about reality, knowledge and science that transcends particular research projects and theories.* Die gebruik van die woorde “*thus*” (dus) en “*assumptions*” (aannames) dui op die twyfel wat in die sosiale wetenskappe ontstaan het oor die akkuraatheid van feite wat deur direkte waarneming vasgestel word.

Die term “paradigma” het sy oorsprong in die Griekse woord *paradeigma* wat beteken model (*pattern/example*) (Online Etymology Dictionary). Die term is in 1962 deur Thomas Kuhn in sy boek *The Structure of Scientific Revolutions* gebruik om te verduidelik dat wetenskap nie progressief ontwikkel namate nuwe idees akkumuleer nie, maar dat dit as’t ware periodiek “ontplof” wanneer nuwe, rewolusionêre kennis ‘n nuwe denkwysie en benadering – ‘n paradigmaskuif – by ‘n groep wetenskaplikes tot gevolg het (thwink.org). Later het hy wel erken dat die proses moontlik ook meer

geleidelik kan plaasvind. Kuhn was van oortuiging dat totale objektiwiteit nie bestaan nie maar dat alle interpretasie op enige vakgebied altyd vanuit vooropgestelde idees en aannames geskied (Shuttleworth 2008). 'n Paradigma beheer nie die vakgebied nie, maar eerder 'n groep praktisyns in hierdie vakgebied wat 'n bepaalde raamwerk as meer belowend beskou as ander raamwerke (Mouton 1993:69, 71).

'n Paradigma bepaal, volgens Kuhn

- dit wat waargeneem en ondersoek moet word
- die tipe vrae wat veronderstel is om gevra te word met betrekking tot die onderwerp
- hoe hierdie vrae gestruktureer moet word, en
- hoe die resultate van wetenskaplike navorsing geïnterpreteer behoort te word (thwink.org).

Waar die navorser nie 'n paradigma nomineer nie, is daar ook geen basis vir die metodologie, keuse van literatuur of navorsingsontwerp nie (Mackenzie & Knipe 2006). De Wet en Pieterse (2012:18) stel dat by die afwesigheid van "'n uitdruklike verantwoording ten opsigte van die metateoretiese onderbou van die werklikheidsbeskoulike vertrekpunte waarmee gewerk word", die navorser nie sy/haar taak doelgerig kan aanpak nie.

'n Teorie poog om 'n spesifieke verskynsel te voorspel of te verduidelik. Bailey, soos aangehaal deur De Vos en Strydom (2011:37) maak die stelling dat "[a] *statement that does not seek to explain or predict anything is not a theory.*" Hierdie stelling bevat die eerste kenmerk van 'n teorie. Die tweede kenmerk van 'n teorie is dat dit toetsbaar is.

2.2 Doelstelling van die hoofstuk


Osmer se deskriptief-empiriese taak het ten doel om 'n antwoord te probeer vind op die vraag: "Wat is besig om te gebeur?" (*What is going on?*). Hierdie taak vereis dat inligting ingesamel word in 'n poging om "die patrone en dinamika van spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei en te beskryf." (De Klerk, De Wet & Pieterse 2012:74) Die navorser neem waar en luister sonder vooropgestelde idees en vooroordele. Osmer verwys hierna as "priestly listening in a spirituality of

presence” (Osmer 2008:33). Uit die inligting wat ingesamel is, kan ‘n beeld gevorm word van die situasie sonder dat die data geïnterpreteer word (Letsosa 2012:222).

2.3 Die heersende situasie met betrekking tot afgetredenes in finansiële krisis

Die wêreldbevolking het oor die afgelope ongeveer eenduisend vyfhonderd jaar teen ‘n duiselingwekkende tempo toegeneem, soos geïllustreer deur die onderstaande tabel:


Tabel 2.1: Groei in wêreldbevolking deur die geskiedenis heen



Bron: Global Sustainability Curriculum & Teacher PD

Wanneer die tabel wat die demografiese verandering in bevolkingsgroei oor dieselfde tydperk aandui (Tabel 2.2) met Tabel 2.1 vergelyk word, blyk duidelik dat hierdie groei nie aan ‘n toename in die geboortesifer toegeskryf kan word nie.

Tabel 2.2 Demografie van bevolkingsgroei deur die geskiedenis heen




Bron: Wikipedia

Verskeie faktore speel 'n rol in die huidige bevolkingsgroei wêreldwyd (fase 4), naamlik (a) 'n groot basis, toe te skryf aan die groot aantal “baby boomers” (mense gebore tussen 1946 en 1964), (b) die verouderende mensdom wêreldwyd en (c) 'n laer sterftesyfer (World Population Growth n.d. 16-17). Veral in die ontwikkelde lande is hierdie tendens duidelik waarneembaar. Hoewel teen 'n stadiger tempo, beweeg ontwikkelende lande in dieselfde rigting. 'n Interaktiewe grafiek wat hierdie tendens globaal, in ontwikkelde en in ontwikkelende lande onderskeidelik illustreer, verskyn op <http://www.prb.org/Publications/Articles/2011/agingpopulationclocks.aspx>

Die volgende tabel dui die lewensverwagting aan by geboorte en na bereiking van ouderdomme 65 en 75. Die grootste aantal sterftes kom tussen geboorte en ouderdom 65 voor. Na 65 is die lewensverwagting 'n verdere 17 jaar met 'n lewensverwagting van nog 12 jaar na bereiking van ouderdom 75. Dit illustreer die toenemende aantal mense ouer as 65 wêreldwyd.

Tabel 2.3 Lewensverwagting by geboorte, op ouderdom 65 en ouderdom 75



Bron: Annenberg Learner

Navorsingsresultate wat in die Verenigde Nasies-publikasie “*World Population Aging*” (2013:xiii) gepubliseer is, dui daarop dat hoewel ouer mense in die meeste OECD-lande (*Organisation of Economic Co-operation and Development*) oor die algemeen voldoende steun ontvang van maatskaplike beskermingsdienste (*social protection services*), die armoedesyfer onder afgetredenes steeds hoër is as die bevolkingsgemiddeld.

Tydens 'n opname wat in 2014 deur Sanlam gedoen is, is bevind dat slegs 13% van respondente hul lewenstandaard na aftrede kon handhaaf (Pickworth 2014). Volgens Cameron en Heystek (2000), soos aangehaal deur De Beer (2011:808), het werknemers en werkgewers se bydrae tot aftreefondse dieselfde gebly, ongeag die hoër lewensverwagting. Dit bring mee dat afgetredenes hulle al meer in 'n situasie bevind waar hulle hul aftreefondse oorleef (Brunsdon & Lotter 2008:296). In hierdie verband waarsku Dychtwald (1999:173) met betrekking tot dieselfde situasie in Amerika:

Even if government entitlements continue, the current approaches to financing retirement will fail for the boomer generation. Too many people, living too many years and having saved far too little, will place increasing tax demands on smaller working generations.

Dychtwald het in daardie stadium voorspel dat die gemiddelde Amerikaner van die een en twintigste eeu meer jare sal bestee aan die versorging van hul ouers as wat hulle bestee het aan die versorging van hul kinders. Op daardie stadium was 22 miljoen Amerikaners reeds op 'n daaglikse basis betrokke by bejaardesorg terwyl die verwagting was dat die syfer binne twee dekades sou verdubbel (Dychtwald 1999:80). Volgens AARP het hierdie syfer in 2009, een dekade later, toegeneem tot 42 miljoen (Dugas 2012).

Die finansiële probleme van afgetredenes word vererger deur die feit dat hulle 'n hoër inflasiekoers as die res van die bevolking ondervind, naamlik 15% teenoor die huidige inflasiekoers van 5,9%. Groot mediese uitgawes is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Een uit elke vier Transnet-pensioenarisse leef tans op minder as R2 000,00 per maand (Strydom 2013). Die BankserAfrica se Pensioenindeks het bekend gemaak dat net 18% van mense bo die ouderdom van 60 afhanklik is van private pensioene, terwyl die res afhanklik is van die regering se ouderdomspensioen van R1 350,00 per maand (Van Rooyen 2015:20). Hierdie bedrag is op 1 April 2015 verhoog na R1 410,00 per maand. In 2012/13 het 16,1 miljoen mense maatskaplike toelaes van die staat ontvang, 'n syfer wat na verwagting sal toeneem tot 17,1 miljoen in 2015/16 (Clark 2013). Dit maak Suid-Afrika die vrygewigste welsynstaat in die wêreld, 'n situasie waarvoor ekonome dit eens is dat dit nie volhoubaar is nie (Smit 2011). Terselfdertyd is die staatsubsidie aan ouetehuse sodanig besnoei dat hulle al meer moet steun op skenkings en finansiële hulp van

die kinders en familie van die inwoners, weldoeners en veral fondsinsamelingsprojekte. Die Inkomste- en Uitgawestaat wat deur me Annarie Nel, maatskaplike werkster verbonde aan BADISA te Hermanus (annarienel@gmail.com) aan die navorser beskikbaar gestel is, toon dat in die finansiële jaar 2013/14 slegs R881 202,00 aan subsidies ontvang is terwyl die uitgawes R10 298 369,00 beloop het, 'n subsidie dus van minder as 9%. Daarbenewens word die dienssentrum wat bekostigbare maaltye en ander noodsaaklike dienste aan ouer mense verskaf, volgens me Nel gereeld gedreig met verminderde subsidies indien hulle nie na wense presteer nie. Prestasie word gemeet aan die aantal mense wat van die dienste gebruik maak.

Syfers wat deur Helpende Hand vrygestel is, toon dat 63% van inwoners van die 77 wit plakkerskampe in Pretoria 60 jaar en ouer is (Solidariteit 2010:5). Volgens Solidariteit se navorsingsverslag oor wit bedelaars in Suid-Afrika wat in Januarie 2013 vrygestel is, ontvang slegs 26% van wit bedelaars 60 jaar en ouer 'n staatspensioen (Welthagen 2013:6).

In teenstelling met die negatiewe prentjie wat hierdie syfers en stellings skets, is ook bevind dat slegs 7% van blanke ouer persone in kroniese armoede leef (May 2003:14). Die syfer vir blanke arm mense is 0,8% van die bevolkingstotaal (Statistics South Africa 2014). Oor die afgelope dekade het 5% blankes maatskaplike toelaes ontvang, die laagste persentasie van enige bevolkingsgroep (Holmes 2014). SAPA berig op 3 Februarie 2015 dat Mnr Pali Lehohla, statistikus-generaal, bekendgemaak het dat die voedselarmoedelyn in Suid-Afrika tans R26,00 per dag per persoon is. Hierdie syfer is bykans dubbel die internasionale uiterste-armoedelyn van R14,00 per dag. Volgens hierdie verslag het 'n individu in 2015 R501,00 per maand nodig om te oorleef. Indien nie-voedselitems aangekoop moet word, moet voedselitems daarvoor opgeoffer word. Geen melding word gemaak van die koste van verblyf, water en elektrisiteit nie.

Die persentasie mense wat hul bejaarde ouers finansiële ondersteun, die bevindinge van Sanlam, BankserAfrica, Helpende Hand en 'n opname in die VSA wat getoon het dat 40% van mense wat kwalifiseer vir staatstoelae nie daarvoor geregistreer is nie (Krause 1996:666), versterk me Nel se twyfel oor die geloofwaardigheid van die syfer van 5% as 'n maatstaf vir armoede onder blankes. In 'n persoonlike gesprek op 18 Februarie 2015 het sy gesê: "Hier by ons is ons bewus van ouer mense wat finansiële hulp dringend nodig het, ons sien hulle oral, maar hulle sal eerder honger

ly voordat hulle kom aanklop vir hulp.” Beide trots en onkunde oor die kriteria waarvolgens staatstoelae toegeken word, weerhou baie blanke ouer persone daarvan om aansoek te doen daarvoor.

2.4 Beperktheid van die studie

Die navorser wil dit duidelik stel dat hierdie ondersoek hoegenaamd nie verteenwoordigend is van die breë gemeenskap in Suid-Afrika nie. Ter wille van betroubare en geloofwaardige gevolgtrekkings, is die ondersoek doelbewus beperk tot die blanke bevolking wat, uit die aard van hul kulturele, ekonomiese en sosiale verwysingsraamwerk 'n hoë premie plaas op beplanning met die oog op finansiële onafhanklikheid en gemoedsrus na aftrede.

2.5 Die konsep *afrede*

Aftrede is geen eenvoudige saak nie. Benewens 'n verskeidenheid van redes vir aftrede, bestaan daar ook verskillende vorme van aftree-inkomste, elk met 'n eie stel reëls en voorwaardes. Geslag, sosiale status (*social class*), of aftrede vrywillig of gedwonge plaasgevind het, op watter ouderdom dit plaasgevind het, die emosionele ingesteldheid teenoor aftrede, verhoudings, die finansiële posisie sowel as die algemene gezondheidstoestand van die afgetredene is faktore wat bydra tot die kompleksiteit van hierdie lewensfase. *“Given these sources of variety, it is obviously ill advised to speak of retirement as a single type of transition that has only a narrow range of effects.”* (Atchley 1982:121)

'n Kort oorsig oor die geskiedenis van aftrede sal hierdie sosiale instelling in konteks plaas en meer lig werp op die vooroordeel wat daar teenoor ouer werknemers bestaan. Vervolgens word ook die toekoms van aftrede, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika, bespreek. Daaruit sal blyk dat dit dwingend noodsaaklik geword het dat die aftreebeleid hersien moet word as een van die maniere waarop die finansiële posisie van 'n groot groep ouer mense verbeter kan word.

2.5.1 Kort historiese oorsig

Die konsep *afrede* is 'n relatief moderne verskynsel wat sy beslag gekry het tydens die industriële rewolusie aan die einde van die agtiende eeu (De Beer 2011:805).

Voor hierdie tydperk het ouer mense dikwels deel uitgemaak van 'n multi-generasie huishouding wat hul werk so lank as moontlik voortgesit het.

For farm families, older adults might turn in their plows and sickles for less physically demanding roles, such as making clothing, tending animals, teaching grandchildren, and working at all the myriad of tasks necessary to run a farm. Even in the city's factories, older adults worked, figuratively 'dying with their boots on' (Schaefer, 2010).

Weens die toenemende bedreiging van Marxisme, het Graaf Otto von Bismarck, Duitse Rykskanselier van die negentiende eeu, die besluit aangekondig dat werklose mense van 65 'n staatspensioen sou ontvang (RetirementEgg.com 2011). As praktiese en uitgeslape politikus het hy op 'n aftree-ouderdom besluit wat nie groot finansiële verpligtinge op sy land se belastingbelaters sou plaas nie. Siekte en beserings het meegebring dat min mense hierdie ouderdom sou bereik (Müller & Stevens 2001:9).

Die industriële rewolusie en meganisering het hoër produktiwiteit vereis. Hande-arbeid is vervang met duur toerusting wat nuwe vaardighede vereis het. Jonger werknemers, wat ook goedkoper arbeid was, kon hierdie vaardighede vinniger bemeester. Verpligte aftrede was die aangewese meganisme om ouer werknemers uit te faseer. Fabriekseienaars het teen die vroeë 1900's 'n streng aftreebeleid toegepas om ontslae te raak van dié wat nog in diens was (MELP 2009#2).

Wanneer Atchley die verskillende perspektiewe op aftrede lys, noem hy dat vanuit die oogpunt van die werkgewer "*it (retirement) is a means of creating job turnover, reducing the size of the work force, or getting rid of undesirable employees, so defined either because of age prejudice or poor performance.*" (Atchley 1982:121)

Die vooroordeel teen ouer werknemers het baie duidelik neerslag gevind in 'n voordrag wat die wêreldbekende geneesheer, William Osler, in 1905 by die John Hopkins Hospitaal gelewer het:

the years between 25 and 40 in a worker's career are the '15 golden years of plenty. He called that span 'the anabolic or constructive period.' Workers between ages 40 and 60 were merely uncreative and therefore tolerable. He hated to say it, because he was getting on, but after age 60 the average worker was 'useless' and should be put out to pasture. (Weisman, 1999)

Na die groot depressie van die 1930's is dit aan ouer werkers voorgehou dat dit hul burgerlike plig is om plek te maak vir jonger werknemers. Maar die Tweede Wêreldoorlog het 'n era ingelei waarin almal, oud, jonk, mans, vroue, weer verseker was van werk, 'n situasie wat vinnig verander het toe miljoene na die oorlog teruggekeer het van Europa en Asië. Ouer werknemers en vroue moes plek maak vir die jongeres. Dit is beskou as die patriotiese ding om te doen (MELP 2009#4). Schaefer (2010) skryf dat 'n geslag met 'n sterk werksetiek hulle skielik identiteitloos in 'n niemandsland bevind het. Dit het daartoe gelei dat die arbeidsleier Walter Reuther in 1949 die uitdrukking "*too old to work, too young to die*" geskep het. Die term *Senior Burger* is gemunt in 'n poging om die angel uit die term "aftrede" te haal. Dit sou verwys na 'n volwasse, verantwoordelike, gedissiplineerde persoon wat sy of haar plek binne (of eerder, buite) die samelewing ken. Versekeringsmaatskappye het onmiddellik die potensiaal vir nuwe produkte benut wat voorsiening sou maak vir aftrede vry van finansiële bekommernisse. 'n Magdom tydskrifte en organisasies het die lig gesien wat die lof, vreugdes en meriete van aftrede besing het (MELP 2009#4). Die arbeidsmark en die regering het kragte saamgesnoer om aftrede te definieer, te populariseer en te verromantiseer:

Work was for the young, they proclaimed to older citizens. After years of hearing 'Idle hands are the devil's workshop,' older workers were now bombarded with a new message expounding on the joys of leisure. Retirement was not a tool for pushing aside older workers. It was a well-earned reward for years of dedicated service! (MELP 2009#3)

Ouer mense wat nie kon of wou aftree nie en liever wou aanhou werk, is beskou as wanaangepas, onvolwasse of onverantwoordelik. In 1960 loods Dell Webb 'n briljante bemarkingsveldtog om 'n eksklusiewe gemeenskap van afgetredenes te skep wat "*fun in the sun*" aan ouer volwassenes belowe. "*Sun City was billed as a place to live out the 'Golden Years' in style. Webb touched a nerve with a population that was floundering with an identity crisis.*" (Schaefer 2010)

Die indoktrinering het begin vrugte afwerp. Teen die laat 1960's het Amerikaners die vooruitsig van aftrede ten volle geassimileer. "*Slowly but surely people stopped conceiving of work as a desirable or realistic alternative to retirement. Older people even learned to love the idea. Of course, they really had no other choice.*" (MELP 2009#4)

2.5.2 Die toekoms van aftrede met spesifieke verwysing na Suid-Afrika

Die laaste van Erik Erikson, bekende sielkundige en psigoanalisis, se agt lewensfases staan bekend as die “*mature stage*”, ‘n fase wat weens die huidige hoër lewensverwagting, tot 50 jaar kan duur (Elledge-Volker 2011:61). Die finansiële druk wat die geweldige toename van mense in hierdie fase op die staat en die belastingbetalers plaas, het belanghebbendes oor die afgelope dekades gedwing om die aftreebeleid in heroorweging te neem. Die toekomskundige, Glen Hiemstra, het reeds in 1995 en weer in 1999 daarop gewys dat die konsep van aftrede doelbewus gepropageer en toegepas is om jonger werknemers te akkommodeer. Hy was in daardie stadium van mening dat “*the 21st Century will see a great re-invention of the third phase of life, away from classic retirement.*”

In *The Daily Maverick* (12 Jan 2014) voeg Johann Redelinghuys sy stem by diegene wat betoog vir die skraping van die konsep *aftrede*. “*The notion that retirement should start for everyone by the time they are 65 years old seems arbitrary and such a one-size-fits-all regulation is out of touch with current thinking.*” Die ekonoom Dawie Klopper, verbonde aan PSG Konsult, skaar hom by dié kamp wat sê “dat as ‘n mens by ouderdom 55 kom, jy nie daaraan moet dink dat jou aftrede 5 jaar ver is nie, maar jy moet begin dink aan die tweede helfte van jou loopbaan.” (Klopper 2013) Müller is van mening dat die “*Baby Boomers* ‘n ‘epidemie’ van langlewendheid veroorsaak wat ons voorsiening vir bejaardes ernstig gaan beproef.” (Müller 2013a)

Müller het verder bevind dat die meeste lande in Europa ernstige pogings aanwend om die aftreeouderdom te verhoog tot 68. In Amerika is die *de facto* aftreeouderdom tans 70. Volgens hom het heelwat van die *Fortune 500*-maatskappye ‘n kwotastelsel aanvaar om te verseker dat genoeg werknemers ouer as 70 in die werkplek bly. “*However, South Africa, like Europe and America did fifty years ago, are still trying to persuade people with a mixture of bullying and financial incentives to retire at sixty or sixty five.*” (Müller 2013b:6)

2.6 Metodologiese verantwoording

Die navorser benader hierdie ondersoek uit die oortuiging dat die Skrif die geïnspireerde Woord van God is (2 Tim 3:16) waardeur Hy sy genade aan ons openbaar (Joh 1:16-18), sy verlossingsplan in Christus bekendmaak (Ef 1:7-10) en die waarde van die mens vir God bevestig (Gen 9:6). Ten einde egter ‘n volledige

basisteoretiese gevolgtrekking te formuleer vir die begeleiding van afgetredenes wat lae eiewaarde ervaar weens finansiële nood, moet die insigte verkry vanuit 'n empiriese ondersoek, wat ook die aangrensende wetenskappe insluit, geëvalueer en waar moontlik, geïntegreer word.

In die beskrywend-empiriese taak, die eerste van Osmer se vier take van Praktiese Teologie, gaan dit om die insamel van inligting wat lig sal werp op “patrone, dinamika en spesifieke episodes, situasies of kontekste” (De Klerk, De Wet & Pieterse 2012:74). Dit is wenslik om die taak te benader van die oogpunte van beide 'n “insider” en 'n “outsider” te wees. Die navorser word 'n “insider” weens sy/haar betrokkenheid, maar moet buite die situasie tree om dit vanuit die oogpunt van 'n buitestaander te ondersoek. Dit vereis dat alle vooropgestelde idees, interpretasies en gevolgtrekkings ter syde gestel moet word (Letsosa 2012:222). Hans-Georg Gadamer verklaar egter dat vooroordeel onvermydelik is by die proses van verstaan. Beide die een wat luister en die een wat vertel se interpretasie van 'n situasie is ingebed in 'n eie voorverstaan (*pre-understanding*). In sy boek *Truth and Method* (1975) argumenteer Gadamer dat mense oor 'n “histories-geaffekteerde” bewussyn beskik wat daartoe lei dat ons 'n teks interpreteer op 'n wyse wat verskillende horisonne van verstaan saamvoeg tot iets wat by ons eie vooropgestelde idees inpas (Kaiser & Silva 2007:31). “Ons kan (en moet) die vooroordele egter verdiep en korrigeer deur afstand te neem en ons vooroordele te toets.” (De Klerk, De Wet & Pieterse 2012:78) 'n Bewuswees van hierdie voorverstaan skep die klimaat vir 'n nuwe verstaan:

New understanding emerges when scholars are open to hermeneutical experiences in which they become aware of the preunderstandings with which they begin their interpretative activity and are willing to put them at risk in a dialogical encounter with the objects, people, or texts they are interpreting. (Osmer, 2008:23)

Osmer gebruik die term “*priestly listening*” wanneer hy verwys na die openheid waarmee die navorser luister na dit wat gebeur in die lewe van individue of groepe. Dit kan op formele, informele of semiformele wyse geskied. Hy gee egter voorkeur aan die formele wyse wat hy omskryf as die ondersoek van spesifieke gebeure, situasies en kontekste deur middel van empiriese navorsing (Osmer: 2008:34-38).

In die soeke na die antwoord op die vraag “Wat is besig om te gebeur?” moet ook altyd rekening gehou word met die werklikheid van God se teenwoordigheid. Die beskrywing van die situasie wat met die fisiese oog en oor waargeneem word, lei tot ‘n beskrywing van dit wat deur die geloofsoog en –oor waargeneem word oor God se teenwoordigheid in die situasie (De Klerk 2012:242, 243).

2.7 Navorsingsontwerp en navorsingsmetode

Babbie, soos aangehaal deur Fouché, Delpont en De Vos (2011:142) beskryf ‘n navorsingsontwerp as besluite ten opsigte van die onderwerp wat bestudeer gaan word, onder watter groep dit bestudeer gaan word, watter navorsingsmetodes gebruik gaan word en wat die einddoel is. Volgens Ruben en Babbie (2001:107) het ‘n navorsingsontwerp twee konnotasies, naamlik dat dit enersyds verwys na ‘n stap in die navorsingsproses en andersyds na die breë beplanning daarvan. Dit kan beskou word as die meesterplan wat die hoofpunte van die navorsingsprojek bevat. Volgens Mouton (1996), soos aangehaal deur Thomas (2010:308), is die funksie van ‘n navorsingsontwerp “*to plan, structure and execute the research to maximize the validity of the findings.*”

Die navorsingsmetode verwys na die strategie wat gevolg gaan word tydens die ondersoek. Die kenmerk van ‘n goeie navorsingsmetode is volgens Kumar (2005), soos aangehaal deur Fouché en Delpont (2011:109, 110), dat dit die detail so duidelik uiteensit dat enige persoon wat dieselfde metode wil gebruik, dit presies so sal kan uitvoer.

2.7.1 Navorsingsontwerp

Daar bestaan ‘n hele aantal navorsingsontwerpe. Hoewel daar op verskeie maniere tussen hierdie ontwerpe onderskei word, behels die mees algemene klassifikasie ‘n onderskeid tussen die kwantitatiewe en die kwalitatiewe (Thomas 2010:301). MacKenzie en Knipe (2006) is van mening dat die terme “kwantitatief” en “kwalitatief” in die literatuur op twee maniere gebruik word, naamlik (1) om te verwys na die navorsingsparadigma of (2) om te verwys na die navorsingsmetodes. Ter staving haal hulle die volgende definisie van McMillan en Schumacher (2006) aan:

At one level quantitative and qualitative refers to distinctions about the nature of knowledge: how one understands the world and the ultimate purpose of the research. On another level of discourse, the terms refer to research methods

– *how data are collected and analysed – and the type of generalizations and representations derived from the data.*

Belangrike verbande bestaan tussen die kwantitatiewe navorsingsmetode en die positivistiese enersyds en die kwalitatiewe metode en die humanistiese andersyds. Sleutelbegrippe van die positivistiese is “veralgemeenbaarheid, objektiwiteit as neutraliteit, meetbaarheid, kwantifiseerbaarheid, feitlikheid, waarneembaarheid, eksaktheid, kontrole, herhaalbaarheid.” By die humanistiese is die sleutelbegrippe “verstaan, begrip, betekenis, objektiwiteit as inter-subjektiwiteit, handeling as konseptuele verskynsels.” (Mouton 1983:128) Op grond van hierdie verskille sal bepaalde tegnieke dan ook voorkeur geniet. Waar die kwantitatiewe model byvoorbeeld voorkeur gee aan gestruktureerde vraelyste, eksperimente, kwantitatiewe inhoudsontleding, psigofisiese en sosiometriese tegnieke, verkies die kwalitatiewe model oop vraelyste en indringende onderhoude, deelnemende waarneming, optekens van lewensverhale, kategorie sisteme ens.

In sy navorsing het Thomas (2010:301-304) bevind dat die kwantitatiewe metode aanvanklik ontwerp is om verskynsels in die natuurwetenskappe te bestudeer terwyl die kwalitatiewe metode ontwerp is om navorsing te doen oor sosiale en kulturele gebeure in die sosiale wetenskappe. Wanneer die kwantitatiewe metode gebruik word, kan ‘n enkele gebeure gemeet word deur prosedures wat vooraf bepaal word. Hierdie metode is deduktief van aard en is dus gemoeid met bewyslewering van ‘n vooraf geformuleerde hipotese. Die navorser is ‘n waarnemer of buitestaander wat nie deelneem aan of enige invloed uitoefen op die uitkoms van die navorsingsonderwerp nie. Volgens Kruger en Neumann, soos aangehaal deur Fouché en Delpont (2011:144), sluit die kwantitatiewe metode eksperimente, opnames en ontleding van data in. Die doel is drieledig, naamlik om te beskryf, te vergelyk en kousaliteit te bepaal (Stainback & Stainback 1988:317). Geldige resultate word deur die gebruik van statistiese metodes verkry (Delpont & Roostenburg 2011:171-205).

In teenstelling met die kwantitatiewe metode, vereis die kwalitatiewe metode meer as ‘n stel uitgewerkte formules. Die kwalitatiewe navorser is meer gemoeid met die verstaan (*verstehen*) van ‘n situasie as ‘n verduideliking deur gebruikmaking van waarneming eerder as gekontroleerde meting. Die navorser word deel van die groep, ‘n “*insider*” waar hy/sy hoofsaaklik ‘n buitestaander (*outsider*) bly in die kwantitatiewe navorsingsproses (Fouché & Schurink 2011:308). Thomas (2010:302)

haal Myers (2009) se stelling aan dat die kwalitatiewe navorsingsproses die navorser nie alleen help om mense beter te verstaan nie, maar ook die sosiale en kulturele kontekste waarbinne hulle leef. Hierdie siening word ook gehuldig deur Chanmugan en McRoy (2009) wat dié metode beskryf as holisties van aard met die hoofmerk om die sosiale lewe en die betekenis wat mense aan hulle daaglikse lewe heg, beter te verstaan.

Die gemengdemetode-benadering behels beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes waarvolgens data ingesamel, geanaliseer en geïntegreer word binne die bestek van een studie. Die ontwikkeling binne die navorsingsmetodologie het die grense tussen dié twee metodes laat vervaag. Oor die afgelope vyftien jaar het 'n groter waardering van die kant van die kwantitatiewe navorsers ontstaan oor die prosesse en tegnieke wat die kwalitatiewe navorsers gebruik om 'n besondere bydrae te lewer tot die proses van data-insameling (Mouton 1983:130). 'n Navorser kan byvoorbeeld aanvanklik 'n opname onder 'n groot aantal individue maak (kwantitatiewe metode) waarna dit opgevolg word deur gesprekke met 'n klein groepie om vas te stel wat hul beleving en weergawe van 'n bepaalde verskynsel of gebeure is (kwalitatiewe metode). In die proses word die voordele van beide "geslote-einde" kwantitatiewe data en "oop-einde" kwalitatiewe data gekombineer vir 'n beter verstaan van die navorsingsprobleem (Creswell 2003:22).

Vir die doel van hierdie studie is gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsmetode. Uit die aard van die sensitiwiteit van die onderwerp sal die keuse van hierdie metode duidelik word wanneer die mees algemene eienskappe van die kwalitatiewe navorsingsmetode oorweeg word:

- Data word in die omgewing waar die probleem ondervind word, ingesamel.
- Die navorser is die sleutelpersoon wat persoonlik data insamel deur dokumente te bestudeer, gedrag waar te neem en onderhoude met deelnemers te voer.
- Verskillende tipes data word ingesamel eerder as om staat te maak op 'n enkele bron.
- Die navorser fokus deurgaans op die betekenis wat die deelnemers heg aan die probleem of kwessie en nie op die betekenis wat die navorser daaraan heg of wat uit die literatuur blyk nie.

- Kwalitatiewe navorsing is 'n vorm van ondersoek waarin die navorser dit wat gesien, gehoor en verstaan word, interpreteer. Hierdie interpretasie kan nie geskei word van sy/haar eie agtergrond, geskiedenis, konteks en voorverstaan nie.
- Kwalitatiewe navorsers poog om 'n holistiese siening van sosiale verskynsels te ontwikkel.
- Die metode is ongestruktureerd weens die buigsaamheid en aanpasbaarheid daarvan.
- Die ondersoek berus dikwels op algemene navorsingsvrae eerder as op spesifieke hipoteses. Die groot hoeveelheid data wat van 'n klein groepie deelnemers versamel word, word verwerk tot 'n sinvolle samehang, gevolg deur 'n verbale beskrywing van die situasie wat bestudeer word.
- Op grond van die interaksie wat die navorser met deelnemers het, is die data dikwels meer subjektief van aard.
- 'n Kwalitatiewe studie is geneig om tot tentatiewe antwoorde of hipoteses te lei rakende dit wat waargeneem is. Dit vorm dan die basis vir verdere navorsing oor die onderwerp.
- Navorsers maak verskeie spesifieke waarnemings waarvan afleidings oor groter en meer algemene verskynsels gemaak word (induktiewe metode) (Creswell 2007:37-39; Leedy en Ormrod 2005:94-97; Kumar 2005:12).

Die onderwerp *finansiële nood na aftrede* is vir baie mense 'n sensitiewe kwessie waarvoor hulle nie graag praat nie. Diegene wat wel inwillig tot 'n gesprek, stel dikwels die vertroulikheidsaspek en anonimiteit as voorvereistes. In sommige gevalle het 'n tussenganger as sekondêre bron opgetree omdat die vertroulikheidsonderneming gehandhaaf moes word. Hier word verwys na die voorsitter van Helpende Hand, Hermanus, 'n maatskaplike werkster verbonde aan BADISA in die groter Hermanusarea, 'n maatskaplike werkster met 'n privaat praktyk te Onrusrivier en die voorsitters van die Diens van Barmhartighedsaksies van die Bredasdorp- en Struisbaai NG-Gemeentes.

2.7.2 Navorsingsmetode

Die beplanning, strukturering en uitvoering van wetenskaplike navorsing moet so geskied dat dit beantwoord aan die vereistes vir wetenskaplikheid, byvoorbeeld waarheid, objektiwiteit, betroubaarheid. Die objek van navorsing van hierdie studie,

naamlik die mens en aspekte van die mens, dwing die navorser tot “andersoortige metodologiese vereistes” as wat tipies geskik is vir die kwantitatiewe model (Mouton 1983:125).

2.7.2.1 Werkwyse vir data-insameling

Onderhoudvoering is die primêre metode vir data-insameling in kwalitatiewe navorsing. Die onderhoud is ‘n sosiale verhouding tussen navorser en deelnemer met die oog daarop om inligting uit te ruil. Die hoeveelheid en kwaliteit van die inligting wat in die proses bekom word, hang grootliks af van die insig, vaardigheid en sensitiwiteit van die navorser om die verhouding te bestuur. ‘n Belangrike komponent van die gesprek is dat die respondent deurgaans ervaar dat die inligting wat hy/sy verstrekk, verband hou met die onderwerp (Greeff 2011:342, 347). Vir die doel van hierdie studie is hoofsaaklik gebruik gemaak van een-tot-een gespreksvoering aan die hand van ‘n semigestruktureerde vraelys. ‘n Groepsgesprek oor die onderwerp van aftrede het ook plaasgevind wat opgevolg is deur een-tot-een gesprekke met ‘n klein aantal geselekteerde gespreksgenote. Uit die sewe tot wie die versoek gerig is, het net vier hulle bereid verklaar om ‘n persoonlike gesprek te voer.

2.7.2.2 Die etiese aspek

Verskeie professionele organisasies het ‘n aantal etiese kodes geformuleer om die regte van respondente en die gemeenskap asook die grense waarbinne navorsing moet geskied, te definieer. Weens die groot hoeveelheid navorsing wat oor die afgelope twee dekades gedoen is, het so ‘n geskrewe etiese kode noodsaaklik geword. Die volgende kan as riglyne vir navorsing in die sosiale wetenskappe beskou word:

- die moontlike gevolge van deelname aan ‘n navorsingsprojek vir respondente moet deeglik oorweeg word;
- daar mag geen twyfel bestaan oor die respondente se vrywillige deelname aan die projek nie, geen benadeling as gevolg van nie-deelname mag plaasvind nie en respek vir die privaatheid en waardigheid van respondente is ‘n vereiste;

- respondente moet beskerm word teen ongeregverdigde fisiese of geestelike ongemak, skade, gevaar of ontbering van enige aard;
- bespreking of evaluering van dienste of gevalle behoort slegs vir professionele doeleindes gedoen te word met die deelname of medewete van partye wat direk betrokke is;
- alle inligting wat van respondente verkry is, moet as vertroulik beskou word;
- die navorser behoort erkenning te gee aan die bydrae wat deur ander partye gemaak is ter uitvoering van die projek (Strydom 2011:127, 128)

Ten opsigte van sommige van hierdie aspekte, is die volgende rakende die etiese aspek van hierdie studie nagekom:

- *Ingeligte toestemming*: Die navorser het die deelnemers breedvoerig ingelig oor die doel, metodes en moontlike gebruik van die inligting wat ingesamel word;
- *Skade en risiko*: Die versekering is gegee dat niemand in 'n posisie geplaas sal word wat fisies of geestelik skadelik mag wees nie;
- *Eerlikheid en vertroue*: Die nakoming van alle etiese vereistes is streng toegepas;
- *Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid*: Respondente en deelnemers het die versekering ontvang dat anonimiteit en privaatheid deurgaans beskerm sal word deur enige identifiseerbare kenmerke (name, handtekeninge, telefoonnommers, adresse ens) van dokumentasie te verwyder voordat dit aan enige ander party beskikbaar gestel word.
- *Vrywillige deelname*: Dit is duidelik gestel dat deelname aan die studie slegs vir akademiese doeleindes geskied, hoewel bevindinge, met inagneming van bogenoemde etiese aspekte, moontlik in ander vorme gebruik mag word. Deelname is daarom absoluut vrywillig (Thomas 2010 :326).

2.7.2.3 Proses van data-insameling

'n Gesprek oor aftrede is in die plaaslike gemeente aangebied waarby 'n groep van 19 afgetrede lidmate ingeskakel het. Reklame vir hierdie gesprek het melding gemaak van onder andere die impak van finansiële probleme na aftrede. Die gesprek het plaasgevind op 24 September 2014 en is gefasiliteer deur die navorser en ds Franziska Andrag-Meyer (andrag-meyer@telkomsa.net) van die NG Gemeente Suidpunt. Die doel was om inligting te verstrek, geleentheid te bied vir vraesessies en groepsbesprekings en die invul van vraelyste en evalueringsoefeninge (aangeheg). Die etiese aspek soos uiteengesit, is met die aanvang van die gesprek hanteer. Op die eerste van die drie vorms wat respondente moes invul, het 'n nommer verskyn. Hierdie nommer het hulle dan ook op die ander twee vorms aangebring sodat dit na afloop van die gesprek deur die navorser met mekaar verbind kon word. Na ontleding van die gegewens is 'n beroep gedoen op dié deelnemers, wat skynbaar probleme ondervind, om met die navorser in verbinding te tree. Die nommers van die sewe deelnemers met wie opvolggesprekke versoek is, is weekliks vir vier weke in die gemeentebulletin gepubliseer. Slegs drie het gereageer. Opvolggesprekke is met hulle gevoer waarvan die resultate van twee gesprekke in 'n volgende afdeling bespreek word.

Persoonlike gesprekke is ook gevoer met drie respondente wat nie die aftreegesprek bygewoon het nie, maar wat aan die navorser bekend is dat hulle finansiële probleme ondervind. Inligting oor sewe ander gevalle is verkry van die Voorsitter van Helpende Hand, Hermanus, en van twee maatskaplike werksters, dr Erika Oosthuizen wat, benewens haar privaatpraktyk, ook verbonde is aan die NG Gemeente Onrusrivier en me Annarie Nel, verbonde aan die Dienssentrum te Hermanus. Die voorsitters van die Diens van Barmhartighedsaksie van die NG Gemeente Suidpunt (Struisbaai) en Bredasdorp is ook genader.

2.7.2.4 Keuse van respondente

Groot sorg is gedra dat respondente individue of egpare moes wees wat voor aftrede finansiële sekuriteit geniet het maar wat, weens onvoorsiene omstandighede, na aftrede in finansiële nood verkeer. Respondente is dus nie persone wat in kroniese armoede geleef het nie.

2.7.2.5 Die bydrae van die gespreksgroep

Die gespreksgenote oor aftrede het almal anoniem die Rosenberg Self-esteem Scale (RSES), die geriatrisiese depressieskaal (GDS) en 'n selfevalueringsvorm ingevul. Na bestudering van die data, het dit geblyk dat van diegene wat die geleentheid bygewoon het, slegs twee ernstige finansiële nood ervaar. Die ander vyf deelnemers wat genooi is vir 'n persoonlike gesprek, het eerder simptome van 'n lae selfbeeld en depressie getoon wat na ontleding van hul data, nie verband gehou het met finansiële probleme nie. Individue met wie persoonlike gesprekke gevoer is, het ook die RSES, GDS en selfevalueringsvorm ingevul. Omdat dit nie anoniem gedoen kon word nie, bestaan die moontlikheid dat nie alle vrae eerlik beantwoord is nie. Nietemin kon geen teenstrydighede bespeur word nie en 'n verdere gesprek oor sekere aspekte kon ook nie so 'n vermoede bevestig nie.

2.7.2.6 Motivering vir die keuse van vrae en toetse wat respondente afgelê het

Respondente se persepsie van eiewaarde vorm 'n belangrike komponent van hierdie studie. Die keuse van 'n betroubare meetinstrument was dus van kardinale belang. Die RSES is in 1965 ontwikkel en word meer gebruik as enige ander toets om individue van alle ouderdomme se persepsie van eiewaarde te meet. Respondente beantwoord die vrae deur een van vier moontlike opsies uit te oefen wat wissel van "Strongly agree" (Ja, beslis) tot "Strongly disagree" (Beslis nie). Die RSES word steeds meer gebruik as enige ander toets van hierdie aard.

The RSES has also received more psychometric analysis and empirical validation than any other self-esteem measure. Gray-Little (1997) concluded that the RSES is a reliable and valid measure of global selfworth and 'deserves it's widespread use and popularity.' (Robins, Hendin, Trzesniewski 2001:151)

Depressie kom algemeen voor onder mense van 65 jaar en ouer. In 2012 het 5 miljoen van die 31 miljoen Amerikaners in hierdie ouderdomsgroep aan depressie gely, hoewel dit nie as 'n normale deel van die proses van veroudering beskou word nie. Die verlies van werk, status en eiewaarde wat met aftrede geassosieer word, lei dikwels tot depressie (Gerdes 1986:11). Reitzes, Mutran en Fernandez (1996:654) het bevind dat werkendes met 'n goeie inkomste 'n afname in depressie ervaar. Terselfdertyd het hulle bevind dat aftrede 'n positiewe uitwerking het op eiewaarde

maar 'n negatiewe uitwerking op depressie. Atchley (1982:120) het bevind dat hoe mense aftrede ervaar, ten nouste saamhang met hul finansiële posisie. Collins (2005:242) beskou die finansiële probleme wat bejaardes dikwels ondervind, as 'n sterk oorsaak van depressie. Hy lys die probleme waarmee verarmde ouer mense te kampe het wat faktore insluit soos bekostigbare behuising, mediese uitgawes, die handhawing van 'n gebalanseerde dieet, vervoer en "die hantering van probleme rondom eiewaarde wat opduik wanneer mens al minder hulpbronne het en aansoek moet doen vir staatshulp."

Die verkorte GDS is in 1986 ontwikkel. Respondente beantwoord 15 vrae deur die antwoord te omkring wat die meeste ooreenstem met hoe hulle op daardie oomblik voel. Van hierdie 15 items dui 10 op die teenwoordigheid van depressie indien die antwoord daarop positief is. Die geldigheid en betroubaarheid van die toets word deur beide kliniese gebruik en navorsing gesteun. "*The GDS was found to have 92% sensitivity and 89% specificity when evaluated against diagnostic criteria.*" (Greenberg 2012)

'n Vraelys "My Huidige Situasië" bestaan uit 12 vrae waarop die respondent dié antwoord omkring wat die meeste ooreenstem met sy/haar situasie. Dit handel oor verhoudings, spiritualiteit, gesondheid, sosialisering, finansies en aktiwiteite. Die navorser is betrokke by afgetredenes oor 'n tydperk van bykans sewe jaar in 'n verskeidenheid van hoedanighede en rolle. Die veertien vrae op hierdie lys handel oor onderwerpe wat herhaaldelik na vore kom oor kwessies wat van groot belang vir afgetredenes skyn te wees (Vgl Collins 2005:251-252; Galay 2010; Bernard 2014; Bera 2014).

2.7.2.7 Struktuur van een-tot-een onderhoude

Onderhoudvoering is 'n metode van datainsameling wat, volgens Donalek (2005:124), 'n gedeelde reis is na 'n beter verstaan van 'n situasie met die navorser en die respondent as reisgenote. Beide partye is dus noodwendig en onvermydelik aktief betrokke by die taak van singewing (Holstein & Gubrium 1995:4). Alle onderhoude behels sosiale interaksie wat vereis dat die navorser rapport ('n goeie verstandhouding) met die respondent moet vestig ten einde die verlangde inligting te bekom (Greeff 2011:342-343).

Die keuse van navorsing het op ongestruktureerde een-tot-een onderhoudvoering geval wat beskryf word as “*conversation with a purpose*”. Wat hierdie gesprek ten grondslag lê, is die behoefte om ander mense se ervarings en die betekenis wat hulle daaraan heg, te probeer begryp. Die navorser is nóg objektief nóg onbetrokke, maar eerder deelnemend (Greeff 2011:348). Daar is nietemin vooraf besluit op die vrae wat gestel sou word, wat die gesprek wel in ‘n bepaalde rigting sou stuur. Field en Morse (1995:67) verwys hierna as “*open-ended or guided interviews*”. Ten spyte van hierdie voorafbeplanning, het die reaksie van die respondent grootliks die verloop en die volgorde van die gesprek bepaal. Dit was soms nodig om terug te keer na ‘n vraag ter wille van groter duidelikheid. Die moontlikheid van ‘n opvolgesprek is ook gestel en in minstens drie gevalle is hierdie opsie wel uitgeoefen. Die vrae (Vraelys aangeheg as BYLAAG 4) is so saamgestel dat dit die volgende twee hoofemas dek:

- Die fisiese en praktiese impak van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede (1 – 6)
- Die emosionele uitwerking van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede (7 – 10)

Twee vrae (11 en 12) is bygevoeg om aan respondente die geleentheid te bied om te besin oor die situasie en die inligting wat verskaf is. Kontakbesonderhede vir die navorser is ook verskaf indien respondente in ‘n later stadium die behoefte sou voel om die gesprek voort te sit.

Benewens uitklaring van die etiese aspek soos bespreek onder 2.7.2.2, is respondente met die aanvang van die gesprek verseker dat hulle onder geen verpligting staan om ‘n vraag te beantwoord indien dit hulle enigsins ongemaklik stem nie.

2.8 Empiriese bevindings

Kwalitatiewe dataverwerking is in die eerste plek ‘n proses van induktiewe beredenering, nadenke en teoretisering (Schurink, Fouché & De Vos 2011:398). Vir die doel van hierdie studie, is alle data eers ingesamel voordat die navorser met die analisering en interpretasie daarvan kon begin. Die inligting wat ingesamel is, is onmiddellik na afloop van elke onderhoud getranskribeer om die proses van die groepering van data onder die hoofemas en verskeie subtemas te fasiliteer. Hierdie

proses het ook aangedui waar opvolggesprekke gevoer moes word ten einde leemtes in die data aan te vul.

2.8.1 Omstandighede van respondente met wie onderhoude nie gevoer is nie

Die omstandighede van vier gevalle waarvan die voorsitter van Helpende Hand, Hermanus, inligting verstrek het, is kortliks soos volg:

Geval 1: 'n Afgetrede egpaar se dogter, skoonseun en hulle kind kom woon by hulle aan huis nadat die skoonseun sy werk verloor het. Hy oorreed hulle om 'n lening by die bank aan te gaan met die huis as sekuriteit sodat hy, met sy skoonouers as vennote, 'n besigheid kan begin. Die lening sou dan met rente terugbetaal word sodra die besigheid op die been is. Nadat hy die geld ontvang het, maak hy bekend dat hy homoseksueel is en verlaat hul dogter en kind. Hy kom nie sy onderneming teenoor hulle na nie en laat die ouers nie alleen met die finansiële las van die terugbetaling van die lening nie, maar ook met die versorging van hul dogter en kleinkind. Die dogter kry werk teen 'n baie klein salaris. Hul gesamentlike inkomste bestaan uit haar salaris en die ouers se maandelikse pensioentoeleag wat nie voldoende is om hul lopende uitgawes en die maandelikse terugbetaling aan die bank te dek nie.

Geval 2: 'n Welopgevoede en goed gekwalifiseerde weduwee het baie jare diens by 'n bekende bankgroep. Sy ontvang 'n paar jaar agtereenvolgens die trofee vir werknemer van die jaar. Sy woon in 'n bankhuis, maar na aftrede koop sy 'n eie huis kontant met haar pensioengeld. Sy word deur haar oudste seun oortuig om dit op sy naam oor te dra. Sonder haar medewete neem hy 'n verband op die huis. Omdat hy nie die terugbetalings volhou nie, lê die bank beslag daarop. Sy is verplig om al haar besittings te verkoop en saam met haar twee seuns in haglike omstandighede in 'n eenvertrek-woonstel in die nywerheidsgebied van Hermanus te gaan woon. Albei seuns is verslaaf aan dwelms en sy word fisies en emosioneel deur hulle mishandel. Die saak word onder die aandag van die polisie gebring wat dit by 'n hulporganisasie aanmeld. Deur hul bemiddeling word sy in 'n tehuis vir verswakke bejaardes opgeneem waar sy enkele maande later sterf. Haar laaste versoek was dat daar na haar seuns omgesien moet word, maar hulle het die omgewing verlaat en kan nie opgespoor word nie.

Geval 3: 'n Werktuigkundige, bekend vir sy uitstekende diens, bedryf saam met sy middelste seun 'n suksesvolle onderneming. Hul oudste seun is gedeeltelik verlam en word voltyds deur sy ma versorg. Die jongste seun sterf na 'n kort siekbed. Die seun wat die besigheid saam met sy pa bedryf, sterf in 'n ongeluk. Dit het die gesin "emosioneel gebreek". Die man verloor alle belangstelling in die lewe en dit lei tot die bankrotskap van die onderneming. 'n Jarelange kliënt bied hulle 'n klein woonstelletjie aan teen 'n bekostigbare huur. Die verlamde seun raak al meer afhanklik. Aldrie ontvang 'n staatstoelaag, maar die gesamentlike bedrag is kwalik genoeg om huur en elektrisiteit te betaal. Na berading reël 'n maatskaplike werker gratis toetse by 'n neurosjirurg vir die seun, maar daar is geen hoop op herstel nie. Die belangstelling motiveer hom nietemin om weer klein takies vir homself te begin verrig, soos bv om self te eet, te was en sover moontlik aan te trek. Die feit dat die verlamde seun 'n poging aanwend om sy eie situasie te verbeter, moedig die man aan om werk te soek. Hy doen tans "stukwerk" wanneer dit beskikbaar is maar hierdie periodieke inkomste, saam met die gereelde maandelikse toelae, is nie genoeg nie en hulle ontvang steeds maatskaplike hulp.

Geval 4: Oom Joos (reeds 85 jaar oud), is 'n goedgekwalifiseerde sweiser. Hy is na twintig jaar diens, waartydens geen voorsiening gemaak is vir 'n pensioenfonds nie, ontslaan. 'n Boer neem hom in diens teen 'n redelike salaris met die vooruitsig van winsdeling. Na slegs 'n paar jaar word hy weer afgedank om plek te maak vir 'n familielid van die werkgewer. Hulle gaan woon aanvanklik by hul dogter in Gansbaai, maar sy vrou ontwikkel Alzheimer's en vereis intensiewe sorg. Haar toestand versleg en sy moet in 'n tehuis in Hermanus opgeneem word. Hul enigste inkomste is hul staatstoelae, wat dit onmoontlik maak om huur te betaal. Om naby sy vrou te wees, "woon" hy vir maande in sy motor wat hy snags by 'n motorhawe parkeer sodat hy van die stort- en toiletgeriewe gebruik kan maak. Bedags parkeer hy elders en besoek sy vrou in die hospitaal. Na drie maande word sy ontslaan en hulle gaan woon in 'n vervalde huisie. Sy vrou se versorging begin meer van hom vereis as waartoe hy in staat is. Die bure rapporteer die situasie by maatskaplike dienste. Met die finansiële ondersteuning van 'n hulporganisasie en weeklikse kospakkies woon hy tans in 'n tuinwoning. Die koste verbonde aan sy vrou se versorging in 'n inrigting word deur 'n hulporganisasie betaal.

Ongelukkig kon die navorser nie onderhoude met hierdie persone voer nie. Inligting oor van hierdie gevalle is beskikbaar by die volgende skakel:

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-03-29-forum-net-n-oulap-vir-ouma?vc=f43896d0d5e6dcc12401>

2.8.2 Inligting verkry van maatskaplike werkster verbonde aan BADISA met kantoor te NG-Gemeente, Hermanus

Tydens 'n persoonlike gesprek het me Annarie Nel, wat baie gemoeid is met sorg aan ouer mense, bevestig sy dat al meer afgetredenes finansiële nood ervaar. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hulle hul aftreefondse “oorleef” en ook aan stygende lewenskoste. Behuising wat aanvanklik bekostigbaar was, het weens die gebruikelike eskalاسie nou onbekostigbaar geword.

Die ouerdom bring ook verhoogde mediese uitgawes mee wat nie altyd deur mediese fondse gedek word nie. Baie afgetredenes kanselleer hul mediese fondse en wend hulle tot goedkoper opsies, soos bv 'n hospitaalplan. Dit het tot gevolg dat hulle self vir medikasie en doktorsafsprake moet betaal. Afgetredenes soek werk, maar weens hul ouderdom is dit 'n bykans onbegonne taak. Diegene wat reeds 'n staatstoelaag ontvang, mag volgens wet ook nie enige werk verrig waarvoor die vergoeding meer is as die bedrag van die toelaag nie. Waar die vergoeding wel meer is, moet die persoon geregistreer word vir werkloosheidsversekering wat sodanige werknemer onmiddellik diskwalifiseer vir 'n staatstoelaag van enige aard.

Maaltye word teen minimale koste voorsien volgens 'n gylskaal wat op die persoon se inkomste gebaseer is. Pryse wissel tussen R13,00 – R25,00 per maaltyd. Al meer afgetredenes versoek dat hulle, in plaas van daaglik, slegs drie maaltye per week ontvang. Hierdie maaltye word dan gedeel om die hele week te hou.

Gemeentes, veral dié wat 'n groot aantal afgetrede lidmate het, vind dit al moeiliker om hul verpligtinge teenoor die hulpbehoewendes na te kom. Namate pensioene se waarde verminder, verminder die bydraes wat aan die kerk gegee word ook. Selfs afgetredenes wat 'n relatief goeie maandelikse pensioen ontvang, skaal al hoe meer af op deelname aan uitstappies en ander aktiwiteite wat teen 'n geringe bedrag vir seniors aangebied word.

2.8.3 Terugvoer ontvang van maatskaplike werkster met privaat praktyk, ook betrokke by die NG Gemeente Onrusrivier

In 'n e-pos ontvang van dr Erika Oosthuizen, (sorg@ngkonrusrivier.co.za) bevestig sy die situasie van afgetredenes wat hul aftreegeld “oorleef”, van kinders wat by die

afgetrede ouers kom intrek nadat hulle hul werk verloor het en van verkeerde beleggingsbesluite wat tot groot verliese lei. Volgens haar het talle voornemende afgetredenes groot huise laat bou in die aftreebestemming, net om na 'n paar jaar te ontdek dat hulle nie langer die munisipale heffings en instandhoudingskoste kan bybring nie. Ten spyte van hierdie probleme, kom bitter min afgetredenes aanklop om hulp. Dit is presies weens hierdie dilemma dat die stadsraad van Kaapstad voornemens is om die families van bejaardes te nader om hul ouers by te staan met die betaal van munisipale belasting. Senior burgers is ook nie bewus daarvan dat hulle by die stadsraad aansoek kan doen om afslag op grondbelasting nie (Barnard 2015). Volgens dr Oosthuizen speel trots 'n groot rol by die verslegtende situasie van bejaardes:

Ons sit met baie bejaardes wat so trots is. Hulle het nie kos om te eet nie, maar hulle sal nie om hulp gaan aansoek doen nie. Ek dink nie ons het hoegenaamd 'n idee van daardie groep mense nie. Ek sien die mense, ek hoor van hulle, maar hulle kom doen nie aansoek vir hulp nie. Ek het met 'n bejaarde gewerk wat op 75 opgehou het met werk. Die werkgewer het haar so lank moontlik in diens gehou. Sy moet vir haar bipoelêre dogter sorg. Haar inkomste het nou gedaal van R15 000,00 per maand tot R3 000,00. Sy kan na 'n tehuis vir bejaardes gaan, maar wat van haar dogter?

2.8.4 Inligting verkry van die voorsitters van die Diens van Barmhartighedsaksies van die Bredasdorp- en Struisbaai NG Gemeentes

Volgens die Voorsitter van die Diens van Barmhartighedsaksie van die Struisbaai-gemeente, is hierdie bediening nie betrokke by of bewus van afgetredenes wat vroeër finansiële sekuriteit geniet het en weens onvoorsiene omstandighede tans in finansiële nood verkeer nie. Hulp word verleen aan behoeftiges wat in kroniese armoede geleef het en wat min hoop op 'n beter toekoms het. Ten spyte hiervan, het die navorser plaaslik met vier individue gesprekke gevoer wat wel vroeër 'n goeie lewenstandaard gehandhaaf het maar wat nou finansiële probleme ondervind. Dit onderstreep weereens die waarneming van die maatskaplikes werksters met wie gesprekke gevoer is dat ouer mense weens trots en onkunde nie hulp soek nie.

Volgens inligting ontvang van die Bredasdorp-gemeente ondersteun hulle tans gesinne of individue wat in kroniese armoede leef, of wat gedurende 'n oorgangsfase

tydelike hulp benodig. Hulle vermoed dat daar wel gevalle is waar ouer mense finansiële probleme ondervind, maar hierdie persone klop nie aan vir hulp nie.

2.8.5 Inligting in verband met respondente met wie onderhoude gevoer is

Persoonlike onderhoude is gevoer met sewe respondente uit wie vyf gekies is as die mees geskikte kandidate vanweë hul situasie voor en na aftrede, maar dan veral op grond van hul bereidwilligheid om openlik te praat oor hul belewing van hul onderskeie situasies.

Respondent 1

Profiel:

Weduwee, 75 jaar oud, moet operasies in beide knieë ondergaan, besig om sig te verloor. Beskik oor seniorsertifikaat.

Huidige situasie:

Dogter werk tans as kok in gastehuis waar albei gratis inwoning en etes ontvang. Woon in ruimte wat met behulp van rakke as woon/slaapvertrek ingerig is. Slaap op matrasse op vloer, klere permanent in tasse. Moet elke aand volgende dag se klere stryk. Verduur baie pyn in knieë, kan nie operasie bekostig nie. Ontvang drie klein annuïteite. Dink nie sy kwalifiseer vir staatstoelaag nie. Is baie ongelukkig met omstandighede. Bid vir ander heenkome.

Situasie voor aftrede:

Het saam met eggenoot besigheid besit. Was vir etlike jare presidente van Lions-tak. Handhaaf hoë lewenstandaard, koop slegs beste kwaliteit klere en kruideniersware. Dogter wat aan depressie ly, woon by hulle. Gerespekteerde lede van gemeente en gemeenskap.

Oorsake van huidige finansiële dilemma:

Verkoop na man se dood besigheid en huis. Word deur gastehuseienaar, waar hulle tans woon, voorgestel aan "makelaar" wat goeie maandelikse opbrengs op belegging belowe. Dit realiseer nie en by navraag blyk dit dat hy haar geld vir eie gewin aangewend het. Laat hom likwider maar sy ontvang slegs een sent per rand terug.

Respondent 2

Profiel:

Getroud, 74 jaar oud. Geniet goeie gesondheid, aktief betrokke by gemeente en gemeenskap. Gegraduateerd.

Huidige situasie:

Huur huis van familielid teen verminderde huur wat deur eggenote betaal word. Huis gaan verkoop word en hulle moet dus ander heenkome soek. Kan slegs mediese fonds in stand hou uit klein belegging wat nog oor is. Ontvang staatstoelaag en annuïteit wat in 2016 ten einde loop. Is finansiëel grootliks afhanklik van eggenote.

Verteenwoordig kerk op die Munisipale Wykskomitee waarvoor hy klein vergoeding ontvang. Tree ook van tyd tot tyd op as afloskoster waarvoor hy vergoed word.

Situasie voor aftrede:

Beklee bestuurspos by semi-staatsinstelling waar hy 35 jaar in diens was. Raak daarna betrokke by verskeie besighede.

Oorsake van huidige finansiële dilemma:

Moet pos ontruim weens rasionalisasie. Ontvang goeie aftreepakket. Koop 'n besigheid. Verkoop intussen woonhuis en huur meenthuis. Mislukking met besigheid en swak beleggingbesluite put pensioenfonds uit. Neem verband op vakansiehuis om besigheid te probeer red. Dit slaag nie. Is verplig om huis onder markwaarde te verkoop om te verhoed dat bank beslag lê daarop. 'n Gedeelte van sy aftreepakket sowel as die verkoopprijs van die woonhuis is in eiendomsontwikkeling belê, maar ook daar e thy alles verloor. Slegs 'n baie klein bedrag bly oor wat belê is. Daaruit word die mediese-fondsbydrae betaal.

Respondent 3**Profiel:**

Eggenote van Respondent 2, 69 jaar oud, geniet goeie gesondheid, baie aktief in gemeente en gemeenskap. Was na man se mislukkings verplig om haar huis te verkoop. Bedrag wat oor was nadat verband afgelos is, is belê in aandele wat maandelikse inkomste lewer. Gegradeerd.

Huidige situasie:

Woon saam met eggenoot in klein huurhuis. Moet binnekort weer verhuis omdat eiendom verkoop is. Hou finansiëel kop bo water, maar is baie bekommerd oor toekoms. Ontvang staatstoelaag en klein annuïteit wat ook in 2016 ten einde loop.

Situasie voor aftrede:

Was leier in gemeente en gemeenskap. Het klein besigheid suksesvol bedryf wat haar in staat gestel het om eie huis te koop. Het weens man se senior posisie en eie leierskapsrol hoë aansien geniet en baie hoëprofiel-geleenthede aangebied en bygewoon. Handhaaf hoë lewenstandaard sonder enige bekommernisse oor hul toekomstige situasie.

Oorsake van huidige finansiële dilemma:

Man se mislukking met besigheid en swak beleggingsbesluite laat hulle in benarde finansiële posisie. Tree vir 'n jaar op as faktotum van historiese kerk, maar dié pos is afgeskaf.

Respondent 4**Profiel:**

Een-en-sewentigjare weduwee, woon tans alleen in klein woonstel. Die huur word deur haar dogter en skoonseun betaal. Ontvang staatstoelaag. Gebruik kroniese medikasie wat sy maandeliks by die staatskliniek moet gaan haal, maar geniet oor die algemeen goeie gesondheid. Beskik oor onderwysdiploma.

Situasie voor aftrede:

As vrou van professor in chemiese ingenieurswese aan 'n bekende universiteit, het sy aansien geniet en bogemiddelde lewenstandaard gehandhaaf. Beklee 'n goeie onderwyspos. Het geen finansiële probleme ondervind nie. Situasie het begin verander nadat haar man sy eie projekte wou aanpak.

Redes vir huidige finansiële probleme:

Man bedank pos by universiteit om saam met sy pa te gaan boer. Sy moet haar pos bedank. Haar man belê al hulle kapitaal in die boerdery. Dit misluk hoofsaaklik weens botsings tussen pa en seun en haar man verloor alles. Hy raak daarna by verskeie projekte betrokke, maar nie een daarvan is volhoubaar nie. Kinders laat hulle toe om in hul vakansiehuis te bly totdat hulle self permanent daar gaan woon. Die skoonseun betaal huur vir 'n ander huis sodat hulle onafhanklik kan woon. Man ly aan erge depressie. Na 'n lang siekbed is hy oorlede.

Huidige omstandighede:

Omdat die kinders nie langer kon bekostig om die huur van die groter huis waarin sy en haar man gewoon het te betaal nie, het hulle dit oorweeg om haar by hulle aan huis te laat woon. Die omstandighede met tienerkinders het hierdie opsie baie moeilik gemaak. Tans woon sy in 'n klein woonstelletjie nie ver van hulle af nie waarvan hulle die huur betaal. Was saam met haar man baie betrokke by die gemeente en by opheffingsprojekte in die bruin gemeenskap, wat sy na sy dood steeds voortsit.

Respondent 5**Profiel:**

Vier en tagtig-jarige getroude man (tweede huwelik). Geniet goeie gesondheid.

Situasie voor aftrede:

Was 'n welvarende boer wat twee plase besit het. Gesondheidsprobleme het hom genoop om op ouderdom vier en sestig af te tree. Een plaas is verkoop en seun boer op ander plaas. Hy en sy vrou gaan woon op 'n aftreedorp waar hulle 'n huis besit. Sy geld is "veilig" by die bank belê en die opbrengs is voldoende vir hulle om gemaklik te leef.

Huidige situasie:

Tans huur hy en sy tweede vrou (eerste vrou is sowat twintig jaar gelede oorlede) 'n kleinerige huis. Die verkoopprijs van hul huis is tans belê. Die opbrengs dek hulle huur en dag-tot-dag uitgawes, maar volgens berekeninge is die kapitaalbedrag slegs genoeg vir nog vier jaar. Ontvang nie 'n staatstoelaag nie.

Oorsaak van huidige finansiële dilemma:

'n Makelaar belof hom 'n heelwat beter rentekoers as die bank met die vooruitsig dat die opbrengs jaarliks verhoog sal word. Hy belê al sy geld by "Capital Investments", maar na 'n jaar stort hierdie skema in duie en hy en verskeie ander beleggers verloor alles. Die makelaar het verdwyn asook alle spore van die sogenaamde beleggingsmaatskappy. Hy is verplig om hul huis te verkoop en sy lewenspolis volopbetaald te maak.

2.8.6 Hooftema 1: Die fisiese en praktiese impak van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede

Oor die algemeen word mense se ingesteldheid teenoor aftrede bepaal deur hul finansiële posisie. Hoe hoër die verwagte inkomste na aftrede, hoe gunstiger die ingesteldheid. Werk vir diegene wat dit moeilik vind om na aftrede die begroting te laat klop is uiters skaars (Atchley 1982:122, 123). In sy navorsing het Ramashala (2001:6) bevind dat

material security is one of the greatest preoccupations of old age. Many experience the same lack of physical necessities, assets and income felt by other poor people, but without the resources that younger, fitter and more active adults can use to compensate.

Hierdie situasie is bevestig deur al die respondente wat verskeie kere sonder enige sukses aansoek om geadverteerde betrekkings gedoen het. In die meeste gevalle het die werkgewer nie op die aansoek gereageer nie. Wanneer daar wel terugvoer ontvang is, was dit die aansoeker se ouderdom wat hom/haar gediskwalifiseer het. In enkele gevalle is aangevoer dat die aansoeker oorgekwalifiseer is.

Vervolgens word die reaksie van respondente op vrae in die onderhoud weergegee. Daar word bloot na respondente verwys word as R1, R2 ens.

2.8.6.1 Wat was jou verwagting van aftrede?

In Spreuke 13:12(a) lees ons: *'n Verwagting wat nie uitkom nie, maak 'n mens mismoedig* en in 13:22(a) *'n Goeie mens laat 'n erfenis na ook vir sy kleinkinders*.

Die laaste van Erikson se agt lewensfases “Integriteit vs Wanhoop” (*Integrity vs Despair*) begin volgens hom op ouderdom 65 en duur tot aan die einde van 'n persoon se lewe. Dit is 'n tyd van retrospeksie wat die individu vervul met 'n gevoel van behaaglikheid (integriteit) oor 'n lewe wat as suksesvol beskou word of wanhoop oor mislukkings en verspeelde geleenthede (Cherry 2005). Wanhoop maak hom dikwels meester van afgetredenes wat onvoorsiene finansiële probleme ondervind omdat daar vir hulle min geleenthede bestaan om hul posisie te verbeter. Die verandering in lewenstyl na aftrede het nie noodwendig 'n negatiewe invloed op die afgetredene se emosionele welsyn nie, *“except when it leads to hardships in key conditions of living.”* (Lazarus & DeLongis 1983:245)

R1: *Ons sou in ons eie meenthuis in 'n veilige kompleks gaan woon en 'n goeie lewe lei, nie weelderig nie, net gemaklik. Ons wou net in vrede met alles en almal lewe.*

R2: *Ek het daarna uitgesien om ons land te verken, om die lewe te geniet.*

R3: *Dat ons 'n vakansiebestemming – 'n huis waarheen hulle graag sou wou kom – vir ons kinders en kleinkinders sou skep met genoeg ruimte. Ek het verwag dat ons dieselfde lewenspeil sou kon handhaaf, dat ons ons kinders en kleinkinders af en toe sou kon bederf.*

R4: *Ons was sedert my man van die plaas af weg is so in 'n stryd om finansiële oorlewing gewikkel dat ek nie regtig aan aftree gedink het nie. Aftrede was vir my nie*

‘n fase waarna ek uitgesien het nie, dit het half vanself gebeur toe my man se werk net eenvoudig opgeraak het.

R5: *Ek het nog altyd goeie gesondheid geniet en was baie aktief. Ons het daarna uitgesien om rustig en sonder bekommernisse te leef en baie rond te ry. Ek het uitgesien daarna om ontslae te wees van die verantwoordelikhede van ‘n groot boerdery.*

2.8.6.2 Hoe lank na aftrede het jou finansiële probleme begin?

R1: *Sewe jaar gelede, kort na my man se dood. Ek het al die geld belê by hierdie sogenaamde makelaar met die verwagting dat ek op die maandelikse opbrengs sou kon leef soos wat ek altyd gedink het dit sal gebeur. Toe val alles plat.*

R2: *Ses jaar gelede, toe die “makelaar” my in kennis gestel het dat hy nie langer sy verpligtinge teenoor ons kan nakom nie. Eintlik was die skrif reeds teen die muur toe ek die laaste besigheid verkoop en ‘n groot verlies gely het.*

R3: *Dit het eintlik reeds begin gebeur voordat ons afgetree het, maar ek het gedink dit is tydelik. My man het nie vir my die volle omvang van ons probleme vertel nie. Die werklikheid het my eers getref toe die bank ons daaglik begin bel omdat die verbandterugbetaling op ons huis agterstallig was.*

R4: *Dit het reeds begin lank voordat ons uiteindelik hier kom bly het. Gelukkig was ek nooit ‘n spandabelrige mens nie. Ek het maar oral werk gesoek om die pot aan die kook te help hou.*

R5: *Twaalf jaar na aftrede. Tot op daardie stadium was ons baie gelukkig.*

2.8.6.3 Hoe het dit jou lewe verander?

R1: *Ingrypend. Ons het ‘n bo-gemiddelde leefstyl gehandhaaf. Ek het goeie klere, kos gehad, baie uitgegaan, oorsee gegaan. Ek het eenmaal per week na die haarsalon gegaan, gereeld manikure gekry. Dit is alles weg. Kyk hoe lyk ek nou – soos ‘n verwaarloosde ou vrou. Ek is van ander se genade afhanklik.*

R2: *Al my verwagtinge was daarmee heen. My hele menswees is aangetas.*

R3: *Al mens se drome is tot niet. Nou gaan dit om oorlewing, deeglike beplanning, mooi dink voordat jy 'n uitgawe aangaan. Ek het nie veel begrip gehad vir mense wat by 'n kasregister goedjies terugsit omdat hulle nie genoeg geld het nie. Nou weet ek self wat dit is. Ek het met 'n slag teruggekom aarde toe.*

R4: *Ek moes gewoon raak om van aalmoese en van ander se gunste en gawes te leef.*

R5: *Alles het in 'n oogwink verander. Skielik het ons absoluut geen inkomste gehad nie. Die een maand het ek nog die rente-opbrengs ontvang, en die volgende maand was daar niks.*

2.8.6.4 Watter praktiese aanpassings moes jy maak?

Mense is selde passief in 'n negatiewe situasie. Hulle soek na maniere om verandering teweeg te bring en waar dit nie moontlik is nie, wend hulle hulle tot kognitiewe metodes om sin te probeer maak van die situasie. *“Emotion-focused coping operates through a variety of cognitive acts, such as attentional avoidance, intellectualized detachment, denial, reinterpretation of the past, humor, magical or wishful thinking, and religious faith.”* (Lazarus & DeLongis 1983:248, 250)

R1: *Ek het al my meubels gestoor en ek en my dogter het saam in 'n huis gaan bly wat in 'n kommune vir studente omskep is. Ons was as't ware die huisouers wat vir hulle gekook en hulle wasgoed gedoen het, tot dit ook skeefgeloop het as gevolg van lelike dinge tussen een van hulle en die eienaar. Ek het my groot, duur motor verkoop en 'n klein karretjie gekoop wat baie lig is op brandstof. Ek kan nie meer bestuur nie, maar my dogter moet ry om aankope te gaan doen. Ons kan darem nog so af en toe 'n entjie gaan ry vir die plesier. Ek het nou 'n pensioenariskaart sodat ek oral afslag kan kry op my aankope. Waar ek al my kos by Woollies gekoop het, koop ek nou “specials” by goedkoper plekke.*

R2: *Ek het 'n pensioenariskaart gekry wat darem 'n klein afslag op aankope verseker. Twee voertuie moes plek maak vir net een, die huis moes verkoop word, DSTV is gestaak, waar moontlik het ek goedkoper versekeringspremies beding.*

R3: *My gereelde besoeke aan 'n skoonheidsterapeut en die haarkapper het tot 'n skielike einde gekom. Die duur velprodukte moes plek maak vir Clicks se laeprys produkte. Ek moes leer om die begroting vir kruideniersware te rek, om krag te bespaar waar moontlik, die landlyn sover moontlik net na sewe saans te gebruik wanneer dit gratis is en sommer baie ander dingetjies waaroor mens voorheen nie eers gedink het nie. Ons het albei ons voertuie verkoop en dit vervang met 'n tweedehandse voertuig wat beteken dat ons ons ritte moet beplan rondom mekaar se behoeftes. Mens moet nogal 'n totale kopskuif maak.*

R4: *Ons huis is verkoop, ons sosiale lewe wat ons geld gekos het, het totaal verander. Ons kon niks meer vir ons kinders doen nie. Dit was die moeilikste. Ek het my polisse opbetaald gemaak sodat ons op die geld kon leef. Ek het 'n paar Krugerrande ook gehad wat ek moes verkoop.*

R5: *Ek het onmiddellik ons huis in die mark gesit, maar dit het twee jaar geduur voordat dit verkoop is. Intussen het ek my twee lewenspolisse opbetaald gemaak sodat ons net aan die lewe kon bly.*

2.8.7 Hooftema 2: Die emosionele uitwerking van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede

Die verouderingsproses word dikwels geassosieer met allerlei psigologiese-, gesondheids- en sosiale probleme. Finansiële probleme, 'n sosiaal-maatskaplike verskynsel wat toenemend voorkom, is een van die groot oorsake van verslawing by afgetredenes (Gossop 2008). Daar is ook bevind dat finansiële probleme by ouer mense dikwels lei tot vereensaming en isolasie (Twenge & Campbell 2002:61; Coetzer 1993:119), depressie (BBC News 1999; Ramezani 2011:18) en gesondheidsprobleme weens die belewing van emosies wat mense fisies siek maak soos bekommernis, vrees en frustrasie (Coetzer & Kotze 2007:4).

2.8.7.1 Watter uitwerking het dit op jou sosiale interaksie?

Silk (n.d.) het bevind dat ouer volwassenes kan voel dat hulle beheer oor hul lewe verloor weens die fisiese veranderings wat plaasvind maar ook weens eksterne druk wat veroorsaak is deur faktore soos beperkte finansiële bronne. *“These and other issues often give rise to negative emotions such as sadness, anxiety, loneliness and lowered self-esteem, which in turn lead to social withdrawal and apathy.”* Richeson en Shelton (2006) wys daarop dat individue hul identiteit en gevoel van eiewaarde beskerm deur hulle met mense wat slegter daaraan toe is as hulle, te vergelyk. *“Individuals can affirm their self-worth by making downward comparisons with others (i.e., comparison with individuals who are worse off than they) or by limiting their social comparisons to intragroup, rather than intergroup, contexts.”*

RI: *Omdat ek Presidente van die Lions-klub was waar vertroulikheid baie belangrik was, het ek my vriendinne selektief gekies. My beste vriendin en vertroueling van destyds is nog steeds dieselfde. Ons bly gelukkig nie meer in dieselfde omgewing nie, so ek loop nie eintlik die ander raak nie. Nou kyk mense na jou en al wat hulle sien is ‘n verwaarloosde ou vrou. Hulle is verras as ek ‘n intelligente gesprek met hulle voer. Omdat ek nie meer self kan bestuur nie, kom ek eintlik nêrens nie, nie eers meer in die kerk nie.*

R2: *Aanvanklik het ek my ou vriende vermy. My ego het ‘n knou gekry, want ek was mos darem iemand van aansien. Toe ons regtig in die nood was, het een vriend vir ons geld geleen. Ek kon hom later terugbetaal nadat die huis verkoop is, maar dit het ons verhouding benadeel. Ons het nog kontak, maar iets het verander. Dalk is dit maar net ek wat so voel. As ek myself vergelyk met ander, is daar baie wat baie slegter daaraan toe is as ek, maar wanneer ek kyk na wat ander mense – my juniors – besit, is ek ‘n arm man. Dalk is ek maar net afgunstig.*

R3: *Mens moet regtig buite die boks dink. Jy kan net betrokke wees by dinge wat niks kos nie en jy moet allerhande verskonings uitdink waarom jy nie iets bywoon waaraan daar koste verbonde is nie – kinders wat kom kuier, te vol program, reeds iets anders aan die gang ens. Die meeste mense weet nie – net ons baie naby*

vriende. Wat help, is die feit dat ons nie meer in dieselfde dorp bly nie. Wat mense nie weet nie, pla hulle ook nie. Ek is nog steeds baie aktief in ons gemeente – dit kos niks.

R4: *Niemand het my snaaks behandel nie. Oral waar ons gebly het, was mense ons goedgesind. Hulle het gou agtergekom dat my man baie intelligent is en dat ons nie agterlike mense is nie. Dit het gemaak dat almal ons steeds met respek behandel het.*

R5: *Behalwe dat ons baie minder kon gaan kuier, het niks verander nie. Ons het niks vir ons gesin, familie en vriende probeer wegsteek nie. Almal het geweet en almal was baie jammer vir ons.*

2.8.7.2 Watter uitwerking het die besef, dat jy in hierdie stadium van jou lewe finansiële nood ervaar, op jou gevoel van eiewaarde?

Dit wil voorkom of sosio-ekonomiese status (SES) moontlik 'n uitwerking het op die individuele persepsie van eiewaarde. SES word gemeet aan faktore soos opvoedingspeil, inkomste en beroepstatus. Min navorsing is in hierdie verband gedoen en bevindinge wissel. Een studie het bevind dat stresvolle gebeure wel 'n uitwerking het op die gevoel van eiewaarde (Joiner, Metalsky, Katz & Beach 1999:274) terwyl 'n ander bevind het dat dit nie 'n beduidende uitwerking daarop het nie (Orth, Robins & Meier 2009:308). Coleman, Ivani-Chalian en Robinson (1993:172) het bevind dat verlies aan eiewaarde eerder die gevolg kan wees van “greater rigidity, an inability to find new coping strategies for a changing situation. Continuing self-esteem may indicate that adaptation has occurred.”

RI: *Mens se waardigheid word beslis aangetas. Dit is vernederend om met 'n pensioenariskaart by 'n kasregister vir afslag te “bedel”. Ek het deur baie emosies gegaan, veral woede. Dit is soos 'n rouproses. Verbittering en haat was deel van*

my lewe. Ek voel ek beteken niks. Ek help maar waar ek kan. Ek is bly my man is nie hier om te sien waar ek nou is nie. Hy was nie so sterk as wat ek is nie. Ek glo ek sal hierdeur kom en dat dit vorentoe beter sal gaan.

R2: *Ek voel soos 'n mislukking. Dit is seker 'n outydse siening, maar ek het maar altyd geglo dat die man die broodwinner moet wees. In ons geval is dit nie so nie. Ek is nou afhanklik en dit vat aan 'n man se menswaardigheid. Toe ek moes gaan aansoek doen vir 'n staatstoelaag, het ek eenvoudig "afgesluit". Ek wou nie dink of voel nie.*

R3: *Aanvanklik het ek nie minderwaardig gevoel nie. Die enigste kere wat ek regtig verneder gevoel het, was toe ek by herhaling in rye moes sit om aansoek te doen vir 'n staatstoelaag en toe ek dit die eerste keer by die betaalpunt op "All-pay"-dag moes gaan haal. Ek het laat gegaan toe die toue mense al weg was en gelukkig het niemand wat my ken, my gesien nie. Nou kan ek dit by 'n kitsbank gaan trek met my SASSA-kaart. Ek versorg myself nog steeds so goed as wat ek kan. Ek het goeie klere gehad wat nog steeds goed lyk. Nou begin die kort-kort trekkery my regtig vang. Ek voel versukkeld omdat ons soos armlastiges elke keer die goedkoopste huis moet soek.*

R4: *Mens voel tog 'n bietjie minderwaardig. My grootste bekommernis was dat mense sou dink ons is in dié posisie omdat ons geld gemors het, en dit was glad nie die geval nie. Dinge het maar net aanmekaar skeefgeloop.*

R5: *Ek het minderwaardig gevoel teenoor ander mense. Ek het gevoel dat ek 'n mislukking is.*

2.8.7.3 Hoe beïnvloed die situasie jou verhoudings - met huweliksmaat, kinders, kleinkinders, familie, vriende, ander?

In sy navorsing wat oor etlike dekades gestrek het, het Atchley (1982:129) bevind dat solank die egpaar nog redelik goeie gesondheid geniet, huweliksbevrediging toeneem namate hulle ouer word. Die grootste bedreiging hiervoor is ontoereikende

inkomste en ernstige siekte. *“Lack of income reduces marital satisfaction by overly constraining the couple’s choices with a corresponding increase in tension.”*

Volgens me Annarie Nel vind hulle dikwels dat kinders juis *nie* ten gunste is van die beste sorg vir hul ouers *nie*, omdat hulle vrees dat hul erfgeld opgebruik sal word. In baie gevalle waar ouers by kinders aan huis woon, lê die kinders beslag op hul maandelikse toelae om “die ekstra uitgawes te dek”. In gevalle waar getroude kinders na ‘n egskeiding die kind(ers) in die sorg van hul afgetrede ouers plaas, benadeel dit die verhouding met al die gesinslede.

RI: *My kinders en kleinkinders het baie by ons gekry – geld vir skooltoere, studie – skielik is dit weg. Hulle het eers gedink Ma wil nie meer nie, maar Ma kan nie. My oudste dogter het my by haar aan huis geneem, maar daar het dit nie goed gegaan nie. Ek het 12 kg verloor. Sy wou my later in ‘n tehuis vir Alzheimerlyers sit, maar ek het self gereël om deur ‘n psigiater getoets te word. Hy het bevind dat ek absoluut niks makeer nie. Ek was die enigste kandidaat wat volpunte vir die toets gekry het. Die hele episode het my met woede teenoor haar vervul en ons verhouding is nie goed nie. Van toe af bly ek weer saam met my jongste dogter, al kan mens nie van “huis” praat nie. My kleinkinders is baie goed vir my en besoek my gereeld. Ek het eintlik net een vriendin wat my vertroueling is.*

R2: *As daar reeds krake in ‘n verhouding is, vererger finansiële probleme dit net baie meer. Dit het geen verskil aan my verhouding met die kinders gemaak nie. Ek dink dit het eerder gemaak dat ons meer openlik met mekaar kan praat oor ons probleme. Dit is nou net moeiliker om sommer te gaan kuier wanneer jy wil en om hulle en die kleinkinders ‘n bietjie te bederf.*

R3: *My huweliksverhouding ly beslis daaronder. Ek moet veg om my man nie te verwyt nie. En die feit dat ek nou die hoofvoorsiener is, is ook nie goed vir ons verhouding nie. My verhouding met die kinders en kleinkinders het glad nie skade*

gely nie. Om die waarheid te sê, dink ek dit het ons nader aan mekaar gebring. Van die res van ons familie is daar bitter min wat weet wat aangaan en ons hou dit so. Ons vriendekring het heeltemal verander in die nuwe omgewing. Wat moeilik is, is wanneer ek iemand raakloop wat my voorheen geken het. Ek probeer voorgee dat alles nog net so goed gaan, maar ek voel so vals. Tog sien ek nie kans om vir mense met wie ek nie so 'n hegte band gehad het, te vertel nie. Die mense wat saak maak, weet.

R4: *Dit het tog spanning veroorsaak, die feit dat ons nie meer dié dinge kon doen of koop waaraan ons gewoond was nie. My man het in sy dagboek geskryf dat hy my baie jammer kry omdat hy nie meer vir my kan gee wat hy voorheen gegee het nie. Dit het nie ons verhouding met ons kinders en kleinkinders benadeel nie. Hulle is baie jammer vir my en help waar hulle kan.*

R5: *My tweede vrou het van die begin af alles geweet. Dit het ons verhouding nie benadeel nie, ook nie met ons kinders en kleinkinders nie.*

2.8.7.4 Hoe het dit jou spiritualiteit beïnvloed?

In 'n Gallup-opname wat in 2014 gedoen is, is bevind dat 62% van persone ouer as 65 aangedui het dat godsdiens vir hulle baie belangrik is (Lozano 2014). Navorsing het ook aan die lig gebring dat godsdiens by ouer mense positief verbind kan word met gesondheid en welsyn, satisfaksie, en eiewaarde. *“In short, the extant empirical research suggests that spirituality is typically a strength in the lives of older adults.”* (Hodge, Bonifas & Chou 2010; Vgl Keys & Reitzes 2007, Krause 2006)

William James, soos aangehaal deur Krause (2004a:395), beskryf gebed as *“religion in action”*. Krause het bevind dat ouer mense wat glo dat God hul gebede op die regte tyd en wyse sal verhoor, 'n sterker gevoel van eiewaarde ervaar as diegene wat glo dat gebede dadelik beantwoord word en dat hulle presies sal ontvang waarvoor hulle gevra het. *“Taken together, it is prayer expectancies, and not the*

mere frequency of prayer, that appear to shape feelings of self-worth in late life.”
(Krause 2004a:394, 404)

RI: *Ek het heeltemal afgedwaal. Ek was kwaad vir die Here, maar ek het aanhou bid. My gebede het nie opreg gevoel nie, want ek kon nie voel dat die Here my hoor nie. Ek was opstandig omdat Hy nie meer met my praat nie. Ek het verwerp en eensaam gevoel. Na twee jaar van worsteling het dinge verander. Die bitterheid was weg. Net daarna is my seun dood. Nou het ek vrede en dit is al wat ek wil hê – vrede, liefde en vreugde. Liefde en nogmaals liefde – dit is vir my die belangrikste. Ek kan weer opreg bid, ek luister na die voorlesing van die Nuwe Testament op band. Nou bid ek net dat my dogter ook weer vrede sal vind met God. Sy is soms nog baie verbitterd en opstandig teenoor die makelaar wat my so bedrieg het.*

R2: *Dit het my nader aan die Here gebring. Ek bring sedertdien baie meer tyd op my knieë deur as voorheen, maar ek worstel met myself omdat ek voel dat my geloof moet sorg dat dit met my goed gaan.*

R3: *Ek ervaar soveel emosies. Ek voel skuldig teenoor die Here oor my gesindheid teenoor my man. Ek bid vir begrip en deernis, want hy kry ook swaar. Soms dink ek dis goed dit het gebeur sodat ek van my troontjie af kon klim. Ek is dankbaar dat ek nog nie een aand honger gaan slaap het nie, dat ek 'n dak oor my kop het, dat ek nog steeds goed kan aantrek, veral dat ons albei nog gesond is. Ek is dankbaar dat my man nog by my is, ten spyte van alles. Ek is nog steeds soveel beter daaraan toe as baie ander ouer mense. Maar wat ek altyd weer besef, is die woorde van Rom 8:38.*

R4: *Ek het baie gebed, baie gevra vir hulp. Ek het bly vertrou. Nooit was ek heeltemal moedeloos nie.*

R5: *Dit het my geloof baie versterk. As ek nie aan die Here kon vashou nie, sou ek nie daardeur gekom het nie. Hy het my gedra en dra my nog steeds elke dag. Dit het baie knieëwerk gevra.*

2.8.7.5 Wat is tans jou grootste vrees/bekommernis?

R1: *Die onsekerheid oor die toekoms, maar ek glo dat dinge na sewe jaar van swaarkry moet draai.*

R2: *'n Dak oor ons kop, dat daar min oorbly om te geniet – ek kan nie eers meer elke dag 'n koerant koop nie. Gaan dit vorentoe erger word?*

R3: *Die gedurige bekommernis of ons dit finansieel gaan maak. Sê nou ek leef nog 15, 20, 25 jaar? Gaan die ou belegginkie hou? Ek wil onder geen omstandighede ooit by een van die kinders gaan bly nie. Dit kan ek nie aan hulle doen nie. Mag die Here gee dat dit nooit nodig sal wees nie.*

R4: *Al die besluite wat ek alleen moet neem. Ek moet nou dinge hanteer waarvan ek geen kennis het nie. My voertuigie gee probleme en ek bid net dat dit nog 'n paar jaar gaan hou, want ek kan dit nie vervang nie.*

R5: *Die stygende lewenskoste. Ons sukkel om by te hou. Ons ry feitlik net Sondag kerk toe, want petrol het net te duur geword.*

2.8.8 Reflektiewe vrae

In hierdie stadium van die onderhoud kan vrae gestel word wat aan die respondent die geleentheid bied om hardop te dink en om sy/haar kennis, vaardighede, ervaring, ingesteldheid, aannames en waardes in oënskou te neem.

Processes may include considering alternative courses of action, examining relations between desired and achieved outcomes, clarifying beliefs or values, exploring commonalities (such as shared experiences, challenges, beliefs) within a group, reviewing the significance of an experience, and so forth. (Lee & Barnett 1994:17, 20)

2.8.8.1 Watter raad het jy vir mense wat binnekort gaan aftree, ook met betrekking tot hul finansiële beplanning?

RI: *Kyk na al die opsies voordat jy jou geld belê. Maak meer as 100% seker dat jy die persoon met jou geld kan vertrou. Moenie alles op een plek belê nie.*

R2: *Deeglike en doelbewuste beplanning.*

R3: *Moet nooit aanvaar dat dinge gaan bly soos wat dit is nie. Wees daarop voorbereid dat jy 'n laer lewenstandaard sal moet handhaaf indien jy nie jou geld wil oorleef nie, en kommunikeer met jou man of vrou. Moenie dinge vir mekaar wegsteek nie, veral nie wat julle finansiële posisie betref nie. Praat betyds, beplan betyds, vergeet van 'n spoggerige huis en motor, leef liever minder weelderig sodat julle finansiëel selfstandig kan bly.*

R4: *Beplan betyds vir aftrede. Bestuur jou geldsake deeglik. Maak jouself bruikbaar in die gemeenskap na aftrede sodat jy nie stagneer nie.*

R5: *Maak seker of jou makelaar 'n betroubare persoon is. Los jou geld maar liever waar jy weet dit veilig is, al is die rentekoers 'n bietjie laer as wat ander jou belowe.*

2.8.8.2 Is daar enigiets wat jy wil byvoeg wat jy dink belangrik is?

RI: *Moenie jou geloof verloor nie. Dit is al wat mens staande hou wanneer dinge sleg gaan. Moenie mooi beloftes glo nie. Doen jou huiswerk baie deeglik voordat jy iemand vertrou.*

R2: *Ek wens ek was gekwalifiseer om 'n tweede beroep te begin. Ek dink mense moet hulle kwalifiseer om na aftrede iets te begin wat die inkomste kan aanvul.*

R3: *Kommunikasie, kommunikasie, kommunikasie. Die man moenie dink omdat dit sy geld is wat hy waag, dit niks met sy vrou te doen het nie. Albei se toekoms word geraak, daarom moet albei deel hê aan die besluitnemingsproses, en as jy sien iets werk nie, "cut your losses" en loop weg voordat alles wat jy het daarmee heen is. En aan my kindes, moenie dink aan aftree nie, dink aan 'n tweede en derde loopbaan. Hou aan werk totdat jy regtig nie meer kan nie.*

R4: *Oppas vir 'n slagoffermentaliteit. Dit gaan jou isoleer.*

R5: *Kan aan niks verder dink nie.*

2.9 Voorlopige samevatting en gevolgtrekkings

Die proses van data-insameling het oor 'n periode van bykans twee jaar gestrek. Aanvanklik is gebruik gemaak van die kwantitatiewe proses. Dit het 'n gemeentepname behels waartydens lidmate versoek is om 'n vraelys (BYLAAG 5) te voltooi. Dieselfde vraelys is ook aan lidmate van twee ander gemeentes (Bredasdorp en Stilbaai) gestuur om ingevul te word. Die algemene inligting wat van 86 respondente ontvang is, kon as vertrekpunt dien vir verdere gesprek en navorsing. Afhanklikheid, beide finansiële en fisies, is as die grootste vrees deur afgetredenes aangedui.

As uitvloeisel van hierdie opname is 'n gemeenteseminaar oor aftrede op 19 - 21 Mei 2014 in die plaaslike gemeente aangebied deur dr Deon Bruwer, pastorale sielkundige, ook betrokke by die Stikland Psigiatrisie Hospitaal. Die seminaar is bygewoon deur 39 lidmate – almal afgetredenes. Dr Bruwer het gefokus op die funksionering en “instandhouding” van die brein na aftrede. Gedurende die enkele gespreksessie is die vrees vir afhanklikheid weereens beklemtoon. Terugvoer oor die seminaar het gewissel van baie positief tot baie negatief. Vir bykans die helfte het dit nie aan die verwagtinge voldoen nie en daar is besluit op 'n opvolgeleentheid waartydens meer op gesprek en lidmate se belewenis van aftrede gefokus sou word. Hierdie gesprek, gefasiliteer deur die navorser, het in September van dieselfde jaar plaasgevind. Die vrees vir afhanklikheid is herhaaldelik deur die gespreksgenote as hul grootste bekommernis aangedui. Daar was ook konsensus dat die ander groot vrese wat geopper is, naamlik eensaamheid en gesondheidsprobleme, deur finansiële probleme vererger word.

Vervolgens is gebruik gemaak van die kwalitatiewe metode waartydens persoonlike, semigestruktureerde onderhoude met respondente gevoer is. Die antwoorde is verwerk onder twee hoofemas, naamlik (1) die fisiese en praktiese implikasies van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede en (2) die uitwerking van finansiële nood na aftrede op eiewaarde. Hierdie twee hoofemas is onder verskeie subtemas hanteer.


Daar is aanduidings dat die besef van finansiële nood weens onvoorsiene omstandighede volgens die tipiese fases van rou, soos beskryf deur dr Elizabeth

Kubler-Ross in haar boek "*On Death and Dying*" (1969) verloop. Hierdie stappe bestaan uit ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding (Patricelli n.d.) Uit die reaksie van respondente kan voorlopig tot die slotsom gekom word dat finansiële probleme na aftrede, indien nie aanvanklik nie, wel met verloop van tyd 'n negatiewe uitwerking op die individu se gevoel van eiewaarde het en dat dit interaksie op verskeie vlakke nadelig affekteer.

Die volgende hoofstuk sal 'n oorsig bied van die bevindinge van 'n literatuurstudie van die aangrensende wetenskappe en die bydrae wat dit kan lewer tot 'n beter verstaan van die huidige situasie.

---oOo---

BYLAAG 1



MY HUIDIGE SITUASIE

Instruksies: Omkring die antwoord wat die meeste ooreenstem met jou situasie.

- | | | | |
|--|----|-----|-----|
| 1. Is jy getroud / het jy 'n saamwoonmaat? | Ja | Nee | |
| 2. Geniet jy goeie gesondheid? | Ja | Nee | |
| 3. Is jy verseker van 'n konstante inkomste? | Ja | Nee | |
| 4. Sou jousef as 'n gelowige bestempel? | Ja | Nee | |
| 5. Het jy 'n goeie verhouding met jou bure? | Ja | Nee | |
| 6. Is jy betrokke by gemeente en/of gemeenskaps-aktiwiteite? | Ja | Nee | |
| 7. Het jy 'n goeie verhouding met jou huweliks-/saamwoonmaat? | Ja | Nee | nvt |
| 8. Bid jy gereeld? | Ja | Nee | |
| 9. Bied jou inkomste jou finansiële gemoedsrus? | Ja | Nee | |
| 10. Het jy goeie verhoudings met jou kinders? | Ja | Nee | nvt |
| 11. Beoefen jy 'n stokperdjie? | Ja | Nee | |
| 12. Het jy gereelde kontak met jou kleinkinders? | Ja | Nee | nvt |
| 13. Het jy iemand in jou lewe op wie se knoppie jy vir enigiets, dag of nag, kan druk? | Ja | Nee | |
| 14. Ervaar jy dié dinge waaraan jy jou tyd bestee as sinvol? | Ja | Nee | |

BYLAAG 2



OMKRING DIE ANTWOORD WAT DIE MEESTE OOREENSTEM MET HOE JY TANS VOEL:

- | | | |
|--|----|-----|
| 1. Is jy oor die algemeen tevrede met jou lewe? | Ja | Nee |
| 2. Het jy baie van die dinge waarmee jy onlangs begin het, laat vaar? | Ja | Nee |
| 3. Voel jy dat jou lewe leeg is? | Ja | Nee |
| 4. Raak jy dikwels verveeld? | Ja | Nee |
| 5. Verkeer jy die meeste van die tyd in 'n goeie gemoedstoestand? | Ja | Nee |
| 6. Is jy bang dat iets sleg met jou gaan gebeur? | Ja | Nee |
| 7. Is jy die meeste van die tyd gelukkig? | Ja | Nee |
| 8. Voel jy dikwels hulpeloos? | Ja | Nee |
| 9. Verkies jy om tuis te bly, eerder as om uit te gaan en iets nuuts te gaan doen? | Ja | Nee |
| 10. Dink jy jy ervaar meer probleme met jou geheue as die meeste ander mense? | Ja | Nee |
| 11. Dink jy dit is wonderlik om nou te leef? | Ja | Nee |
| 12. Voel jy dat jy, soos wat jy nou is, nie veel werd is nie? | Ja | Nee |
| 13. Voel jy energiek? | Ja | Nee |
| 14. Voel jy dat jou situasie hopeloos is? | Ja | Nee |
| 15. Dink jy die meeste mense is beter daaraan toe as jy? | Ja | Nee |

BYLAAG 3

ROSENBERG SELF-ESTEEM SCALE (Rosenberg, 1965)



JB = Ja, beslis
J = Ja
N = Nee
BN = Beslis Nie

Instruksies: Onder volg 'n lys stellings wat handel oor hoe jy oor die algemeen oor jouself voel. Indien jy beslis saamstem, omkring **JB**. Indien jy saamstem, omkring **J**. Indien jy nie saamstem nie, omkring **N**. Indien jy beslis nie saamstem nie, omkring **BN**.

1. Oor die algemeen is ek tevrede met myself	JB	J	N	BN
*2. Soms dink ek is niks werd nie	JB	J	N	BN
3. Ek voel dat ek 'n aantal goeie eienskappe het	JB	J	N	BN
4. Ek kan dinge net so goed doen soos die meeste ander mense	JB	J	N	BN
*5. Ek voel nie dat ek baie het om op trots te wees nie	JB	J	N	BN
*6. Ek voel beslis soms niks werd nie	JB	J	N	BN
7. Ek voel dat ek 'n waardevolle persoon is, minstens net so waardevol as ander		JB	J	N
BN				
*8. Ek wens ek kon meer respek vir myself hê	JB	J	N	BN
*9. Alles in ag genome, is ek geneig om te voel dat ek 'n mislukking is	JB	J	N	BN
10. Ek het 'n positiewe ingesteldheid teenoor myself	<u>JB</u>	<u>J</u>	<u>N</u>	<u>BN</u>

TOTAAL:

Punttoekenning: JB = 3; J = 2; N = 1; BN = 0

Items wat met 'n *asterisk gemerk is, werk andersom: JB = 0; J = 1; N = 2; BN = 3

BYLAAG 4

Vrae vir semi-gestruktureerde onderhoude:

1. Wat was jou verwagting van aftrede?
2. Hoe lank na aftrede het jou finansiële probleme begin?
3. Wat was die oorsaak daarvan?
4. Hoe het dit jou lewe verander?
5. Watter praktiese aanpassings moes jy maak?
6. Hoe het dit jou sosiale interaksie beïnvloed?
7. Watter uitwerking het dit op jou gevoel van eiewaarde?
8. Hoe beïnvloed die situasie jou verhoudings (met huweliksmaat, kinders, kleinkinders, familie, vriende, ander)
9. Hoe het dit jou spiritualiteit beïnvloed?
10. Wat is tans jou grootste vrees/bekommernis?
11. Watter raad het jy vir mense wat binnekort gaan aftree met betrekking tot hul finansiële beplanning?
12. Is daar enigiets wat jy wil byvoeg wat jy dink belangrik is?

BYLAAG 5

VRAELYS VIR AFGETREDENES

Deur hierdie vraelys volkome eerlik in te vul, kan jy 'n groot bydrae lewer daartoe om huidige en toekomstige afgetredenes te help. Jou insette kan groter insig bring in die tipiese probleme wat afgetredenes ondervind – kennis wat van onskatbare waarde is vir toekomstige navorsing en beplanning.

Wees verseker daarvan dat alle inligting met die grootste omsigtigheid hanteer sal word. Jy vul die vorm tuis anoniem in en kom plaas dit in die gemerkte houer in die portaal. Slegs indien jy jou beskikbaar wil stel vir 'n persoonlike gesprek, vul jy die blokkie onderaan in. Ook daardie inligting word as vertroulik hanteer. Baie dankie vir jou kosbare hulp. Dit word hoog op prys gestel.

Freda Kleinschmidt

Sel 083 452 8714

Landlyn 028 435 6855

e-pos freda@cgr.co.za

---oOo---

Merk die toepaslike blokkie: (X)

1. Huwelikstaat

Ongetroud	Getroud	Geskei	Weduwee/wewenaar
-----------	---------	--------	------------------

2. Indien getroud, is dit jou eerste huwelik?

Ja	Nee
----	-----

3. Geslag

M	V
---	---

4. Is jy ten volle/gedeeltelik afgetree?

Ten volle	Gedeeltelik
-----------	-------------

5. Is jy self die afgetredene?

Ja	Nee
----	-----

OF

Is jy die lewensmaat van 'n afgetredene?

Ja	Nee
----	-----

OF

Het julle albei beroepe beklee waaruit julle afgetree

Ja	Nee
----	-----

 het?

6. Ouderdom

Onder 60	
60 – 65	
66 – 70	
71 – 75	
76 – 80	
80+	

14. Bedryf jy 'n stokperdjie? Ja Nee

Indien ja, noem kortliks

.....

15. Behoort jy aan enige klubs, organisasies en/of dien jy op enige rade, komitees?

Ja Nee

16. Indien JA, vul dit jou inkomste aan? Ja Nee

17. Het jy in enige stadium na aftrede 'n tweede loopbaan begin? Ja Nee

18. Indien NEE, was dit uit eie keuse? Ja Nee

19. Indien jy na aftrede om betrekking aansoek gedoen het maar dit nie gekry het nie, waaraan skryf jy dit toe?

Oorgekwalifiseerd Ondergekwalifiseerd Word as te oud beskou Ras

20. Indien jy wel 'n tweede loopbaan begin het, vir hoe lank het jy dit volgehou/hoe lank is jy al daarmee besig? jaar

21. Indien jy wel 'n tweede loopbaan begin het, wat was jou oorwegings?

Finansiële oorwegings Tydverdryf Selfvervulling Ander

22. Hoe sou jy jou fisiese gesondheid evalueer? Merk met 'n X die toepaslike syfer (1 = uitstekend tot 5 = swak)

1 2 3 4 5

23. Ly jy aan enige van die volgende

Angstigheid		Agressie	
Depressie		Hoë bloeddruk	
Kroniese hoofpyne		Lusteloosheid	
Slapeloosheid		Vergeetagtigheid	

24. Geniet jy tans finansiële gemoedsrus? JA NEE

25. Indien JA en indien jou situasie min of meer dieselfde bly, glo jy dat jy steeds finansiële gemoedsrus sal geniet

oor 5 jaar
oor 10 jaar
langer

JA	NEE
JA	NEE
JA	NEE

26. Ervaar jy jou lewe oor die algemeen as sinvol, met ander woorde, glo jy dat wat jy doen, waarde inhou?

JA	NEE
----	-----

27. Wat is jou grootste vrees rondom ouer word?

Ek is bang dat

.....
.....
.....

Vul asb hierdie gedeelte in indien jy bereid is om 'n persoonlike gesprek met my te voer

Naam

Woonadres
.....

Telefoonnommer(s) Landlyn Sel

E-posadres (indien jy een het)

Hiermee gee ek toestemming dat die inligting wat ek verstrek, vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word. **(Wees verseker dat enige inligting wat jy op hierdie vorm of in 'n gesprek verstrek, as vertroulik hanteer sal word. Jou naam sal nêrens bekendgemaak word nie!)**

Handtekening **Datum**

HOOFSTUK 3

‘N LITERATUURSTUDIE VAN DIE NAASLIGGENDE WETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE OORSAKE VAN EN EFFEK OP EIEWAARDE VAN FINANSIËLE KRISIS NA AFTREDE

3.1 Inleiding

Alle navorsing geskied binne ‘n werklikheid waar ontwikkelings op die terrein van verskillende wetenskappe voortdurend nuwe teorieë en insigte na vore bring. Hierdie teorieë en insigte beïnvloed die invalshoeke vanwaar ons na ‘n fenomeen kyk (De Wet 2012:33). Dit volg dus dat ‘n multidissiplinêre benadering tot navorsing dialoog tussen die Praktiese Teologie en die naasliggende wetenskappe noodsaak. Terwyl ‘n basisteorie steun op Bybelse beginsels en norme, word ‘n metateorie geformuleer uit die relevante sekulêre of nie-godsdienstige studieverde, spesifiek daardie wat kan bydra tot die ontwikkeling van ‘n pastorale beradingsmodel (Schoeman 2005:131). Heystek (2000) is van oortuiging dat ‘n praktykteorie eers as volledig beskou kan word wanneer ‘n metateorie daarmee geïntegreer is (Theron 2004:57).

Venter (1993:247) verduidelik die term *metateorie* as “‘n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek.” Volgens Heyns en Pieterse (1990:49) het metateorie dié funksie dat “(it) defines scientific premises that are shared more or less universally with other sciences”. Wallis onderskryf genoemde definisies wanneer hy verklaar: “*by working from a metatheoretical perspective, we gain the opportunity to understand and integrate theories across disciplinary boundaries.*” (Wallis 2010:75)

In die lig hiervan volg dit dat riglyne vir die pastorale begeleiding van afgetredenes in finansiële nood eers ontwikkel kan word nadat die perspektiewe op aftrede, veroudering en finansiële nood en die uitwerking daarvan op eiewaarde vanuit die naasliggende wetenskappe geïntegreer is.

3.1.1 Wetenskappe relevant vir hierdie navorsing

Die wetenskappe wat in mindere of meerdere mate raakvlakke met die praktiese teologie deel en/of waarvan die perspektiewe op die navorsingsonderwerp relevant is, is die

- **Sosio-gerontologie** wat, soos die naam aandui, 'n dissipline behels wat 'n samevoeging is van die twee velde, sosiologie en gerontologie. Sosiologie word deur Johnson (2000) gedefinieer as *“the study of social life and behaviour, especially in relation to social systems, how they work, how they change, the consequences they produce, and their complex relation to people’s lives.”* (Malan & Dreyer 2009:2)

In 'n oorsig van Erber se boek *“Aging and older Adulthood”* (2010), verskyn sy omskrywing van gerontologie, naamlik *“the study of the biological, behavioral and social phenoma from the point of maturity to old age”*. (Sainsbury’s eBooks) In die elektroniese woordeboek, *The Free Dictionary by Farlex*, word dit verklaar as *“the scientific study of the biological, psychological and sociological phenomena associated with old age and aging”* en *“the study of human aging and the elderly”*.

- **Ekonomie** wat omskryf word as dié wetenskap wat 'n studie maak van hoe die mens met behulp van hulpbronne die maksimum bevrediging van sy stoflike behoeftes probeer verkry (Labuschagne & Eksteen 2010:240). Die huidige aftreebeleid in ontwikkelde lande en spesifiek in Suid-Afrika sal in oënskou geneem word om te bepaal in watter mate dit by hierdie definisie aansluit. In sy navorsing het Atchley (1982:129, 131) bevind dat afgetredenes se finansiële posisie 'n belangrike bydrae lewer tot die lewensbevrediging wat hulle ervaar.
- **Psigologie** word deur Labuschagne en Eksteen (2010:961) omskryf as die “studie van die menslike verstand (gees) en die werking daarvan”. Vir die Christenberader is die Bybel van diepgaande en blywende relevansie om die nood van beradenes te ondervang. Maar God het wetenskaplikes ook toegelaat om deur middel van akademiese studies en deeglike navorsing meer van sy skeppingswerk te leer.

Nuutgevonde waarhede moet egter altyd in ooreenstemming wees met en getoets word aan die norme van reeds bekende Bybelse waarhede. Ons sal egter die doeltreffendheid van ons berading beperk as ons voorgee dat die bevindinge van sielkunde niks het om tot ons begrip en die oplossing van probleme by te dra nie. (Collins 2005:11-12)

- **Spiritualiteit** verwys na die mens se toegewydheid aan God/godsdiens of geestelike waardes, veral in teenstelling met fisiese of tydelike waardes (Labuschagne en Eksteen 2010:1180). Die Merriam-Webster Dictionary omskryf “*spirituality*” as “*the quality or state of being concerned with religion or religious matters: the quality or state of being spiritual*”. Keyes en Reitzes (2007:435) postuleer dat “*feelings of being more confident as a religious person should encourage higher self-esteem and decrease depressive symptoms among older men and women.*” Volgens hulle verhoog deelname aan godsdiensbeoefening die kwaliteit en kwantiteit van sosiale verhoudings wat ‘n positiewe bydrae tot die geestelike welsyn van ouer mense lewer.

3.1.2 Die invloed van demografiese inligting in hierdie studie


Die groot hoeveelheid demografiese studies oor die menslike populasie het ten doel om die kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte daarvan te bepaal sodat die invloed wat dit op individue en strukture het, bestudeer en gedokumenteer kan word. Die e-woordeboek, *Business Dictionary*, definieer “demografie” (*demography*) soos volg:

Demography is the study of both quantitative and qualitative aspects of human population. Quantitative aspects include composition, density, distribution, growth, movement, size, and structure of the population. Qualitative aspects are the sociological factors such as education quality, crime, development, diet and nutrition, race, social class, wealth, and wellbeing.

Demografiese studies wat uitsluitlik fokus op die verouderende mensdom is wêreldwyd onderneem en daar skyn konsensus te wees dat huidige tendense sal voortduur tot in die een en twintigste eeu (Myers & Eggers, 2007:382). Verskeie kundiges in Suid-Afrika huldig die standpunt dat langlewendheid ‘n groter probleem vir regerings skep as bevolkingsgroei (vgl Smit 2011; Bekker 2009:14; Müller 2013b:6). In futuristiese kringe word toenemend bespiegel oor die moontlikheid van ‘n “*longevity race*” wat die tradisionele wapenwedloop tussen nasies in belangrikheid sal verbysteek (Müller 2013b:5).

In Suid-Afrika het die aantal blankes bo 66 jaar van 2001 af tot 2015 ‘n groei van 39% getoon met ‘n verwagte groei van 41% tot 2021, soos geïllustreer deur die onderstaande tabel:

Tabel 3.1: Projeksie van groei in aantal blanke bejaardes 66 jaar en ouer: 2001 – 2021



Figuur 8: Projeksie van Blanke bejaardes 66 jaar en ouer: 2001-2021

Bron: Smit 2011, Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Die implikasies van die huidige beleid waarvolgens werknemers tussen die ouderdom van 60 tot 65 jaar aftree, dra direk daartoe by dat die persentasie ekonomies aktiewe mense drasties afneem. “Die geboorteaanwas in ontwikkelende lande is onder die groeikoers. Dit plaas ‘n groot druk op ekonomiese groei en fondse vir pensioene, mediese sorg en welsynsdienste. Dit is al bestempel as ‘n dreigende ramp.” (Bekker 2009) In 1950 het sestien werkendes een pensioentrekker ondersteun teenoor die huidige 3,3 werkers per pensioenaris. Volgens Eurostat se projeksie wat in 2008 vrygestel is, sal daar teen 2060 in die Europese Unie slegs twee werkendes (ouderdom 15 – 64) wees vir elke persoon ouer as 65 (Goldenworkers 2012).

Op grond van hierdie gegewens sowel as feite wat reeds in Hoofstuk 1 onder “Probleemstelling” (punt 2) genoem is, is dit duidelik dat die model vir aftrede van die een en twintigste eeu daar heelwat anders sal moet uitsien as dié van die vorige eeu.

3.2 Doelstelling van die hoofstuk

Osmer se tweede taak is die interpreterende moment wat poog om redes te vind vir die verskynsel wat uit die gegewens in die deskriptief-empiriese taak aan die lig

gekom het (*why is it going on?*). Dit wil dus die beskrywende taak binne 'n raamwerk plaas wat 'n beter verstaan daarvan moontlik maak. “*Sagely wisdom*” word van die navorser vereis wat bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en gesonde oordeel impliseer. Osmer is van oortuiging dat perspektiewe en teorieë van verskeie dissiplines bydra tot groter begrip van komplekse, multidimensionele gebeure, situasies en kontekste (Osmer 2008:83-84, 164).

Wyse beoordeling (*sagely wisdom*) verg van die navorser

erkenning van die relevante besonderhede van spesifieke gebeure en omstandighede, onderskeiding van die morele waardes wat hierby betrokke is en gemotiveerdheid om die bedienings- of navorsingsdoel in die lig van die beperkinge en moontlikhede van 'n besondere tyd en plek, te bereik. (De Klerk 2012:239)

Die relevante besonderhede van die gebeure met betrekking tot die finansiële nood waarin deelnemende respondente hulle bevind, is in Hoofstuk 2 weergegee. Die morele waardes wat in die situasie waarop gefokus word betrokke is, naamlik selfbeeld en eiewaarde in die lig van finansiële nood, word in hierdie en latere hoofstukke deurgaans voor oë gehou. Die bedienings- en navorsingsdoel, naamlik die ontwikkeling van 'n holistiese benadering tot die versorging van afgetredenes in finansiële nood, word in Hoofstuk 5 hanteer.

Ten einde 'n beter verstaan van die spesifieke gebeure, situasies en kontekste te bewerkstellig, moet die interpreterende taak in gesprek tree met die naasliggende wetenskappe (Osmer, 2008:162). So 'n gesprek sal bepaal tot watter mate die perspektiewe van hierdie wetenskappe met die basis-teoretiese perspektief geïntegreer kan word.

3.3 Perspektiewe vanuit die naasliggende wetenskappe

'n Groot aantal studies wat oor verskillende fasette van veroudering handel, het die afgelope dekades die lig gesien. Verslae en verslaggewing oor die biologiese proses van veroudering, die uitwerking daarvan op die individu en die verskillende hanteringsmeganismes (Baker & Gringart 2009; Elledge-Volker 2010; Ellin 2011; Goswami 2013:64), aftrede as sosiaal-maatskaplike fenomeen (Cowgill 1974; Atchley 1982; Malan & Dreyer 2009), die finansiële posisie van afgetredenes (Müller

& Stevens 2001, May 2003; Müller 2013b; Pickworth 2014) die psigologie van ouerword (Thoits 1995; Reitzes, Mutran & Fernandez 1996; Collins 2005; McLeod 2007) en die rol wat spiritualiteit in die psigologiese welsyn van ouer mense speel (Snodgrass & Sorajjakool 2011; Krause 2006; Keyes en Reitzes 2006) is gepubliseer. Op grond van die bevindinge van hierdie navorsing wil dit voorkom asof verlangsaming en ontkenning van die proses van veroudering 'n positiewe uitwerking op eiewaarde het. Swak gesondheid, depressie en finansiële probleme het 'n negatiewe uitwerking op beide die fisiologie en die psigologie van die afgetredene met gepaardgaande verminderde eiewaarde. Spiritualiteit bemagtig afgetredenes om lewenskrisisse en –verliese beter te hanteer en lei tot verhoogde eiewaarde. Hierdie hipoteses sal vervolgens in oënskou geneem word vanuit die perspektiewe van die genoemde dissiplines.

3.3.1 Sosio-gerontologiese perspektiewe

Hoewel die geriatrie en die gerontologie afsonderlike definisies het, is dit soms moeilik om tussen die twee dissiplines te onderskei. Breedweg verwys die term “geriatrie” na die bestudering van siekteverwante aspekte van veroudering terwyl die gerontologie die studie van gesonde bejaardes behels. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word gefokus op gesonde bejaardes wat dit dus binne die definisie van die gerontologie plaas.

Die gerontologie word deur Atchley en Barusch (2004:2) omskryf as 'n vakgebied waarin die rede ingespan word om die proses van veroudering te begryp. Ferraro (2013:3) is van mening dat 'n bewustheid van die proses van veroudering by die mens tot 'n beter verstaan sal lei van die wetenskaplike bydraes wat navorsers tot hierdie studieveld gemaak het. Ferraro postuleer dat 'n verskeidenheid van faktore, naamlik die biologiese-, gedrags-, sosiale- en spirituele belewenis van veroudering en die uitwerking daarvan op die mens, 'n dimensie van die gerontologie vorm. Dit volg dus dat die maatskaplike implikasies van aftrede, finansiële nood na aftrede en die gevolge en uitwerking daarvan op menslike gedrag en eiewaarde, hierby ingesluit sal wees.

3.3.1.1 Die ontwikkelingsfases van die mens

Die bekende psigoanalisis Erik Erikson het die lewe in agt ontwikkelingsfases verdeel met teenoorstaande, aangeleerde persoonlikheidseienskappe wat in elk van die

fases oorheers. 'n Volledige uiteensetting van hierdie lewensfases verskyn in die boek "*Identity and the Life Cycle*" (1980), wat 'n samevatting is van sy drie vroeëre verhandelings oor die onderwerp.

Die sielkundige Kendra Cherry (2005:1-3) verskaf 'n bondige samevatting van Erikson se lewensfases. Die eerste fase is die suigelingfase waar vertroue of wantroue gekweek word gevolg deur die vroeë kinderfase waartydens sekere noodsaaklike vaardighede bemeester word met selfvertroue of selftwyfel as die uitkoms. Die speelfase word gekenmerk deur die kweek van inisiatief of skuldgevoelens en bestaan grootliks uit die nabootsing van volwassenes. Gedurende die skoolfase, wat uiters belangrik is vir die ontwikkeling van die selfbeeld, ontwikkel gevoelens van ywer vs minderwaardigheid terwyl adolessensie die fase is wat tot óf 'n bevestiging van identiteit óf rolverwarring lei en waartydens dit wat ons doen, 'n primêre rol speel in ons verdere ontwikkeling. Die volwasse stadium word verdeel in jong, middel en laat volwassenheid. Tydens jong en middelvolwassenheid ervaar die individu solidariteit vs isolasie en mededeelsaamheid vs selfbehepthed onderskeidelik. In die fase "laat volwassenheid", staan integriteit teenoor wanhoop. Erikson beskou wysheid as die uitstaande eienskap van hierdie lewensfase.

Erikson felt that much of life is preparing for the middle adulthood stage and the last stage is recovering from it. Perhaps that is because as older adults we can often look back on our lives with happiness and are content, feeling fulfilled with a deep sense that life has meaning and we've made a contribution to life, a feeling Erikson calls integrity. Our strength comes from a wisdom that the world is very large and we now have a detached concern for the whole of life, accepting death as the completion of life. (Harder, 2002)

Kultuur en gedrag oefen 'n baie sterk invloed uit op die ontwikkeling van die mens. Ontwikkeling word dus bepaal deur die interaksie tussen die biologies-genetiese programmering (die liggaam), die psigologie (die verstand) en kulturele invloede. "*His (Erikson's) developmental stages were based on his philosophy that (1) the world gets bigger as we go along and (2) failure is cumulative.*" Gedurende elke lewensfase ervaar die mens 'n konflik wat 'n keerpunt in die ontwikkeling van identiteit meebring. Volgens Erikson is hierdie konflikte gesetel in die vermoë of onvermoë om 'n bepaalde psigologiese kwaliteit te ontwikkel. Die potensiaal vir persoonlike groei is groot, maar so ook die potensiaal vir mislukking. (Cherry 2005)

Wanneer die laaste van die agt lewensfasies bereik word, word teruggekyk met die wete dat die lewe die moeite werd was en dat ons 'n bydrae gelewer het, 'n gevoel van satisfaksie wat Erikson "integriteit" noem. Dit mag egter ook gebeur dat die individu wanhoop ervaar weens sekere lewenservarings en gewaande mislukkings (Harder 2002). Uit die gesprekke met afgetredenes het duidelik geblyk dat finansiële nood na aftrede as beide 'n traumatiese lewenservaring en as 'n teken van mislukking ervaar word. Respondente het aangedui dat hul lewens ingrypend verander het, dat verwagtinge en drome vernietig is, dat 'n herdefiniëring van die self plaasgevind het (Hfst. 2.8.7.1 – 2.8.7.5).

Maslow se teorie oor die mens se behoefte-hiërargie toon raakpunte met Erikson se ontwikkelingsfasies in dié opsig dat elke behoefte of fase eers bevredig of bemeester moet word voordat suksesvol na die volgende behoefte/fase oorgegaan kan word. Volgens Maslow moet daar eers aan die basiese behoeftes voldoen word voordat die behoefte aan selfverwesenliking (*actualization*) sal ontstaan. Vordering word dikwels ontwig wanneer daar nie aan die basiese behoeftes voldoen word nie. "*Life experiences including divorce and loss of job may cause an individual to fluctuate between levels of the hierarchy.*" (McLeod 2008) Ten spyte van geregverdigde kritiek teen Maslow se teorie, het navorsers bevind dat afgetredenes wat finansiële nood ervaar, noodgedwonge terugkeer na die bevrediging van die basiese behoeftes wat bestaan uit kos, veilige huisvesting en klere (Vgl Ramashala 2001; Shreve-Neiger 2002; May 2003). Gevalle 1 – 4 waarna verwys is (Hfst. 2.8.1) illustreer dat die stryd om oorlewing prioriteite in 'n mens se lewe wysig. Al vyf respondente (Hfst. 2.8.6.1, 2.8.6.3, 2.8.6.4) het bevestig dat 'n lewenstyl wat voorheen as vanselfsprekend beskou is, drasties gewysig moes word om aan die basiese behoeftes te voldoen.

3.3.1.2 Multidimensionaliteit van en heersende teorieë oor veroudering

Veroudering is 'n komplekse proses wat deur verskeie sosiale prosesse en strukture beïnvloed word. Die sosio-gerontologie word verdeel in mikro- en makrodimensies. Eersgenoemde behels die bestudering van die lewenservaring van ouer persone, afhanklikheid, rolaanpassing en sosiale interaksie terwyl die makrodimensie te make het met demografiese veranderings, verhoudingstelsels, die ontleding van regeringsbeleid, konflik, politiek en die ekonomie (Malan & Dreyer 2009:2). Johnson (2000:299) beskou sosiale veroudering as 'n meer komplekse proses as kronologiese veroudering:

Social aging involves the passage from one social position to another. This brings new rights and responsibilities and a changing social identity. All societies divide the life course into a series of age categories, each of which is associated with various cultural ideas about who people are, what they can do, and what is expected of them in relation to other people.

Die multidimensionaliteit van veroudering is ook sigbaar in 'n verslag, saamgestel op versoek van die *Directorate-General for Employment, Social Affairs and Inclusion*. Dit fokus op die algemene persepsies van ouderdom en ouer mense, ouer mense in die werkplek, aftrede en pensioene, vrywillige werk en ondersteuning vir ouer mense, en die skep van 'n ouderdomsvriendelike omgewing (Special Eurobarometer 2012:7-9). Oor elk van hierdie aspekte van ouerword, het verskeie navorsingstukke die lig gesien (vgl Atchley 1982; Gerstein 2013; Heslop, Agyarko, Adjetey-Sorsey & Mapetla 2000; Nelson 2005; Müller 2013b) wat berus op bepaalde wetenskaplike teorieë oor die onderwerp. Sodanige teorieë word beskou as een van die pilare wat die wetenskap steun (De Vos & Strydom 2011:38).

Ten spyte van beperkinge, is Kastenbaum (1993), soos aangehaal deur Malan en Dreyer (2009:2), van mening dat dit waarde inhou om die verband tussen veroudering en teorieë oor veroudering in oënskou te neem. Toegepaste navorsing in die sosio-gerontologie is gerig op probleemoplossing. Gegewe die kompleksiteit van hierdie vakgebied kon navorsers tot nog toe nie konsensus bereik oor wat as 'n teorie beskou kan word nie. Volgens De Vos en Strydom (2011:39) is dit belangrik om in die soeke na die aard van wetenskaplike teorie in gedagte te hou dat teorie in die sosiale wetenskappe op drie vlakke voorkom, naamlik “*grand theory, theories of the middle range, and low-level or ad hoc theories.*” Die sosioloog Merton (1968), soos aangehaal deur Hendricks, Applebaum en Kunkel (2010:228-229), verduidelik “*middle-range theories*” soos volg:

there are also middle-range theories that do not attempt to explain everything, but instead intend to build a bridge between observable problems and middle-range conceptualization. One way or another, the goal of theorizing is to capture what Glaser and Strauss (1967) refer to as ‘themes of meaning’ in daily life.

'n Sosiologiese teorie wat tot 'n beter begrip van veroudering kan lei, is die akwiteitsteorie. Persoonlikheidsteorieë wat uit die psigologie en gerontologie voortspruit, is die kontinuïteits- en onttrekkingsteorieë. Al drie hierdie teorieë lewer in die brugbouproses 'n bydrae tot 'n beter verstaan van die uitkringende effek van finansiële nood ná aftrede.

- **die aktiwiteitsteorie**

Met aftrede verlaat die individu 'n duidelik-gedefinieerde beroepsrol vir die ongedefinieerde en onseker rol van 'n afgetredene. Benewens die ekonomiese funksie van 'n beroep, skep dit ook 'n gevoel van produktiwiteit en bruikbaarheid. Om 'n gesonde selfbeeld te handhaaf is dit daarom noodsaaklik dat rolle, uitgesluit die primêre beroepsrol, en aktiwiteite wat voor aftrede en veral gedurende die middeljare prominent was, sover as moontlik na aftrede voortgesit moet word. Die aktiwiteitsteorie suggereer dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die gesondheid en welsyn van die afgetredene en die aktiwiteitsvlakke wat gehandhaaf word op psigologiese, fisiologiese, sosiale en godsdienstige gebied (Coetzer 1993:98). Ray en Heppe (1986), soos aangehaal deur Malan en Dreyer (2009:2), wys daarop dat "*self-concept*" 'n integrale deel uitmaak van die aktiwiteitsteorie. Verskeie faktore lewer 'n bydrae tot die algemene welsyn van afgetredenes. Een daarvan is dat betrokkenheid by 'n aktiwiteit die individu dwing om 'n persoonlike doelwit te stel. Die bereiking van so 'n doelwit het 'n positiewe uitwerking op die selfbeeld, selfevaluering en die persepsie van bevoegdheid. Deelname aan aktiwiteite bied ook geleentheid tot sosialisering en kreatiwiteit terwyl liggaamlike aktiwiteit noodsaaklik is vir goeie gesondheid (Potniček & Sonnentag 2013:499).

Die aktiwiteitsteorie plaas besondere klem op die invloed van rolverlies op die afgetredene. Rolverlies lei tot sowel verminderderde aktiwiteit as verminderde verantwoordelikhede. Rosow (1974:10) wys daarop dat rolverlies oor die algemeen onwelkom en gedwonge is. "*Role losses inevitably affect previous group memberships, lower prestige and reduce one's status sets and the social integration they provide the individual.*"

Die waarde van die aktiwiteitsteorie is beperk in soverre die afgetredene se betrokkenheid by verskillende aktiwiteite nie suksesvolle aanpassing waarborg nie. Gebeure wat dikwels na aftrede voorkom soos die verlies van 'n

lewensmaat, swak gesondheid, rolverandering in die gesin en die verlies aan inkomste, kan daartoe bydra dat die afgetredene se deelname aan aktiwiteite afneem en hy/sy hom/haar al hoe meer aan die samelewing begin onttrek (Malan & Dreyer 2009:2). Hierdie aanname blyk geregverdig te wees wanneer respondente se antwoord op die vraag oor sosiale interaksie ontleed word. Dit blyk dat hulle vriende en kennisse uit die era toe hulle nog finansiële sekuriteit geniet het, vermy. Slegs geleenthede waaraan geen koste verbonde is nie, word bygewoon. Tog is daar minstens twee gevalle waar respondente aangedui het dat dit nie hul sosiale interaksie negatief beïnvloed het nie. 'n Vroulike respondent (R4, Hfst. 2.8.5) skryf hul finansiële probleme toe aan faktore buite hul beheer terwyl Respondent 5 deur die toedoen van 'n swendelaar alles verloor het. In beide gevalle blameer hulle nie hulleself vir die situasie nie en ervaar hulle nie sosiale isolasie nie.

- **die kontinuïteitsteorie**

In sy navorsing wat oor meer as twee dekades gestrek het (1971-1993), het Robert Atchley die kontinuïteitsteorie ontwikkel en verfyn ten einde 'n beter begrip van die proses van aftrede te bewerkstellig. Atchley se bevinding was dat aftrede nie noodwendig 'n negatiewe uitwerking op welsyn het nie omdat ouer werknemers se beroep dikwels nie meer die sentrale plek in hul lewens inneem nie. Verhoudings met die gesin en vriende word as van groter belang geag en aftrede word beskou as 'n geleentheid om meer tyd aan sodanige verhoudings te bestee. Nietemin verteenwoordig 'n "vashou" aan die beroepsidentiteit na aftrede 'n belangrike bron van kontinuïteit vir die afgetredene (Reitzes, Mutran & Fernandez 1996:650-651). Die persepsie van kontinuïteit word beïnvloed deur beide interne en eksterne faktore.

Die grondslag van interne kontinuïteit is in stabiele interpersoonlike kenmerke geleë wat tot aanpasbaarheid by die omgewing bydra, en wat versteur kan word wanneer ouer persone byvoorbeeld hulle werk verloor. Eksterne kontinuïteit het met die stabiliteit van die eksterne omgewing te doen. (Malan & Dreyer 2009:3)

Die ouer persoon se behoefte aan interne kontinuïteit is gesetel in "stabiele standpunte omtrent homself, sy geloofslewe en die wêreld waarin hy leef." Nuwe inligting word gerekonsilieer in terme van reeds bestaande kennis en

lewenservaring. Hoe meer ervaring en kennis, hoe kleiner die impak van die nuwe inligting. “Hoe groter die gewig is wat die vorige inligting dra, hoe groter is die druk in die rigting van kontinuïteit.” (Coetzer 1993:177)

Hoewel die meeste bejaardes in staat is daartoe om verandering te verwerk sonder om hul sin vir kontinuïteit en eiewaarde te verloor kan ernstige verandering ‘n gevoel van diskontinuïteit meebring. Dit kan positief wees wanneer verandering aangenaam of wenslik is of negatief wanneer dit ongunstig beleef word en angs en spanning meebring. Sodanige veranderinge kan voortspruit uit óf interne óf eksterne faktore (Malan & Dreyer 2009:4). ‘n Eksterne faktor wat ‘n belangrike rol speel in die welsyn en eiewaarde van afgetredenes, is verlies aan inkomste. Atchley (1988), soos aangehaal deur Coetzer (1993:119), het bevind dat finansiële nood na aftrede ‘n direkte uitwerking het op die bywoning van sosiale geleenthede, die duur van verblyf in ‘n gemeenskap en uiterlike voorkoms. SES (sosio-ekonomiese status) beïnvloed die wyse waarop ander ons behandel en vind uiteindelik neerslag in eiewaarde. Gevolglik sal afgetredenes wat noodgedwonge in minder gegoede buurte woon, wat ou klere of klere van swak gehalte dra en van afslagkoepons (of pensioenkaarte) gebruik maak, maklik as minderwaardig bejeën en behandel word met negatiewe gevolge vir eiewaarde (Twenge & Campbell 2002:61). Dit lei dikwels tot isolasie van die onmiddellike omgewing, alkohol- en dwelmmisbruik en in uiterste gevalle, selfdood (Coetzer 1993:181).

Vroulike respondente moes uiterlike versorging en voorkoms inboet asook hoë kwaliteit kruideniersware en klere (Hfst. 2.8.6.4). Vier respondente het aansoek gedoen om ‘n staatstoelaag terwyl drie pensioenariskaarte gebruik by aankope (Hfst. 2.8.6.4). Die kwaliteit van drie respondente en dié van al die gevalle wat beskryf is se verblyf is van ‘n laer gehalte as waaraan hulle gewoon was (Hfst. 2.8.7.2, 2.8.7.3). Al hierdie faktore werk negatief in op eiewaarde.

- **die onttrekkingsteorie**

In hul boek “Growing old” (1961:14), postuleer Cumming en Henry dat ouer mense hulle doelbewus aan die samelewing onttrek ter voorbereiding op die dood. Dit is ‘n wedersydse proses van losmaking waarby beide die ouer persoon en die samelewing betrokke is. Aftrede, as deel van hierdie losmaakproses, skep die geleentheid vir die jonger generasie om die rolle van ouer mense oor te

neem. Die onttrekkingsteorie bied dan 'n verklaring waarom 'n afname by ouer mense voorkom ten opsigte van werksvermoë, deelname aan sosiale bedrywighede en belangstelling in nuwe aktiwiteite, maar 'n toename in die tyd wat aan retrospeksie bestee word (USC Gerontology Centre 2005).

Die geldigheid van hierdie teorie word bevraagteken. Onttrekking vind nie noodwendig plaas ter voorbereiding van die dood nie, maar omdat ouer mense se prioriteite verander. *“What once was thought to be an inevitable and universal pattern of decline was recast in terms of emotional selectivity, a process by which older people optimized coping strategies: very much a deliberate mechanism and masterful activity.”* (Hendricks, Applebaum & Kunkel 2010:289)

Waar onttrekking wel plaasvind, kan dit toegeskryf word aan gebeure soos die verlies van 'n lewensmaat wat die individu dikwels dwing om na 'n nuwe omgewing te verhuis. “Normale” onttrekking vind ook plaas wanneer ouer mense hul kleinkinders moet versorg of wanneer hulle by 'n portuurgroep inskakel (Malan & Dreyer 2009:3).

Sosiale onttrekking en apatie volg dikwels weens die eksterne druk wat die bekommernis oor beperkte finansies meebring. Dit het hartseer, angstigheid, eensaamheid en lae eiewaarde tot gevolg (Silk 2015). Volgens Eckley (1989:10) is sosiale isolasie “soos 'n kanker wat die lewenskwaliteit van bejaardes kan wegvreet (met) verhoogde spanning, depressie, selfmoord, huweliksprobleme en alkoholisme.”

Al die respondente het te kenne gegee dat kerkbywoning en betrokkenheid by gemeenteaktiwiteite 'n groot rol in hul lewe speel en dat dit, juis vanweë hul finansiële nood, in belangrikheid toegeneem het (Hfst. 2.8.7.4). Kerk (godsdiens) en samelewing vorm 'n integrale deel van die sosiale interaksie van die mens wat dit dus van kardinale belang maak vir die pastorale begeleiding van ouer mense (Malan & Dreyer 2009:2).

3.3.2 Ekonomiese perspektiewe

Navorsing wat deur Ramashala onderneem is, het aan die lig gebring dat die aard en omvang van armoede by ouer mense wêreldwyd 'n wesenlike probleem is. Hy het bevind dat

the risk of experiencing poverty is three times greater for older adults than it is for other age groups. Not only does poverty affect a substantial proportion of older people, but when it does, it is likely to be an enduring experience (Ramashala 2014:6).

Op grond van bevindings gepubliseer in die Amerikaanse “*Supplemental Poverty Measure*” (Levinson *et al.* 2013) blyk dit dat daar ‘n onderskeid getref word tussen die armoededrumpel van mense jonger as 65 en diegene bo dié ouderdom. Daarvolgens leef bykans die helfte (48%) van mense ouer as 65 jaar 200% onder hierdie drumpel. In DC (*District of Colombia*) leef een uit elke vier senior burgers volgens hierdie skaal in armoede, met een uit elke vyf in ses ander state.

Gray en Moberg, soos aangehaal deur Collins (2005:245-246), som die probleme op waardeur ouer mense in die gesig gestaar word. Dit sluit in rolverlies wat deur die toenemende klem op die jeug en die vervanging van mannekrag deur die tegnologie meegebring word en wat bydra tot die finansiële nood wat baie afgetredenes ervaar. Gepaard daarmee gaan ‘n afname in eiewaarde. Hul gevolgtrekking is dat hierdie, en ander probleme, daartoe bydra dat ouer mense wanhopig raak en voeg by:

Hulle word gekonfronteer met: teleurstelling en ontnugtering omdat hulle die ‘oesjare’ bereik het; die ontdekking dat die ‘goue jare’ relatiewe armoede is; die gevoel dat hulle afgeskryf word en nie meer die bydraes mag maak wat hulle nog tot die ekonomiese lewe van die volk kan maak nie; frustrasie oor die vermindering in inkomste wat gewoonlik saamgaan met die aftrede en verblyf in onaangename, ongerieflike en ongesonde behuising. Dis geen wonder dat so baie ouer persone ernstig wanaangepas is nie. (Collins (2005:245-246)

Navorsing wat in 2010 deur Orth, Trzeniewski en Robins (2010:652) onderneem is, dui daarop dat finansiële sekuriteit en gesondheid ‘n besliste invloed het op die ouer persoon se persepsie van eiewaarde (*self-esteem*). Die navorsers haal Leary en Baumeister (2000) aan wat tot die gevolgtrekking kom dat “*SES might influence self-esteem because social status and wealth influence the individual’s perception of his or her relational value*” (Orth, Trzeniewski & Robins 2010:647).

Die manlike respondente ervaar hul verlies aan SES as 'n aantasting van hul menswaardigheid. In hierdie verband huldig Krause (1996:665-666) die standpunt dat “*sex role expectations and experiences create fundamental differences in the way that older men and women relate to financial matters.*” Krause voer verder aan dat die media, as die “*generalized others*”, 'n uiters belangrike rol speel in die wyse waarop persone in finansiële nood hulleself evalueer.

3.3.2.1 Die finansiële implikasies van die huidige benadering tot aftrede

Die vier grootskaalse studies oor aftrede wat Atchley onderneem het, het onder andere tot die gevolgtrekking gelei dat die individu se gesindheid teenoor aftrede nou gekoppel is aan sy of haar finansiële posisie (1982:122). Danie van Zyl, hoof van Sanlam se Voordelefonds, beweer dat 'n ondersoek wat Sanlam onderneem het aan die lig gebring het dat slegs 29% van afgetredenes hul lewenstandaard kon handhaaf terwyl slegs 13% “gerieflik” kon aftree. Van Zyl voer aan dat lede toenemend probleme ondervind om kop bo water te hou (Pickworth 2014). Daarom word ernstige pogings van regeringskant en van die kant van werkgewers, finansiële instellings en -adviseurs aangewend om mense aan te moedig om vir aftrede te spaar. Verskeie maatreëls word tans oorweeg wat mense sal dwing om hul aftreevoordele te bewaar wanneer hulle hul lidmaatskap van 'n pensioen- of voorsorgfonds beëindig (Watson, Van Zyl & Saayman 2013:15).

'n Artikel oor die veranderende konsep van aftrede wat in die *Sasol Pension Fund Trustee Report* verskyn het, verwys na die ernstige pogings wat Europese lande aanwend om die aftree-ouderdom te verhoog na 68. Tans is die *de facto* ouderdom vir aftrede in Amerika 70.

Many of the Fortune 500 corporations have quotas for workers 70 and older, to see to it that enough of them remain in the workplace. A society that can keep its highly skilled employees working for only five extra years before retiring will reap considerable advantage in GDP. (Müller 2013b:6)

In Suid-Afrika word die uitwerking wat latere aftrede op die werkloosheidsyfer sal hê, gereeld vanuit politieke en ekonomiese kringe gedebateer (vgl Pickworth 2014; Klopper 2013; Müller 2013b:5-6; Van den Heever 2007:18). Die jongste werkloosheidsyfer (Februarie 2015) staan op 24,3% (Trading Economics). Die syfers wat vrygestel word, sluit nie diegene in wat moed verloor het en geen poging meer aanwend om werk te soek nie (Taborda 2014). Intussen plaas die uitbetaling van

pensioene en toelaes aan afgetredenes en bejaardes geweldige druk op die staatskas. In 2014 het hierdie syfer R44,1 biljoen beloop (SAPA). Die beoogde verhoging van die afsnyouderdom vir welsynstoelae van 14 tot 18 maak van Suid-Afrika die vrygewigste welsynstaat in die wêreld, 'n situasie wat nie volhoubaar is nie (Smit 2011). Tans oorweeg die regering dit om die afsnyouderdom te verhoog na 23, deels weens die groot aantal huishoudings waar 'n kind aan die hoof daarvan staan (Ferreira 2015).

Die ekonoom Dawie Klopper is van mening dat 'n verhoogde aftree-ouderdom, wat groot finansiële verligting tot gevolg sal hê, nie verhoogde werkloosheid sal meebring nie. Die kundigheid en ervaring van ouer werknemers dra eerder by daartoe om meer werkseleenthede te skep. Hy glo ons land se probleme het juis begin toe "die regering ter wille van BEE van kundigheid ontslae geraak het en sodoende ontwikkelings- en groeiseleenthede gemis het wat nou tot laer groei en tot meer werkloosheid lei." (Klopper 2013)

Die regering se beleid van swart ekonomiese bemagting/"*black economic empowerment*" (SEB/BEE) en regstellende aksie dwing ekonomies aktiewe mense uit hul poste. In hierdie verband skryf prof Koos Vorster dat dit moontlik is dat 'n goedbedoelde proses onetiese gevolge kan hê. Daar moet gevra word of hierdie benadering die hele gemeenskap bevoordeel of gelei het tot omgekeerde diskriminasie; of die proses bydra tot vrede en voorspoed in die land of tot aggressie en bitterheid; of dit ongeregthede uitsluit of nuwe onreg veroorsaak (Vorster 2007:86).

3.3.2.2 Afgetredenes se bydrae tot die ekonomie

Te midde van die kommer oor die toenemende druk wat afgetredenes op finansiële hulpbronne plaas, is dit 'n mark wat jaarliks 'n omset van miljarde rande genereer. Pensioenfondse wat aan afgetredenes uitbetaal word, vloei direk terug in die gemeenskap. Dit stimuleer die plaaslike ekonomiese groei en skep nuwe sakegeleenthede. Volgens navorsing wat in 2002 gedoen is, is 80% van alle private beleggings in die hande van mense ouer as 50. "*Baby boomers*" bestee jaarliks 30% meer as enige ander groep aan reise, 30% van hul inkomste aan voedsel en drank, 40% aan skoonheidsalonne en 25% aan skoonheidsmiddels (Müller 2002:42).

'n Studie onderneem deur Baker en Gringart (2009:987, 990) het bevind dat voorkoms 'n beduidende rol speel ten opsigte van eiewaarde by ouer volwassenes

(vgl Goswami 2013:66). Gedurende 2010 is 84,685 kosmetiese prosedures in Amerika op persone ouer as 65 uitgevoer (Ellin 2011). Syfers wat deur die *Spire Tunbridge Wells* Hospitaalgroep vrygestel is toon 'n toename van 303% oor 'n vyfjaarperiode in die aantal vroue en 'n 168% toename in die aantal mans ouer as 60 in Brittanje wat plastiese sjirurgie ondergaan het (Tanner n.d.). Luidens 'n berig in die *Huffington Post* van 20 Aug 2011, beweer marknavorsers dat die "*baby boomer consumer base*", in hul pogings om die sigbare tekens van veroudering teen te werk, die mark vir anti-verouderingsmiddels in die VSA van \$80 biljoen in 2011 tot meer as \$114 biljoen in 2015 sal verhoog (Ramezani 2011:67).

In 'n onderhoud wat deur Karen Kay van die *Observer Magazine* met prof Nicola Rumsey gevoer is, waarsku sy dat terwyl gemeenskappe ouer mense normaalweg beskou as die wyses, hul toenemende behepthed met voorkoms die norm vir jonger geslagte kan word. In dieselfde onderhoud verklaar dr Alex Yellowlees, 'n psigiater verbonde aan die Glasgow Priori Clinic, dat "*we value old people less because they don't fit the currency of 'youth'. This in turn leads to a lack in self-esteem in older people, because they don't feel valued by a culture that can't get past superficial image*". (Kay 2012)

Die verband tussen die ekonomiese situasie van 'n land en die godsdienstigheid van sy inwoners is ondersoek deur Braam *et al.* Hulle het bevind dat, ten spyte van die beskikbaarheid van mediese dienste in lande met 'n gesonde ekonomie, die hoë koste daarvan dikwels tot depressie by ouer mense lei. Lande wat tradisioneel godsdienstig is en 'n gesonde waardestelsel handhaaf, bied 'n gunstige klimaat vir die aanwending van godsdiens as 'n hanteringsmeganisme vir faktore wat tot depressie lei (Braam *et al.* 2004:27).

Hoewel dit nie 'n vraag was nie, het een respondent (R4, Hfst. 2.8.5) aangedui dat sy haar kroniese medikasie by die staatskliniek ontvang omdat sy oor geen mediese fonds beskik nie. Dit beteken dat sy op "kliniekdae" baie vroeg reeds daar moet wees en soms ure in die ry moet sit tussen die armstes van armes. Respondent 1 moet dringende mediese sorg ontvang (Hfst. 2.8.5), maar omdat sy nie die bydrae tot hul mediese fonds kon volhou nie, sal sy na 'n staatshospitaal moet gaan – iets waarvoor sy nie kans sien nie. Sy besef dat, indien die pyn vererger, sy geen ander keuse sal hê nie. Respondent 2 (Hfst. 2.8.6.4) was eerder bereid om op ander uitgawes te bespaar (DSTV af te skakel, een selfoonkontrak te beëindig ens) om hul

bydrae tot 'n goeie mediese fonds in stand te hou. Beide respondente 1 en 4 (Hfst. 28.7.4) het aangedui dat die situasie hul gevoel van eiewaarde negatief beïnvloed.

3.3.2.3 Die toekoms van aftrede

Langlewendheid en die afname in die aantal werkendes wat afgetredenes moet finansier, lei daartoe dat die amptelike kwalifiserende ouderdom vir 'n staatspensioen in ontwikkelde lande verhoog word en waarskynlik in die loop van die volgende twintig jaar tot 70 sal styg. In Brittanje is die vinnig verouderende populasie en die ekonomiese en sosiale impak daarvan hoog op die prioriteitslys van kwessies wat die regering se aandag geniet. Ernstige pogings word aangewend om individue aan te moedig om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie finansiële welstand na aftrede (McLean 2012:136). In die VSA het die *Congressional Budget Office* (CBO) bereken dat heelwat meer as die helfte van die federale begroting teen die einde van 2015 aan programme vir ouer mense bestee sal word. Verskillende strategieë word oorweeg om vir hierdie uitgawes te betaal, byvoorbeeld "*increased taxes, decreased levels of government benefits, policies to encourage postponed or delayed retirement, or amended immigration policies.*" (Schramm 2005:2)

In 'n artikel wat deur Dychtwald, Erickson en Morison (2004:49) in *Harvard Business Review* gepubliseer is, word kommer uitgespreek oor die tekort aan werkers waardeur lande in die ontwikkelde wêreld, weens die krimpende bevolkingsgroei, in die gesig gestaar word. Vaardighede, kundigheid, ervaring en verhoudings gaan met elke persoon wat aftree, verlore – dinge wat tyd en geld neem om te vervang. Ten spyte van geweldige teenstand teen immigrasie is dit 'n gegewe dat lande soos Duitsland, Italië, Frankryk en Brittanje jaarliks 9 miljoen immigrante sal moet invoer om die verhouding werkers tot afgetredenes te handhaaf. In die VSA met sy 305 miljoen inwoners, is hierdie syfer 150 miljoen oor die volgende 40 jaar (Smit 2011).

Na afloop van 'n ondersoek na die verskillende scenario's oor die toekoms van aftrede (Rappaport 2008:40-62), bevind die navorser dat demografie en die ekonomie, tesame met die behoefte aan deelname aan produktiewe aktiwiteite, dui op die wenslikheid van beide aftrede op 'n later ouderdom en geleidelike aftrede. Dit sal die tekort aan vaardighede in sekere beroepe binne die afsienbare toekoms in 'n mate verlig (Rappaport 2008:61).

The author's opinion is that enabling phased retirement, increasing general retirement ages and maintaining strong disability systems is very good policy and good for all parties involved. All three are needed to work together, or they will not work out well. (Rappaport 2008:62)

Die persepsie dat ouer werknemers minder produktief raak, skyn nie geregverdig te wees nie. Navorsing wat deur Davila *et al.* (2012) onderneem is, kon geen relevante verskille vind tussen ouer en jonger werkers wat hierdie vooroordele regverdig nie. Die vermoë om fisies veeleisende take te verrig neem wel af, maar ander funksies verbeter. Ouer werknemers se taalvermoë, emosionele volwassenheid en vermoë om probleemsituasies onder druk te hanteer, is beter ontwikkel as dié van jonger werknemers. Hulle is ook meer konsensieus, positief en lojaal as hul jonger kollegas (Davila *et al.* 2012).

Weens die politieke situasie in Suid-Afrika is die wenslikheid van aftrede op 'n hoër ouderom 'n kwessie wat wyd gedebatteer word. Finansiële adviseurs waarsku feitlik daaglik dat individue hul aftreefondse gaan "oorleef". *"Add to this the fact that relationships between employers and employees are changing, that secure tenure of work is fast becoming obsolete and it becomes clear that the pension industry will have to reinvent itself."* (Müller 2013b:6) Nogtans is politici huiwerig om hulle ten gunste van 'n hoër aftree-ouderdom uit te spreek weens die hoë werkloosheidsyfer. Faurie (2014) haal Craig Aitchison van Old Mutual aan wat daarop wys dat so 'n stap ongewild sal wees omdat dit die moontlikhede van indiensneming vir die jonger geslag moontlik kan benadeel. Andersyds beteken 'n hoër aftree-ouderdom dat werknemers meer kan bydra tot die nasionale besparingskoers wat groter groeigeleenthede vir ons ekonomie in die hand sal werk.

3.3.3 Psigologiese perspektiewe

Die wêreldbekende sielkundige, Carl Rogers, word beskou as die vader van kliëntgesentreerde terapie. Hy het veral bekendheid verwerf vir sy teorie oor persoonlikheidsontwikkeling (Wikipedia 2015). McLeod (2007) verwys na Rogers se standpunt dat enigiemand sy of haar volle potensiaal kan bereik in 'n omgewing waar opregtheid, aanvaarding en empatie heers. Die persoon wat optimaal funksioneer, word onder andere gekenmerk deur 'n gevoel van satisfaksie met sy lewe. Volgens Harder (2002) stem hierdie kenmerk ooreen met die laaste van Erikson se

lewensfases wanneer die individu terugkyk op die lewe met 'n gevoel van integriteit (satisfaksie) of wanhoop.

Die “*social readjustment rating scale*” (SRRS) van Holmes en Rahe (1967:216), identifiseer die 43 mees stresvolle lewensgebeure. Na afloop van 'n ondersoek waarby meer as vyfduisend individue betrokke was, is aftrede 'n tiende plek op die skaal toegeken met 'n puntetelling van 45. In 1990 het navorsing waarby meer as tweeduisend vroue betrokke was en waartydens dieselfde skaal met nuwe waardetoekennings gebruik is, aftrede as die derde mees stresvolle gebeurtenis aangedui met 'n puntetelling van 88 (Smith 2014:91, 92).

Price (n.d. 1-2) verwys na talle studies wat deur Robert Atchley oor aftrede onderneem is. Dit het aanleiding gegee tot sy teorie dat aftrede hoofsaaklik volgens ses fases verloop, maar omdat dit vir elkeen 'n unieke gebeurtenis is, sal nie almal noodwendig al ses fases ervaar nie. Hierdie fases staan bekend as die voor-aftrede fase (*pre-retirement*) wat gekenmerk word deur 'n losmaakproses van die werkplek en beplanning vir wat in die vooruitsig is. Dan volg die werklike aftrede (*retirement*) wat een van drie moontlike roetes kan volg, naamlik die wittebroodsfase, die onmiddellike aftree-roetine of die rus-en-ontspanroete. Die derde fase staan bekend as “ontnugtering” (*disenchantment*), 'n gevoel wat hom meester maak van individue wat moeilik afskeid neem van die produktiewe rol van vroeër, wat 'n lewensmaat verloor of wat na 'n nuwe omgewing moet verhuis. Heroriëntering (*reorientation*) volg wanneer “bestekopname” geneem word met die oog op die beplanning van 'n leefstyl wat beide bevredigend en genotvol is. Die voorlaaste fase behels 'n finale aftree-roetine (*retirement routine*) wat vir sommige kort na aftrede plaasvind maar vir ander eers na verloop van jare. Sodra 'n gemaklike en vervullende roetine gevestig is, kan dit baie jare duur. Die laaste fase staan bekend as die opskorting van aftrede (*termination of retirement*) en vind plaas wanneer die persoon nie langer onafhanklik kan woon en funksioneer nie en aftrede as 'n lewenswyse minder relevant raak.

Aftrede word beskryf as 'n kritieke lewensfase omdat dit, vanweë die ouderdom waarop dit plaasvind, as die finale lewensfase beskou word. Doelwitte wat nie tydens hierdie fase bereik is nie, sal die afgetredene met 'n gevoel van futiliteit laat worstel met die vraag na die sin van die lewe (Brunsdon & Lotter 2008:286). Volgens Coetzer en Kotze (2007:4, 7) is die psigologie in staat daartoe om die biologie te beïnvloed. Die emosies wat 'n skadelike uitwerking op die liggaam het, stem grootliks ooreen met dié wat afgetredenes in finansiële nood ervaar, naamlik

woede, onvergewensgesindheid, depressie, bekommernis, frustrasie, skuldgevoelens, angs en droefheid. Volgehoue negatiewe gedagtes en emosies kan 'n persoon se fisiese gesondheid negatief beïnvloed. Respondente het erken dat hulle woede, haat, bitterheid, vernedering, minderwaardigheid, eensaamheid, verwerping en skuldgevoelens ervaar het. Sommige worstel na verloop van etlike jare steeds met hierdie emosies.

Finansiële nood na aftrede is reeds in Hoofstuk 1 bespreek en as een van die sterkste oorsake van die hoë selfdoodsyfer onder ouer mense genoem. Wheaton (1994:102) se navorsing plaas finansiële probleme tweede op die lys van die oorsake van ernstige depressie. Die onbekostigbaarheid van gerieflike, veilige behuising (Collins 2005:245, 246), die hoë koste van mediese dienste (Moneyweb 2014), onttrekking aan sosiale geleenthede weens duur kaartjies, hoë brandstofpryse en die onvermoë om goed aan te trek, lei tot isolasie, vereensaming, depressie (Coetzer 1993:119, 121; Ramezani 2011:73) en selfs alkoholisme of dwelmverslawing (Gossop 2008; HealthinAging 2012). Sosiale isolasie is volgens Sarason, Pierce & Sarason (1994:152) deur verskeie studies aangewys as 'n *“major risk factor in mortality from widely varying causes”*. Isolاسie lei dikwels tot gebrekkige verhoudings en vereensaming wat die risiko van dood verder verhoog.

Staatstoelae en ander hulpprogramme vir bejaardes, soos byvoorbeeld pensioenariskaarte wat afslag op aankope bied, spesiale tariewe by teaters en vermaaklikheidsgebeure, en pensioenarisdade by sekere supermarkte, bied finansiële verligting vir baie afgetredenes in nood. Die negatieweiteit waarmee hierdie hulpprogramme deur die algemene publiek bejeën word, lei egter daartoe dat afgetredenes wat daarvan gebruik maak, dikwels gestigmatiseer word. Hulle word beskou as mislukkings, lui, onbetroubaar en onbevoeg (vgl Rank 1994; Coetzer 1993; Krause 1996).

Verskeie studies is onderneem oor die verband tussen die tipes sosiale stigma en eiewaarde (vgl Rank 1994; Crocker & Major 1989; Drazara, Upp & Reno 1982). Hiervolgens wil dit voorkom asof mense wat hulleself vir hul situasie blameer, makliker die negatiewe terugvoer van ander internaliseer. Krause (1996) het verder bevind dat die eiewaarde van ouer mans wat staatshulp ontvang, weens hul tradisionele rol as voorsieners, in 'n groter mate negatief daardeur beïnvloed word. Ouer vroue is meer geneig om hul eiewaarde te meet ooreenkomstig hul vermoë om goeie verhoudings te handhaaf.

Ook nie alle ouer persone wat 'n staatstoelaag ontvang, ervaar noodwendig 'n afname in eiewaarde nie. “[A]s investigators began to learn more about this process, it quickly became evident that there is no one-to-one correspondence between exposure to stigma and subsequent decline in feelings of self-worth.” (Krause 1996:665, 667) Krause huldig die standpunt dat geslag 'n rol speel in die wyse waarop ouer mans en vroue finansiële probleme ondervind, met die eiewaarde van ouer mans wat meer geredelik negatief daardeur beïnvloed sal word. Die beskouing dat mans verantwoordelik is vir langtermyn finansiële beplanning bring mee dat vroue hulleself nie blameer indien sodanige beplanning gebrekkig blyk te wees nie.

Minstens een respondent (R3, Hfst. 2.8.7.3 en 4; 2.8.8.2) se reaksie onderskryf hierdie standpunt. Die terugvoer van drie respondente (R2, 3 en 4, Hfst. 2.8.7.2) dui daarop dat die ontvang van 'n staatstoelaag wel hul menswaardigheid aantast en tot verminderde eiewaarde lei. R1 en R5 (Hfst. 2.8.5) dink nie dat hulle vir 'n staatstoelaag kwalifiseer nie en het gevolglik nog nie daarvoor aansoek gedoen nie.

Verskillende persoonlikheidstipes ervaar aftrede ook verskillend. Van Zyl (1992) verdeel afgetredenes in vyf persoonlikheidstipes op grond van die wyse waarop hulle op aftrede reageer, naamlik:

- Die volwasse tipe wat tevrede is met hul lewens, goed aangepas is, goeie verhoudings handhaaf en betrokke is by verskillende aktiwiteite
- Die “skommelstoel-tipe” wat oor die algemeen passief, onbetrokke en afhanklik is van ander vir ondersteuning op alle gebiede.
- Die woedendes wat ontevrede is met hul lewe, ander blameer vir hul mislukkings, suspisiesus is en min vertrou inboesem.
- Die mismoedige ongelukkiges wat vol selfverwyt terugkyk op hul lewe en verbitterd is teenoor hulleself. Hulle is dikwels depressief en angstig. (Openbaar wanhoop)
- Die gepantserde tipe beskerm hulleself deur baie besig en betrokke te wees as bewys van onafhanklikheid. Ten spyte van rigiditeit, is hulle oor die algemeen goed aangepas.

Jung, soos aangehaal deur Sharp (1987:12), onderskei tussen slegs twee persoonlikheidstipes, naamlik introvert en ekstrovert, elk met vier funksies of oriëntasies wat kenmerkende eienskappe openbaar. Sharp verduidelik dat enige

tipologiese stelsel bloot breedweg kan aandui wat mense met mekaar gemeen het en waarin hulle verskil. Ten spyte van tekortkominge, is tipologie 'n uiters belangrike instrument vir die navorser wat besliste standpunte en riglyne nodig het om die warboel van individuele ervarings te orden. Tipologie kan nie die uniekheid van mense meet of aandui nie. Daarvan was Jung deeglik bewus soos blyk uit die volgende aanhaling:

One can never give a description of a type, no matter how complete, that would apply to more than one individual, despite the fact that in some ways it aptly characterizes thousands of others. Conformity is one side of man, uniqueness is the other. (Sharp 1987:89, 90).

Respondente se beleving van finansiële nood na aftrede dui op hierdie uniekheid van die mens, maar terselfdertyd is daar besliste ooreenkomste. Behalwe R4, het die ander bepaalde verwagtinge gekoester wat verydel is. Al vyf het praktiese noodmaatreëls getref ter wille van oorlewing en al vyf betreur dit dat hulle nie in 'n posisie is om hul kinders en kleinkinders meer dikwels te besoek en te "bederf" nie. Al vyf voel minderwaardig, maar nie almal se verhoudings is in dieselfde mate deur hul finansiële probleme geaffekteer nie. R4 het aangedui dat dit aanvanklik spanning in hul huweliksverhouding veroorsaak het, terwyl dit in die geval van R2 en R3 wil voorkom of spanning in die huwelik reeds voor hul finansiële probleme bestaan het.

In die lig van hierdie bevindinge word dit duidelik dat ouer mense in finansiële nood meer as net voorsiening in hul materiële behoeftes nodig het. Dit is noodsaaklik dat ook hul psigologiese behoeftes aangespreek word (Krause 1996:671).

3.3.4 Spirituele perspektiewe

Godsdiens as 'n konsep is al gedefinieer as substantief (gemoed met rituele, 'n godheid ens.) en funksioneel (gemoed met 'n soeke na heiligmaking en die sin van die lewe). Die huidige standpunte wat deur die lekegemeenskap en in sekere wetenskaplike kringe gehuldig word, polariseer godsdiens en spiritualiteit. Godsdiens word beskou as meer substantief en spiritualiteit as meer funksioneel. Zinnbauer and Pargament (2005), soos aangehaal deur Fisher (2012:36) is van mening dat *"this polarization has tended to lead to more stagnant and negative views of religion and more positive reviews of spirituality."*

Daar word wyd aanvaar dat godsdiens/spiritualiteit toeneem in belangrikheid namate mense ouer word. In die Gallup-opname wat in 2010 in Amerika gedoen is, het 69% van respondente ouer as 65 verklaar dat godsdiens vir hulle baie belangrik is teenoor 45% van respondente jonger as 30 (Moreno-Weinert 2011:17). Volgens die mees onlangse sensusopname waarvan die syfers oor godsdienstige affiliasie bekend is (2001), behoort slegs 15% van Suid-Afrikaners aan geen godsdiens nie (Media Club South Africa n.d.)

In die breë gesien, is godsdiens 'n manier (hoewel nie die enigste manier nie) vir ouer mense om te ontwikkel en aktief betrokke te bly by die lewe. Hierdie mening is reeds in 1916 uitgespreek deur George Albert Coe.

The conviction that one may discern divine operations within one's self; that there is a divinely appointed place and work for everyone; that God will guide one to this work and help one accomplish it – this conviction in a group brings to light abilities otherwise unguessed. (Krause & Hayward 2014:378)

Snodgrass en Sorajjakool (2011:87) spreek die mening uit dat singewing as ontologiese taak van die lewe veral van deurslaggewende belang is tydens laat volwassenheid. Dit dien as beide hanteringsmeganisme en motivering vir spirituele ontwikkeling. *“Meaning-making facilitates the examination of one's ultimate concern, aids in the clarification of values, assists in guiding conduct, and strengthens one's connection to the nonmaterial dimensions of existence.”* (Snodgrass & Sorajjakool 2011:88) Die navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat wanneer mense – ook ouer mense – deur terugslae, teleurstellings en probleme gekonfronteer word, hulle dit hanteer vanuit hul geloofsoortuigings, persepsie van eiewaarde, optimisme, veerkragtigheid, teologie en filosofie (Snodgrass & Sorajjakool 2011:88).

Ellison (1991:89) het bevind dat daar 'n korrelasie bestaan tussen spiritualiteit en psigologiese welsyn. Persone met sterk geloofsoortuigings wat aan Ellison se navorsingsprogram deelgeneem het, het na 'n traumatiese ervaring hoër vlakke van psigologiese welsyn getoon met minder negatiewe gevolge. Sodanige individue herdefinieer potensiële negatiewe ervarings as geleentheid vir geestelike groei.

Religious involvement may offer either or both of two consequences found by investigators to have effects on health and well-being: (1) the reduction of a sense of fatalism or helplessness in the face of unpredictability of the

environment and (2) the fostering of a sense of optimism, a perception that things will turn out all right, whether one has any control over them or not. (Moreno-Weinert 2011:8)

Al die respondente het aangedui dat hul spiritualiteit weens die erns en die skynbare hopeloosheid van hul onderskeie situasies tot 'n dieper geloofservaring gelei het (Hfst. 2.8.7.4). R1 het die verwagting dat haar omstandighede na sewe jaar van swaarkry ten goede sal verander (Hfst. 2.8.7.5).

Een van die primêre funksies van godsdiens is dat dit sin gee aan die lewe van die individu. Wanneer geloofsekerheid deur twyfel ondermyn word, lei dit tot pessimisme oor die toekoms. Krause (2006:293) haal Hunsberger (1993) en sy kollegas se definisie van twyfel aan as *“a feeling of uncertainty toward, or questioning of, religious teachings and beliefs”*. Die vraag of opvoedingspeil 'n invloed het op geloofstwyfel, is deur Krause ondersoek. Hy postuleer dat opvoeding die vermoë ontwikkel om inligting in te samel en te interpreteer en probleme op verskillende vlakke op te los. Dit verhoog die beheer wat die persoon het oor gebeure en die uitkoms daarvan. Ouer mense wat nie 'n hoë opvoedingspeil bereik het nie, beskik selde oor die vaardighede om met geloofstwyfel te worstel en dit te oorkom. Hierdie onvermoë om twyfel te hanteer, veroorsaak verwarring wat negatief inwerk op eiewaarde (Krause 2006:290). Drie respondente beskik oor 'n tersiêre kwalifikasie en een oor 'n seniorsertifikaat. Slegs een van die respondente (R1, Hfst. 2.8.7.4) het te kenne gegee dat sy geloofstwyfel ervaar het. Ten spyte daarvan het sy aanhou bid totdat sy haar twyfel oorkom het. Die onsekerheid wat al vyf ervaar, handel oor hul toekomsvooruitsigte en stygende lewenskoste.

Die mens se geloofsidentiteit, dws hoe iemand hom-/haarself as godsdienstige persoon sien, vorm 'n belangrike buffer teen die spanning wat met aftrede gepaard gaan. Verskeie studies (vgl. Fry 2000; Pinquart 2002; Reitzes & Mutran 2002; Krause 2004b) het getoon dat *“maintaining more and higher levels of self meanings were predictive of better physical and mental health.”* (Keyes & Reitzes 2007:435) Jung (1933), soos aangehaal deur Keyes en Reitzes (2007:435), verwys daarna as *“a spiritual outlook on life”*, iets wat by baie van sy ouer pasiënte ontbreek het. Frankl (1975:64) het ervaar dat gevangenes wie se soeke na sin in die lewe geblokkeer, verloor of vernietig is, hul lyding meer intens ervaar het.

Daar bestaan toenemende getuigenis dat hoë eiewaarde en die gevoel van in beheer te wees bydra tot fisiese en psigiese welsyn. Hoë eiewaarde word geassosieer met minder of geringe gesondheidsprobleme terwyl lae eiewaarde geassosieer word met meer en ernstiger gesondheidsprobleme (vgl. Antonucci & Jackson 1983; Duffy & McDonald 1990; Krause 1987). Kim, Nesselroade en McCullough (2009:88) verwys na Hoode *et al.* (1996) se bevinding dat geloofsoortuigings en godsdienstige praktyke drie funksies vervul, naamlik dat dit sin gee aan die lewe, 'n gevoel van persoonlike beheer in die hand werk en eiewaarde bevorder. *“Older people with higher religious commitment report having more hope, sense of purpose, self-esteem and security.”* (Kim, Nesselroade & McCullough 2009:88) Uit 'n opname wat Krause en Trann (1989) onder ouer mense gedoen het, wil dit voorkom of geloofsoortuigings die negatiewe uitwerking van stresvolle gebeure teenwerk deurdat dit eiewaarde en die persepsie van beheer in stand hou. Dit staaf vorige bevindings dat godsdienstige ouer mense glo dat hulle, met die hulp van God, in staat sal wees om spanningsvolle gebeure en die gevolge daarvan te oorkom.

3.4 Voorlopige samevatting en gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk is gepoog om Osmer se interpreterende vraag, “waarom lyk die situasie so?” te beantwoord. Dit is gedoen vanuit die perspektiewe wat die naasliggende wetenskappe, naamlik die sosio-gerontologie, die ekonomie, die psigologie, en spiritualiteit bied op die uitwerking wat finansiële nood na aftrede op eiewaarde het. Die verskillende perspektiewe is telkens in verband gebring met die inligting wat van die vyf respondente ontvang is en waar moontlik, ook met dié gevalle waarvan inligting deur middel van sekondêre bronne verkry is.

Oorweging van die sosio-gerontologiese perspektiewe dui daarop dat finansiële nood na aftrede op verskillende vlakke van menswees ervaar word, naamlik op sosiale, psigologiese en spirituele vlak. Die onvermoë om finansiëel selfstandig te wees, word gelykstel aan mislukking. Hierdie persepsie lei tot wanhoop tydens die laaste van Erikson se agt ontwikkelingsfases met 'n gevolglike negatiewe uitwerking op eiewaarde. Drie teorieë oor die proses van veroudering, naamlik die aktiwiteits-, kontinuïteits- en onttrekkingsteorieë is kortliks bespreek met die oog daarop om begrip van aftrede en van die proses van veroudering te bevorder.

Beskou vanuit 'n ekonomiese oogpunt wil dit voorkom of finansiële nood by afgetredenes en ouer mense in omvang toeneem. Die huidige aftreebeleid werk

enersyds negatief in op die finansiële posisie van baie afgetredenes en bring andersyds toenemend druk op die staatskas mee weens die miljarde rande wat aan staatstoelae bestee word. Dit maak 'n hersiening van die aftreebeleid, beide weens finansiële en demografiese oorwegings wêreldwyd dwingend noodsaaklik.

Psigologiese perspektiewe dui daarop dat die proses van aftrede volgens die SRRS hoog op die ranglys van traumatiese gebeure verskyn. Dit het verder duidelik geword dat die biologie in staat is om die psigologie te beïnvloed. Die emosies wat deur finansiële nood na aftrede ontketen word, stem ooreen met dié wat skadelik is vir die liggaam. Daar is verwys na die waarde en beperking van tipologie asook die uniekheid van individue se belewing van finansiële nood na aftrede.

Spiritualiteit speel 'n toenemend belangrike rol in die lewe van ouer mense as beide hanteringsmeganisme vir traumatiese gebeure en motivering vir geestelike groei en volgehoue betrokkenheid. Geloofstwyfel lei tot pessimisme oor die toekoms met 'n gevolglike negatiewe uitwerking op eiewaarde. Sterk geloofsoortuigings en deelname aan godsdienstige praktyke word geassosieer met hoë eiewaarde ten spyte van moeilike omstandighede.

Die omstandighede van die gevalle waarna in Hoofstuk 2 verwys is, sowel as die terugvoer van die vyf respondente, is met die navorsingsresultate en aannames vergelyk om te bepaal in watter mate dit ooreenstem of verskil. Die voorlopige bevinding is dat slegs in een geval (Respondent 3, Hfst 2.8.7.2) finansiële probleme na aftrede nie 'n onmiddellike negatiewe invloed op eiewaarde het nie, hoewel daar na verloop van tyd tekens daarvan te bespeur is. Dit stem ooreen met die bevindinge van ander navorsers (vgl. Wethington, Brown & Kessler 1995) dat verskillende persone dieselfde gebeure verskillend ervaar.

Die terugvoer van respondente op vrae wat onder die verskeie subtemas gestel is, is getoets aan die perspektiewe van die naasliggende wetenskappe. Geen beduidende afwyking in die bevindinge van geraadpleegde navorsingsresultate kon gevind word nie. Nadat die terugvoer van respondente en die verhale van die gevalle waarna in die vorige hoofstuk verwys is, geanaliseer is, wil dit voorkom asof finansiële nood na aftrede 'n uitkringende effek het wat respondente se gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale interaksie, menswaardigheid, selfbeeld, spiritualiteit en psigologiese welsyn nadelig affekteer met negatiewe gevolge vir eiewaarde. Dit wil ook voorkom of mans in 'n groter mate 'n afname in eiewaarde ervaar as vroue, ten spyte van die feit dat

almal aandui dat godsdiens/spiritualiteit 'n toenemend belangrike rol in hul lewens speel.

In die volgende hoofstuk sal die basisteoretiese perspektiewe op eiewaarde, met die Woord van God as maatstaf, oorweeg word.

---oOo---

HOOFSTUK 4

SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE TEMA VAN WERK, AFTREDE, IDENTITEIT EN EIEWAARDE

4.1 Inleiding

Gerontologie is 'n interdisiplinêre studieveld waarbinne verskillende dissiplines poog om die probleme wat met veroudering gepaard gaan, onder die loep te neem (Aiken 1995:21). Bioloë fokus op die biologiese uitwerking van veroudering, psigoloë bestudeer die verstandelike vermoëns en gedragspatrone van ouer mense terwyl sosioloë ondersoek instel na die rolle en status wat hierdie ouderdomsgroep binne 'n gemeenskap beklee (Theron 2013:2). Die emosionele en spirituele behoeftes van ouer mense skep 'n nis vir die praktiese teologie wat deur Miller-McLemore (2012:5) beskryf word as *“an activity of believers seeking to sustain a life of reflective faith in everyday life.”* Pattison en Woodward (2005), soos aangehaal deur Theron (2013:2), stel dit selfs duideliker wanneer hulle aanvoer dat *“practical theology is a place where religious belief, tradition and practice meet contemporary experiences, questions and actions and conducts a dialogue that is mutually enriching, intellectually critical and practically transforming.”*

Hieruit blyk duidelik dat 'n ondersoek vanuit die praktiese teologie na die moontlike impak wat finansiële nood na aftrede op die eiewaarde van afgetredenes moontlik kan hê, vanuit die perspektiewe wat die Skrif daarop nahou, benader moet word.

4.2 Doelstelling van die hoofstuk

Osmer se normatiewe taak wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, naamlik *“Hoe behoort die situasie te lyk?” (What ought to be going on?)* impliseer 'n dualisme tussen die praktyk en die norme wat in die Skrif neergelê word. In die uitvoering van hierdie taak, gebruik Osmer die term *“prophetic discernment”* wat in Hfst 1 (punt 8) omskryf is. In Bybelse tye was dit die profeet se taak om God se wil, vermanings en toekomshoop in 'n spesifieke tyd, plek en situasie bekend te maak (Deut 18:18; Jer 6:16; Luk 1:76). *“Each prophet came with a message from God, and his job was to communicate that message.”* (Hill & Walton 2000:408) Profetiese onderskeiding in die praktiese teologie het dan ook ten doel om God se wil te soek vir die vraagstuk wat in die studie aan die orde gestel word en om dit aan die beradene te kommunikeer en wel op so 'n wyse dat nuwe hoop daardeur gevestig word.

“Skriftuurlike waarhede word voorgehou wat herversekering en hoop gee, gebaseer op die onveranderlike aard van God en sy Woord.” (Collins 2005:69)

Vervolgens sal arbeid as integrale deel van menswees, die verskillende dimensies en doelstellings daarvan asook die verskynsel van aftrede soos dit in die Skrif aan ons geopenbaar word, in oënskou geneem word.

4.3 Skrifperspektiewe op werk en aftrede

God het hom van die begin af openbaar as dat Hy “gewerk” het. “In die begin het God die hemel en die aarde geskep.” (Gen 1:1; vgl Gen 2:2, Ps 8:3) Op die sesde dag skep God die mens en gee aan hom ‘n roeping (Gen 1:28, 2:15). Arbeid was dus God se oorspronklike bedoeling met die mens en met die wêreld maar die karakter van werk het na die sondeval wesenlik verander. Dit sou voortaan ‘n “slaafse en verslawende karakter” vertoon omdat die aarde weens die mens se ongehoorsaamheid vervloek is en slegs met moeite ‘n opbrengs sou lewer (Gen 3:17-19) (Heyns (1986:251). “Deur harde werk sal die mens vir hom kos uit die aarde moet uitspook (Job 28:9), sy ‘lewe lank’ (Gen 3:17) (Van Zyl 1993:17).

Die beginsel dat alle werk, nie slegs geestelike werk nie, ‘n roeping van God is, is volgens De Villiers (2008:1192) deur beide Luther en Calvyn voorgestaan, hoewel Luther se werksetiek ‘n voortsetting was van Thomas Aquinas se werkshiërgie (Stone 2009:3). In sy Institusie verklaar Calvyn egter dat “geen werk so onaansienlik of gering is dat die werker nie in God se oë uitblink en deur Hom as kosbaar beskou word nie.” (Duvenage 2009:160)

Die beginsel dat harde werk belangrik is en bydra tot die selfverwesening van die mens, hoef nie in geheel deur die Christengelowe verwerp te word nie. Die vernaamste doel van werk bly egter diens aan God en aan die medemens terwyl selfverwesening ook langs die weg van “betrokkenheid in gesinslewe, kultuurlewe, ontspanning en gesamentlike aanbidding van God plaas(vind)” (De Villiers 2008:1192).

Arbeid het so ‘n integrale deel van ons lewe geword dat dit ‘n invloed uitoefen op ons verhoudings, waardes, tydskedules en psigologiese gesondheid. Dit het die mens se lewensiklus geword, met aftrede as die finale fase in die siklus (De Klerk 2005:13).

Hoewel die Skrif nie 'n uitgebreide blik op arbeid of aftrede bied nie, is dit wat dit ons wél bied, van fundamentele betekenis vir 'n Bybelse perspektief op beide konsepte (Heyns 1986:251).

4.3.1 Werk as 'n skeppingsopdrag

Arbeid is nie 'n toevallige deel van die mens se lewe nie. Dit is deel van sy geskiedenis na die beeld van God wat daarop dui dat "arbeid 'n roeping van God (is) en 'n sending deur God na die aan die mensgegewe natuur." (Heyns 1986:250) In Gen 1:26 en 1:28 ontvang die mens die opdrag om oor die aarde te heers. Die paradys was dus nie bedoel as 'n plek waar die mens niks sou doen nie. "*We were none of us sent into this world to be idle. He that made us these souls and bodies has given us something to work with; he that gave us being has given us business, to serve him and our generation.*" (Church 1960:6) Werk is ook nie die gevolg van die sondeval of 'n vloek wat op die mens rus vanweë die sonde nie, hoewel werk na die sondeval nie meer die volkome vreugde was wat God dit bedoel het om te wees nie (Gen 3:19).

In beide Gen 1:26 en 28 word die werkwoorde wat in die oorspronklike teks gebruik word in die *qal imperfektum* gestel, wat daarop dui dat dit 'n onbepaalde opdrag is. Ook in Gen 2:15 word dieselfde gedagte van voortdurende arbeid gevind (De Beer 2011:811). Douma (1996:302) vestig die aandag daarop dat die Hebreeuse woord vir *werk* dieselfde is as die woord vir *diens*. Daaruit kan dus afgelei word dat God se werkopdrag die mens in sy diens binne sy koninkryk plaas.

The width of human labour resides in the fact that it is part of God's renewal of all things as expressed in the redemption motif. In their labour people are co-workers with God in the renewal of all things. Human labour can be seen therefore as part of the re-creational work that God does. (Vorster 2007:97)

Soos alles wat die mens doen, word dus ook werk verrig tot eer van God (Rom 14:8; Kol 3:17; 1 Pet 4:11). Collins (2005:638) stel dit dat "Jesus Christus (werk) van die vloek ontnem en 'n nuwe waardigheid daaraan gegee het. Hy het dit as 'n bron van seën omskep" (Kol 3:22-24; vgl Joh 5:17). Die seën wat werk meebring is daarin geleë dat terwyl ons God daardeur eer, soos dit blyk uit Ps 104 wat die lof van God besing en die mens se dagtaak (vers 23) ook 'n loffer noem, dit ook ander mense help (Spr 31). Dit hou verder die persoonlike voordeel in dat dit ons in staat stel om

in ons eie behoeftes te voorsien (2 Thes 3:10-12). In sy omskrywing van “arbeid” bevestig Heyns (1986:250) dat die mens se werk gerig is op die voorsiening in “sy eie lewensonderhoud, ‘n algemene lewensontplooiing, op die heil van sy naaste en op die instandhouding van die samelewing.” In Ef 4:28 vermaan Paulus die dief om op te hou steel maar eerder hard te werk “sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.” (OAV)

4.3.2 Die dimensies van arbeid

Heyns (1986:250-251) onderskei ses dimensies van arbeid wat aan ons ‘n beter begrip van hierdie verskynsel bied.

4.3.2.1 Die religieuse dimensie

Arbeid is ‘n roeping van God aan die mens. Met die skepping van die eerste mensepaar is hulle beklee met waardigheid en verantwoordelikheid. Die ideale situasie waarin hulle geplaas is, is deur die toedoen van die mens self versteur (Hill & Walton 2000:68). Beide man en vrou ervaar die verhoudingsbreuk met God met droefheid en pyn. Die vrou sal in ‘n polêre verhouding met haar man leef en die man in ‘n polêre verhouding met die grond waaruit hy ‘n bestaan moet maak. “Jou hele lewe lank, tot die einde van jou dae, sal jy met moeite werk om iets te hê om te eet.” (Vosloo 2009:20) Jesus Christus in die Nuwe Testamentiese bedeling beklee werk met ‘n nuwe waardigheid. Daarom doen ons ons werk as diens aan Hom en tot sy eer (Kol 3:17, 23), selfs al werk ons vir ‘n nie-Christen werkgewer (Collins 2005:638).

4.3.2.2 Die antropologiese dimensie

Arbeid is ‘n uniek-menslike aktiwiteit. Volgens Heyns (1986:136, 137) “lewe (die dier) *in* die natuur, en ook *van* die natuur, maar styg nooit *bo* die natuur uit nie. Nooit word die dier se besigwees met die natuur dus ‘n gebeure wat met verloop van tyd geskiedenis het of geskiedenis word nie.” Die mens het egter die vermoë en opdrag ontvang om deur sy arbeid die natuur om te bou tot kultuur, soos hy reeds van Gen 2:15 af begin doen het. Hierdie handeling loop uit op verskillende beroepe, naamlik boerdery (Gen 4:2), die maak van musiekinstrumente (2 Sam 6:5), bouwerk (Eseg 4:1, 2), handelaars (Op 18:11), vissermanne (Matt 4:18), yster-/kopersmede (Gen 4:22) ens. Arbeid wat tot kultuurvorming lei, moet steeds binne bepaalde

norme geskied omdat alle arbeid, ook die onvolkome arbeid van sondige mense, 'n ewigheidsdimensie het (Heyns 1986:136).

4.3.2.3 Die psigologiese dimensie

Die mens het 'n basiese behoefte aan selfaktualisering, dws om tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel (McLeod 2007). Arbeid bied een van die ruimtes waarbinne die mens sy persoonlikheid aktualiseer. "Al arbeidende is dit immers nie net die arbeid van die mens wat groei en vrugte dra nie, ook die mens van die arbeid groei en ontluik." (Heyns 1986:256) Vorster (2007:102) stel dit dat werkloosheid nie alleen 'n gebrek aan inkomste beteken nie, maar dat die werklose onvervuld voel omdat hy/sy geen bydrae tot die gemeenskap kan lewer nie. Volgens Maslow se behoeftehiërargie, streef die mens na selfverwesenliking nadat aan die meer basiese behoeftes voldoen is. Selfverwesenliking kan ook verskillende vorme aanneem, soos byvoorbeeld om 'n goeie atleet te wees of om skeppende werk te verrig (Maslow 1943:382 – 383).

Gehoorsaamheid aan God se werkopdrag (Gen 1:28) is die mens se bydrae tot die herskepping van 'n gebroke wêreld. "*In this deeper purpose of labour lives, besides the meaningful substance and encompassing width of labour, also its joy.*" (Vorster 2007:97) Deur die werk wat die mens verrig, word hy ook in 'n verhouding tot bepaalde samelewingstrukture geplaas wat vormgewend op sy lewe inwerk, soos bv die arbeidsritme (Eks 20:9, 10) en arbeidsverhoudinge (Ef 6:5, 9; Matt 20:8) (Heyns 1978:137).

4.3.2.4 Die sosiologiese dimensie

Die verskillende rolle wat die mens in die samelewing vervul, wat Heyns die "medemenslikheidsverhoudings" noem (Heyns 1986:251), vorm die sosiologiese dimensie van arbeid. Eerstens is daar die verhouding met die gesin aan wie materiële bystand gegee moet word, naamlik man en vrou aan mekaar en hul kinders terwyl kinders en kleinkinders ook 'n verpligting teenoor hul ouers en grootouers het (vgl Spr 13:22; 2 Kor 12:14; 1 Tim 5:4). Arbeid bevoordeel ook die gemeenskap, omdat werk werk skep. Konstruktiewe werk skep geleenthede vir ander en stel die werker in staat om die nood van armes te verlig (Hand 20:35; Ef 4:28) (Vorster 2007:99). Deur op een tipe werk of beroep te konsentreer raak mense afhanklik van ander om in die ander behoeftes te voorsien. "*Work therefore is*

a bond which unites a man to his neighbours; work provides mutual contact and communication. To be precise, work serves the same service as other gifts of the Spirit.” (Hart 1995:126).

4.3.2.5 Die historiese dimensie

Arbeid is ‘n dinamiese proses wat deur die geskiedenis gekenmerk is deur progressiewe ontwikkeling, eksperimentering, herhaling, vooruitgang en produksie (Heyns 1986:251). Die Grieke en Romeine het werk beskou as iets wat deur die laagste klas verrig moes word sodat die gegoedes hul tyd aan die kunste, filosofie, groot landbouprojekte en oorlogvoering kon wy (Stone 2009:2). Calvyn het hierdie persepsie dat enige werk minderwaardig is, verwerp. In sy Institusie stel hy dit duidelik dat dit vermetel is om sekere roepings bo ander te verhef. Hoewel die monnike se gebruik om hul besittings weg te gee eerbaar lyk, “(word) die sorg om ‘n huisgesin toegewyd te regeer, deur God hoër geag.” (Duvenage 2009:282) Hierdie werksetiek het die grondslag gelê vir dit wat werkgewers vandag van hul werknemers verlang (Stone 2009:5). “In die lig van Openb 14:13 sal ons moet aanvaar dat die onvolkome arbeid van sondige mense deur God aanvaar word en mense sal volg tot voor sy troon. Dit is die oorstelpende ewigheidsdimensie van menslike arbeid.” (Heyns 1978:136)

4.3.2.6 Die ekonomiese dimensie

Arbeid moet beskou word as God se oorspronklike bedoeling met die mens en die wêreld. “Vir die mens sou arbeid die wyse wees waarop in sy basiese lewensonderhoud voorsien word – nêrens immers word gesê dat die aarde vanself vrugte sou voortbring nie.” (Heyns 1986:251) Die inkomste wat deur arbeid genereer word, kan aangewend word om nuwe besittings te verkry. Volgens Calvyn mag ons in alle bescheidenheid en met matigheid voor oë die gawes wat God ons skenk, soos “om wyn te drink”, geniet (Duvenage 2009:187) (vgl Eks 34:22 e.v.; Num 28 en 29; Deut 16:10 e.v.). Langs die weg van arbeid voorsien ons in ons daaglikse lewensbehoefte en in die behoeftes van hulle wat nie *kan* werk nie. Hulle wat nie *wil* werk nie, moet volgens Paulus ook nie eet nie (2 Tess 3:10; vgl Spr 6:6-11). Werknemers moet beloon word vir hul arbeid (Luk 10:7; 1 Tim 5:18), maar die beloning moet deur die arbeider verdien word. Lone sal ook verskil in ooreenstemming met die behoefte wat daar vir ‘n sekere tipe kundigheid en vaardigheid bestaan (Vorster 2007:100).

4.3.3 Die doelstellings van arbeid

Die primêre en sekondêre doelstellings en motiewe vir arbeid kan bestaan uit finansiële gewin, bestaansnood, die strewe na erkenning, die behoefte aan skeppende prestasie, hulpverlening, blote afleiding of tydverdryf. Vanuit 'n Christelike beskouing kan die doel van alle arbeid egter nie anders as met die begrip “diens” aangedui word nie (Heyns 1986:255). Hierby sluit Collins (2005:638) aan wanneer hy sê dat werk gedoen moet word as ‘n diens aan Christus. Ons doen ons werk “met ‘n opregte hart uit eerbied vir die Here.” (Kol 3:23) Heyns (1986:255-257) onderskei vier doelstellings van arbeid wat almal aan diens gekoppel word terwyl Vorster (2007:97-99) daarna verwys as eienskappe van werk.

4.3.3.1 Diens aan God

Douma (1996:302) wys daarop dat die Hebreeuse woord vir “werk” dieselfde is as vir “diens”. Die logiese uitvloeisel van God se werkopdrag is daarom dat mense in diens van God is deur hulle werk wat, soos alles wat die mens doen, tot eer van God verrig moet word (Rom 14:8; 1 Kor 10:31; 1 Pet 4:11) (Vorster 2007:97). Wanneer die mens uit gehoorsaamheid aan God die werkopdrag nakom om daardeur te ontdek wat in die natuur deur God bedek is, weerspieël die mens die “heerlikheid, die wysheid, die grootheid en die goedheid van die Koning van die koninkryk (Heyns 1986:255). Die beginsel dat werk diens is aan God, impliseer dat werk nooit verrig mag word met slegs eie gewin voor oë nie en ook dat geen werk ooit minderwaardig is nie (Vorster 2007:98). Hierdie beginsels word egter deur baie Christene uit die oog verloor sodat hulle deel in die sekulêre uitkyk op beroepe (Collins 2005:638). Ongeag die kwalifikasies wat vereis word, word almal in dieselfde mate tot verantwoording geroep voor God (Vorster 2007:98). Die soendood van Christus het meegebring dat alle arbeid ‘n dankoffer word en “‘n bousteen in die koninkryk van God.” (Heyns 1986:254)

4.3.3.2 Diens aan die naaste

Wanneer ons werk op die naaste gerig is, plaas dit ‘n groot verantwoordelikheid op ons ten opsigte van selfdisipline – om ‘n soberder lewenstyl te handhaaf wat ons in staat sal stel om ons deel vir die armes te gee (Heyns 1986:257). Mense word opgeroep om hul beroepe te beoefen tot voordeel van die naaste (Hand 20:35;

Ef 4:28). Die diensopdrag aan die naaste deur ons arbeid kom, volgens Vorster (2007:99), op verskillende wyses tot uitvoering, naamlik deur:

- toewyding, omdat werk geleentede vir ander skep;
- belasting te betaal wat die staat die nodige middele gee om hul verpligtinge teenoor die armes na te kom;
- empatie vir die armes op konkrete wyse te betoon en
- bydraes aan die kerk te gee waardeur barmhartigheid aan die armes bewys kan word.

Slegs wanneer my arbeid ook die lewe van my naaste verryk en verruim, kan dit aan God diensbaar wees en deur Hom geregtig word (Heyns 1986:256).

4.3.3.3 Diens aan die gemeenskap

Volgens Bernbaum en Steer (1986:5) is dit 'n halwe waarheid om te aanvaar dat werk bevrediging moet bring, omdat die Bybel nooit aandui dat werk "pret" moet wees of ons "gelukkig" moet maak nie. Werksbevrediging is gesetel in die diens en plesier wat ons ondervind wanneer ons werk 'n bydrae lewer tot die gemeenskap. Ons is deur God geskape om Hom te verheerlik en mekaar te dien. "*We are called to glorify God in serving others and contributing to the common good.*" (Bernbaum & Steer 1986:56)

Arbeid het 'n sterk sosialiserende komponent wat mense saambind en waardeur geleentede geskep word vir mense om op grond van hul afhanklikheid van en verbondenheid aan mekaar tot hul volle potensiaal te ontwikkel. Mense werk saam aan projekte, deel mekaar se opgewondenheid wanneer dit slaag en geniet saam die voordele wat daaruit voortspruit (Heyns 1986:257). Daarom is dit noodsaaklik om te bepaal of ons werk die lewensgehalte van die gemeenskap verbeter, geregtigheid bevorder, 'n etos van verantwoordelikheid binne die gemeenskap ontwikkel, vrede in die hand werk en konstruktief is (Vorster 2007:99). König (2006:318) benadruk die wedersydse verpligting wat die individu en die gemeenskap teenoor mekaar het ten opsigte van ontwikkeling, opvoeding, gesondheidsdienste, die skep van werksgeleentede ens.

4.3.3.4 Diens aan die self

Terwyl werk bedoel is om God te eer bring dit ook persoonlike voordele mee omdat dit ons in staat stel om in ons behoeftes te voorsien. Werk kan terselfdertyd beskou word as “iets waartoe God ons roep en wat Hy kan gebruik om goddelike orde in ons lewe te bring.” (Collins 2005:638, 639) Die mens is deur God geskep en geroep om orde-skeppers te wees in sy leefwêreld deur al sy aktiwiteite, ook sy arbeid (Heyns 1986:336).

Calvyn was ‘n voorstander daarvan dat die aardse dinge geniet mag word (vgl Ps 104:14, 15) en hy stel die vraag: “Sou God dan al die dinge so mooi gemaak het en ons nie toelaat om dit te geniet nie?” (Duvenage 2009:159) Ook Heyns (1986:255) huldig die siening dat selfdiens nie as “selfsugtige egoïsme” afgemaak hoef te word nie (Vgl Pred 5:18). Die mens het immers ‘n verantwoordelikheid om deur middel van sy arbeid in sy eie fisiese en geestelike behoeftes te voorsien. Vir Paulus is dit ‘n saak van eer dat elkeen hom moet besig hou met sy eie sake, hom by sy eie werk moet bepaal en so finansiëel selfstandig raak (1 Tes 4:11, 12). Op hierdie wyse dwing die gelowige respek af by die buitestander vir die leefstyl wat hy/sy handhaaf (Van Rensburg 2009:1927).

4.3.4 Aftrede

Aftrede is nie ‘n Bybelse begrip nie. In Bybelse tye was dit gebruiklik dat mense aangehou werk het totdat tanende liggaamskragte hulle gedwing het om ligter fisiese take te verrig (Rut 4:2, 11; Sam 3:17; 1 Kon 12:8) of om by hul kinders of ‘n ander versorger te gaan inwoon (Joh 19:26, 27). “*{R}etirement had still not been invented and respect for old people remained high.*” (Weisman 1999). Die enigste voorbeeld van aftrede kan gevind word in Num 8:24-26 waar die Here aan Moses opdrag gee dat Leviete op die ouderdom van vyftig van hul pligte onthef moes word. Hulle mag wel die jonger Leviete behulpsaam wees in die uitvoering van hul taak. Hierdie verbod op werk moet dus beskou word as beide ‘n erkenning dat liggaamskragte afneem en as ‘n manier om die ouer Leviete teen liggaamlik veeleisende werk te beskerm (De Beer 2011:813). Pred 12:1-8 bied ‘n duidelike beskrywing van die afname in fisiese en geestelike vermoëns wat met die ouderdom gepaard gaan. Dit beteken egter nie dat die mens in ‘n sekere stadium werk *moet* staak nie. Voorbeelde van mense wat ten spyte van hul hoë ouderdom aktief werksaam gebly het, is Moses (Deut 31:2), Josua (Jos 24:29), Eli (1 Sam 4:15), Dawid (1 Kon 1:1),

Sagaria (Luk 1:18) en Anna (Luk 2:36) (De Beer 2011:812) (Skrifdele deur navorsers ingevoeg).

Die mens se *roeping* word nie beëindig met aftrede nie. Werk en aftrede vorm saam deel van roepingsvervulling, hoewel dit verskillende fases daarvan verteenwoordig (De Klerk 2005:2). Dit impliseer dus dat aftrede nie die einde van die mens se *roeping* beteken nie, maar wel dat dit 'n nuwe dimensie van roepingsvervulling inlei. Aftrede as 'n laat negentiende-eeuse konsep, behels 'n beroepsritme of beroepsiklus wat 'n totale staking van werk op 'n vasgestelde ouderdom beteken. Hierdie periode eindig eers wanneer die afgetredene te sterwe kom. Daaruit is dit duidelik dat die huidige benadering tot beroepsbeëindiging strydig is met die werkopdrag in Gen 1:28 en 2:15 omdat dit nie voorsiening maak vir die "geleidelike afskaling van werk en verantwoordelikhede namate 'n werker se kragte afneem nie." (De Beer 2011:814)

Die Prediker verklaar dat arbeid 'n gejaag na wind is (Pred 4:5). Dit beteken dat werk alleen waarde het insoverre die mens sy/haar rentmeesterskap in die uitvoering daarvan beoefen (Brunsdon & Lotter 2008:292). In Bybelse tye is arbeid as 'n geestelike roeping beskou, 'n "lewenslange aktiwiteit sonder duidelike grense tussen begin en einde" (Brunsdon & Lotter 2008:294). In moderne tye vorm die afgetredene deel van 'n ekonomies aktiewe gemeenskap waarin die ouer nie-werkende se insette nie hoog geag word nie. Sommige afgetredenes en ouer persone se vrees vir sosiale ekskommunikasie is groter as hul vrees vir die dood. Dit maak die ontdekking dat waarde vir God eerder afhang van wie die persoon *is* as van wat die persoon *doen*, van groot religieuse betekenis (De Jong van Arkel 1986:112). Hierdie stelling vereis dat identiteit en eiewaarde aan die hand van verskillende Skrifuitsprake beoordeel sal word.

4.4 Skrifperspektiewe op identiteit en eiewaarde

Die bekende Christenberader Jay Adams en die sielkundige Paul Vitz, soos aangehaal deur Collins (2005:266), staan hoogs krities teenoor die konsepte *die self* en *eiewaarde*. Adams voer aan dat ons nooit tevrede mag voel oor onself nie, maar dat ons onself soos misdadigers behoort te behandel en daaglik teen die eie ek moet stry. Vitz verwys na die sielkunde as 'n "nuwe godsdiens wat gebaseer is op die aanbidding van die eie ek." (Collins 2005:266) In direkte teenstelling met hierdie opvatting vind ons voortdurende bevestiging daarvan dat die mens vir God waardevol is (Jes 43:1; Joh 3:16). Ons is na sy beeld geskep (Gen 1:27), beskik oor

verskillende vermoëns (vgl. 1 Kon 4:29; Ef 4:7) en word selfs na die sondeval steeds beskryf as “net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese” (Job 7:17; Ps 8:6). Die Bybelse siening van die mens ontken nie ons sonde en mislukkings nie, maar dit kraak ook nie ons diepste betekenis as skeppings van die lewende God af nie. (Narramore 1978:29)

4.4.1 Die self van die mens vanuit Bybelse- en pastoraal-teologiese perspektiewe

Die Bybel beskou die mens in sy totaliteit as na die beeld van God geskape (Hanekom 2005:11). Wanneer Jesus die vraag oor die belangrikste gebod beantwoord (Mark 12:30), sê Hy dat ons God moet liefhê met ons liggaam, siel, hart en verstand. Daarmee beklemtoon Jesus dat mense God met hulle hele wese moet liefhê en dat geen deel van hul menswees daarvan uitgesluit mag word nie (Tolmie 2009:1468).

Volgens die trichotomiese standpunt ten opsigte van die mens wat in konserwatiewe Protestantse kringe gehuldig word, bestaan die mens uit drie dele, naamlik liggaam, siel en gees (Schoeman 2005:31). Heyns (1978:124) aanvaar nie die siening dat die siel die brug vorm tussen die sienlike (die liggaam) en onsienlike (die gees) nie, omdat die mens vanaf konsepie ontstaan na liggaam en siel. “Gees” verwys na die mens se “totale religieuse lewensrigting wanneer hy hom deur Gods inwonende Gees laat lei, of wanneer hy prooi van die sonde geword het.” (Heyns 1978:123) In Eks 35:21 (OAV) word gesê dat elkeen wie se “gees hom aangedryf het”, ‘n offer aan die Here gebring het. In dieselfde vertaling vra Paulus dat ons ons *liggame* as heilige offer aan God moet wy (Rom 12:1) en die psalmdigter roep uit dat sy *siel* na God smag (Ps 42:2). Hierdie letterlike vertaling van die Hebreeuse en Griekse woorde vir “gees, liggaam” en “siel” is in die 1983-vertaling verander om die besondere betekenis wat die woord in ‘n bepaalde verband het, te probeer weergee (König 2006:314).

Die “self”-woorde soos selfwaarde, selfbeeld, selfaktualisering, selfagting, ensovoorts, wat vandag algemeen gebruik word, is nie in die Skrif te vind nie (Hanekom 2005:11). Die Bybel verwys slegs op indirekte wyse na die *self* van die mens (Knouwds 1990:150) soos wanneer Paulus in Rom 12:3 ‘n beroep doen op sy lesers om nie meer van hulleself te dink as wat hulle behoort nie. Daardeer word wel ‘n gesonde persepsie van onself geïmpliseer, maar volgens Collins (2007:368) gaan

“eiewaarde, ‘n realistiese selfbeoordeling en nederigheid hand aan hand.” Matthew Henry (Church 1960:1785) waarsku ook teen hoogmoed omdat dit wat ons is en het, deur God aan ons gegee is (vgl 1 Kor 4:7). *“Because whatever we have that is good, God hath dealt it to us. The best and most useful man in the world is no more, no better, than what the free grace of God makes him every day.”*

Dat die mens as eenheidsweese funksioneer, word duidelik wanneer die groot hoeveelheid navorsing oor die verband tussen liggaam en die self (Baker & Gringart 2009; Gothe *et al.* 2011), akademiese kwalifikasies (*education*) en die self (Orth, Trzeniewski & Robins 2010) en spiritualiteit en die self (Keyes & Reitzes 2007; Krause 2006) in ag geneem word. (Die begrip “self” in genoemde navorsing verwys afwisselend en soms gelyktydig na selfvertroue, selfbeeld, selfpersepsie en selfwaarde).

McGee (1998:13) voer aan dat om God se voorsiening vir die eiewaarde van die mens ten volle te verstaan, ons moet terugkeer na die ontstaan van die mens. Die teologie praat nie bloot van die “begin” van die mens nie, maar oor die “waarom” agter sy teenwoordigheid op aarde. Die Bybelse standpunt is dat die mens deur ‘n alwyse, almagtige en goeie God geskape is om Hom lief te hê en in ‘n verhouding met Hom te leef. Terselfdertyd gee die feit dat ons na die beeld van God geskape is ons ook die vermoë om in ‘n verhouding met ons medemens te leef (Erickson 2001:166, 177).

Hoewel die Skrif ons nie ‘n sistematiese en geordende blik op die wese van die mens bied nie, kry ons wel insig in die menslike natuur uit die vele situasies en optredes waarvan in die Bybel gelees word. “(D)ie Skrif wil niks meer doen nie, as om die aandag te vestig op ‘n besondere aspek van of ‘n perspektief op die mens waarin die eintlike en die wesentlike van die menswees op ‘n bepaalde wyse tot uitdrukking kom of aangetoon kan word.” (Heyns 1978:110)

Die mens is te onderskei van die dier onder andere op grond van sy selfbewussyn, sy vermoë om te onthou wat hy gister gedoen het of nagelaat het om te doen en om hierdie doen en late krities te beoordeel (Leith 1993:99-100). Hierdie selfbewussyn dui op die mens in verhouding tot homself wat manifesteer in selfkennis, selfrespek, selfkritiek, selfaktualisering, selfliefde ens. Selfkennis beteken dat die mens bewus is van sy eie beperkinge (Eks 3:11; Num 11:14) en vermoëns (Mat 8:9). Dit lei tot selfrespek en selfvertroue maar ook selfkritiek (2 Sam 24:10; Luk 15:21) wanneer “hy

sy Godgegewe moontlikhede nie maksimaal benut nie (Matt 24:24, 25), en sy grense nie eerbiedig nie (1 Kon 3:7-9).” (Heyns 1978:134) (Skrifdele deur navorsers bygevoeg).

4.4.2 Die mens as verhoudingswese

Volgens Erickson (2001:169) het die mens, op grond van sy ontstaan, ‘n verwantskap met die res van God se skepping, en in besonder met die ganse menslike ras. “Dát die mens ‘n ek is, en hóé hy ‘n ek is, is trouens nie onafhanklik van die verhoudinge waarin hy staan nie.” (Heyns 1978:128) Verskeie van hierdie verhoudings word vervolgens in oënskou geneem.

4.4.2.1 Die mens in verhouding tot God

Die mens weerspieël die beeld van God wanneer hy/sy in ‘n verhouding tot God staan. Twee teoloë wat hierdie standpunt gehuldig het, is Emil Brunner en Karl Barth (Brunner 1951:124-125). Hulle het tot die slotsom gekom dat die beeld van God nie verstaan moet word met betrekking tot enige strukturele kwaliteite waarvoor die mens beskik nie, maar dat dit sigbaar is in ons verhouding tot God. Dit is iets wat die mens ervaar en dit gee daaraan ‘n dinamiese, eerder as ‘n statiese karakter (Erickson 2001:173). God spreek die mens aan en die mens antwoord. “Gods woord oor en tot die mens, het van die mens *jy* gemaak, waarmee hy ‘n gespreks- en arbeidsgenoot van God geword het.” (Heyns 1978:128)

Die mens is in wese nie neutraal nie en kan dus nie los van sy verhoudings gesien word nie. Die beeld van God is universeel in alle mense te alle tye, wat beteken dat dit ook teenwoordig is in die sondige en afvallige mens (Erickson 2001:173). Ons waarde as beeldraers van God is gesetel in ons verhouding, in ons lid-wees van die liggaam van Christus (1 Kor 12:12, 27). *“(If each will acknowledge the worth in every other member, then perhaps the cells of Christ’s Body will begin acting as Christ intended.”* (Yancey & Brand 2004:59) In die Skrif word talle fasette van die menslike natuur openbaar, maar al hierdie fasette illustreer die verhouding tot God – sy andersheid as, sy afhanklikheid van, sy opstand teen en sy verlossing deur God. Die mens leef, of hy dit wil erken of nie, uit die hand van God (Heyns 1978:129).

4.4.2.2 Die mens in verhouding tot die medemens

Reeds op die eerste bladsye van die Bybel word mense se verantwoordelikheid teenoor mekaar geïllustreer in die Kaïn en Abel-verhaal wanneer God self vir Kaïn na


die welsyn van Abel vra (Gen 4:9). Jesus het ook dikwels oor verhoudings tussen mense gepraat (Matt 19:19; Luk 10:36-37; Matt 18:15). Paulus se raad aan Timoteus (2 Tim 2:23-24) is gerig op goeie verhoudings wanneer hy die jongman vermaan om nie by rusies tussen mense betrokke te raak nie maar om vriendelik teenoor almal te wees. In die boek Spreuke vind ons talle duidelike riglyne oor interpersoonlike verhoudings (Spr 3:27; 16:6; 22:1; 22:9, 11; 25:8-10; 25:23).

Volgens Collins (2005:256) is alle spanning binne verhoudings die weerspieëling van die sondeval. Op sielkundige vlak kan feitlik enige moontlike menslike reaksie aan swak interpersoonlike verhoudings toegeskryf word. Die sosiale gevolge daarvan manifesteer dikwels in verbale aggressie, geweld, onttrekking, die beëindiging van verhoudings, skuldgevoelens, angstigheid en depressie.

Die seTswana uitdrukking “motho ke motho ka batho” (*I am because you are*)/Zulu = Ubuntu) beklemtoon die mens as verhoudingswese. Daar bestaan ‘n verbondenheid tussen mense op grond van ons herkoms uit een mensepaar. Indien hierdie verbondenheid reg verstaan sou word, sou daar ‘n besorgdheid en empatie jeens mekaar bestaan het. *“We will rejoice with those who rejoice and weep with those who weep, even if they are not fellow Christians.”* (Erickson 2001:168) (Mark 16:10; Luk 15:9) Heyns (1978:131) postuleer dat ons verbondenheid aan mekaar nie toe te skryf is aan die toevallige sameloop van omstandighede nie, maar dat dit so deur God gewil is in sy bestuur van die geskiedenis en in sy skeppingsopdrag aan die mens. Ons kan ook nie self bepaal wie ons medemens is nie, omdat dit “elke mens is wat in sy konkrete lewensomstandighede, met sy vreugde en verdriet, sy oorvloed en in sy gebrek, my lewensweg kruis.” (Heyns (1978:131)

4.4.2.3 Die mens in verhouding tot die self

Volgens Carl Rogers streef elke mens na selfverwesenliking. Ons streef daarna om te voel, te ervaar en op te tree in ooreenstemming met wat ons as die “ideale self” beskou. Hoe groter die kongruensie tussen die ideale self en die werklike self, hoe groter ons gevoel van eiewaarde. Hierdie kongruensie is afhanklik van “*unconditional positive regard*” (McLeod 2007). Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



Bron: McLeod 2007

Die strewe na selfverwesenliking is aanduidend van die mens in verhouding tot homself. Selfliefde, as 'n uitvloeisel van hierdie verhouding, word volgens Heyns (1978:134) veroordeel as dat dit nie 'n Christelik deug is nie, maar sonder selfliefde het die mens niks om te bied nie. Selfverloëning en selfopoffering sluit selfliefde nie uit nie, maar stel dit juis in diens van 'n hoër ideaal. God het ons lief, dus kan ons onself liefhê en is ons ook die liefde van ander mense werd (Narramore 1978:29). Selfliefde mag egter nooit so op die self gerig wees dat dit egoïsties alles vanuit die "ek" en in verband met die "ek" wil verklaar nie – vandaar die opdrag om die naaste lief te hê soos jouself (Luk 10:27; vgl Lev 19:18). "Die mens het verpligtinge teenoor jouself maar ook teenoor sy naaste, omdat hy pligte het teenoor God." (Heyns 1978:135)

4.4.2.4 Die mens in verhouding tot die gemeenskap

Die begrip "gemeenskap" verwys na mense wat in samelewings- of groepsverband saam verkeer op so 'n wyse dat die individu in mindere of meerdere mate afhanklik is van en verbonde is aan die groep (Heyns 1986:11). Die aard en struktuur van die verbande en die verhouding waarin dit tot mekaar staan, oefen 'n bepaalde invloed uit op die wyse waarop individue of groepe mekaar behandel. Die sosiaal-etiese lewe van die mens speel binne hierdie samelewingsverbande af waar "laasgenoemde eersgenoemde fundamenteel bepaal." (Heyns 1986:13) Cooley (1956), soos aangehaal deur Crocker en Major (1989:610), voer aan dat die mens se

persepsie van eiewaarde 'n produk is van hoe ander ons beskou en die mate waarin ons daardie beskouing internaliseer. Hierdie verskynsel staan bekend as “*reflected appraisals*” of die “*looking-glass self*”.

Collins (2005:46-47) ondersteun hierdie standpunt in dié opsig dat hy aanvoer dat menslike gedrag, ook probleemgedrag, deur die sosiale en fisiese omgewing van die beradene beïnvloed word. Dieselfde gemeenskap wat soms die oorsaak van probleme kan wees, kan dikwels ook 'n bron van ondersteuning en genesing wees. Hoewel die mens as enkeling geskape is, kan hy, volgens Heyns (1986:33), nie sy “natuurlike vervolmaking” alleen realiseer nie. Sy aangewesenheid op die gemeenskap vind uiting in sy deel wees van gemeenskappe van wisselende grootte (huwelik, gesin, uitgebreide familie, kerk, volk, staat).

Die kerk as 'n belangrike deel van die gemeenskap is dié sosiale struktuur wat “hoop, liefde, vrede, uitdaging en ondersteuning (verskaf) wat mense toerus om die kompleksiteite van die lewe te hanteer.” (Collins 2005:48) In 'n sukses-georiënteerde gemeenskap wat 'n hoë premie plaas op prestasie, voorspoed en rykdom, “*the church should promote the values of love, stewardship, self-denial and obedience to God.*” (Vorster 2007:257) Dit impliseer die kerk se diepe betrokkenheid in die gemeenskap met die doel om Christelike norme en beginsels te vestig tot voordeel van almal.

4.4.2.5 Die mens in verhouding tot natuur, kultuur en struktuur

Volgens Heyns (1978:136) is die mens beeld van God ook daarin dat hy medearbeider in die skepping is. Vir sy voortbestaan is die mens van die natuur afhanklik en vir sy bewerking is die natuur van die mens afhanklik. God het die mens geroep tot gehoorsame arbeid binne die struktuur van die verbond wat Hy met Adam as hoof van die mensheid aangegaan het, maar Adam het dit nie eerbiedig nie (Hos 6:7). Ten spyte van die sondeval, is arbeid steeds een van die maniere waarop die mens die lof van God verkondig. Hy sit as't ware God se skeppingswerk voort deur die moontlikhede wat die natuur bied te ontdek, te herskep en te bewaar. Volgens Erickson (2001:143) sluit ons werksaamheid en God se werksaamheid mekaar nie wedersyds uit nie. Sy voorsienigheid sluit menslike handeling in. Soms is die mens bewus daarvan dat hy God se wil uitvoer (Hand 5:29; vgl. Mat 26:42), maar soms geskied dit onbewustelik (Luk 2:1).

Deur sy arbeid herskep die mens natuur tot kultuur. “Ons kan ook sê kultuur is bewoonbaargemaakte en genietbare natuur.” (Heyns 1978:137) Calvyn waarsku egter dat ons genieting van dit wat God aan ons beskikbaar gemaak het, gepaard moet gaan met erkenning en dank aan die Gewer daarvan (Duvenage 2009:159). Die mens se kultuurvorming moet ook aan bepaalde norme voldoen sodat God se bestemming met die natuur verwesenlik kan word en die mens so sy roeping vervul.

Die mens staan ook in nie-persoonlike verhoudings, naamlik teenoor instellings en organisasies. Hierdie strukture verwys byvoorbeeld na ‘n instelling soos die huwelik en gesin (Ef 5:22-33), arbeid met sy arbeidsritme (Eks 20:10) en arbeidsverhoudings (Ef 6:5, 9; Matt 20:8) en die struktuur van die staat (Rom 13). Sommige van hierdie strukture bepaal ons gedrag en verteenwoordig ‘n selfstandige aspek van die mens se verhoudingslewe.

God se bedoeling met die skepping was dat mense in harmonie met mekaar moet leef en oor die natuur moet heers. *“We are most fully human when we are active in these relationships and perform this function, for we are then fulfilling our ‘telos’, God’s purpose for us.”* (Erickson 2001:176)

4.4.3 Die waarde van die mens

Die Christen-gelowige besit ‘n kwalitatiewe andersoortigheid. As beeldraer van God is die mens se waarde onberekenbaar (Hanekom, 2005:19). Heyns (1978:119) stel dit duidelik dat die skepping van die mens nie ‘n nágedagte was nie, maar dat alles wat van die eerste dag af geskep is, bedoel was as ‘n tuiste vir die mens. Dit beteken egter nie dat ons “ultimate value” het nie. Ons waarde kom van ‘n hoër waarde, naamlik God (Erickson 2001:168).

Hoewel die Skrif nie doelbewus, sistematies en geordend oor die mens handel nie, bied dit ons nietemin ‘n verskeidenheid perspektiewe vanuit sy veelheid van situasies en handeling wat vir ons opgeteken is (Heyns 1978:119).

4.4.3.1 Ou Testamentiese uitsprake oor die waarde van die mens

In Genesis vind ons twee weergawes oor die skepping van die mens. In Gen 1:26-27 word slegs verwys na God se besluit om die mens te maak en dan sy uitvoering van hierdie besluit. In Gen 2:7 word klem geplaas op die wyse waarop God die mens gemaak het (Erickson 2001:166). Matthew Henry (Church 1960:5) wys daarop

dat die mens nie van iets kosbaar soos 'n edelmetaal nie, maar soos 'n kleipot van die stof van die aarde gemaak is (Job 10:9). Tog is hy nie soos die ander skepsels *voortgebring* en *gemaak* nie (Gen 1:24-25), maar met groot sorg en presisie *gevorm* (Gen 2:7). Die liggaam het sy ontstaan uit die aarde, maar die siel van die mens het direk van God gekom (Gen 2:7). “*Man is a little world, consisting of heaven and earth, soul and body.*” (Church 1960:5) Die mens is aards omdat hy van dieselfde elemente as die aarde gemaak is, en tog word hy deur God hoog geag – “dit is die twee kante van menswees.” (Vosloo 2009:14)

Die drie woorde wat die meeste in die Ou Testament gebruik word om die mens se verhouding tot God en die natuur te beskryf, is siel (*nephesh*), gees (*ruach*) en vlees (*basar*). Die term “vlees” word soms letterlik en soms figuurlik gebruik. Figuurlik gesproke verwys dit na die mens se verganklikheid en sy afhanklikheid van God (Jes 40:6; Ps 78:39; Job 10:4). “Siel” verwys oor die algemeen na die individualiteit van die mens (Gen 17:14; Lev 23:30) terwyl “gees” gebruik word om na 'n bonatuurlike mag in of bokant die mens te verwys (Eks 35:21; Num 11:25) (McDonald 1997). Die onderskeiding wat daar in die Skrif gemaak word tussen dimensies van menswees (siel en liggaam, vlees en gees, inwendige en uitwendige mens, ou en nuwe mens) dui bloot op die verskillende perspektiewe op die mens, die bepaalde wyse waarop die wese van die mens aangedui word. Die mens is 'n eenheidswese; “menswees is lewendwees-in-liggaamlikheid.” (Heyns 1978:119) Die totale blik wat die Skrif op die mens bied, is terselfdertyd 'n realistiese blik. Dit skets die mens nie asof hy net goed is en reg handel nie, ook nie asof hy net boos is nie. Die realisme beskryf die mens as “die kroon van Gods skepping met die ewigheid in sy hart, maar naas sy grootheid word ook sy verlorenheid as sondaar in die felste kleure geteken en beween.” (Heyns 1978:120)

Die mens se besondere waarde vir God blyk onder andere uit Gen 9:5-6. Dit verbied die doodmaak van 'n mens. 'n Samelewing is nie moontlik indien lewe nie gerespekteer word nie, maar belangriker as dit is dat die mens God se beeldraer is (Gen 1:26). Geen mens is so gering dat hierdie aspek van sy menswees nie gerespekteer mag word nie (Vosloo 2009:35). Beide geslagte is beeldraers van God (Gen 5:1-2), alle rasse is ingesluit in God se familie (Eks 18:1; Gen 16:7-10), ook alle ouderdomme (Ps 92:15; Jes 46:4), ryk (Gen 13:2) en arm (Deut 15:7; 1 Sam 18:23), getroud (Gen 2:18) of ongetroud (Jer 16:2) (Erickson 2001:177) (Skrifdele deur navorser bygevoeg).

Dat die mens geskape is, beteken dat hy nie onafhanklik kan bestaan nie. *“They came into being because God willed that they should exist, and acted to bring them into being.”* (Erickson 2001:168) Bloot in sy bestaanswyse word die mens van die ander kreature onderskei. Hierdie besondere status voor God ontvang hy reeds vanaf die oomblik van konsepsie (Heyns 1978:126). In Psalm 139 ondervind die bidder dat hy al vir God belangrik was nog voordat hy gebore is, dat die bidder se naam en lewe in ‘n boek opgeskrywe is (vgl Ps 56:9; 69:29; 87:6; Eks 32:32; Eseg 13:9) (Van Zyl 1993:749).

In Psalm 8:1-9 staan die Psalmis in verwondering oor die gesag wat God aan die mens gegee het – om te heers oor die ganze aarde. Ons het groot waarde omdat ons die stempel van die Skepper dra. Dat God reeds verklaar het hoe waardevol ons vir Hom is, bevry ons van gevoelens van minderwaardigheid (Barton *et al* 2005:829).

We may be sure he takes precedence of all the inhabitants of this lower world, for he is made but a little lower than the angels (v 5), lower indeed, because by his body he is allied to the earth and to the beasts that perish, and yet by his soul, which is spiritual and immortal, he is so near akin to the holy angels that he may be truly said to be but a little lower than they.
(Church 1960:585)

Psalm 100:3 beklemtoon dat God ons regmatige eienaar is. Hy is daarom ons *“bountiful benefactor”* wat sy skape versorg (Church 1960:685). Die beeld van die skape wat Hy versorg, beklemtoon die besondere verhouding tussen die Here en sy gehoorsame volk (vgl Ps 77:21, 78:52, 95:7) (Van Zyl 1993:715). God is ons skepper en onderhouer. Wanneer ons dit uit die oog verloor en ons verlies ervaar, lei dit tot ‘n gevoel van hoop-loosheid (Barton *et al* 2005:929). Jeremia 29:11 bevestig God se goeie bedoelings met sy volk. Hy wil voorspoed gee, hoop vir die toekoms. Daarom het ons geen rede om onseker te wees oor sy wil vir ons nie (Botha 2009:1028). *“He that in the beginning finished the heavens and the earth, and all the hosts of both, will finish all the blessings of both to his people.”* (Church 1960:989) Die seën wat Israel sal ervaar indien hulle gehoorsaam is aan God se verordeninge, word in Deut 28:1-14 uiteengesit. Dit raak alle fasette van die lewe, ook voldoende voedsel en lewensmiddelele en seën ongeag waar die gehoorsame kind van God hom bevind of wat hy ookal doen (Van Rooy 2009:263).

In 1 Sam 17:7 word die verskil tussen die wyse waarop mense mekaar beoordeel en die wyse waarop God na ons kyk, duidelik gestel. Mense is geneig om na die uiterlike te kyk en in die proses “*they may overlook quality individuals who lack the particular physical qualities society currently admires.*” (Barton *et al* 2005:417) Psalm 127:1-2 beklemtoon die feit dat alle menslike arbeid sinneloos en tevergeefs is as dit los staan van God, maar dat dié wat hulle vertrou in die Here stel ook alles van Hom ontvang (vgl. Pred 9:11) (Church 1960:718). Mense wat hulle arbeid tot eer van God verrig, ontvang wat hulle nodig het “*asof in hulle slaap (v 2), selfs wanneer hulle niks verdien nie.*” (Da Silva *et al* 2009:856) Die seën en goeie gawes wat die Here uitdeel aan sy gelowige kinders verseker ons dat Hy dit wat Hy gee, onderhou en dat Hy dit wat Hy doen, in stand hou (Van Zyl 1993:740).

Psalm 139:5 verseker ons daarvan dat God ons van alle kante omsluit en beskerm (Van Zyl 1993:749). Hy is “*liefdevol handelend in elkeen van ons se lewe teenwoordig.*” (Da Silva *et al* 2009:863) Ongeag waar ons ons bevind of ons omstandighede, ons is onder die wakende oog en hand van God (Ps 139) (Church 1960:724).

4.4.3.2 Nuwe Testamentiese uitsprake oor die waarde van die mens

Die verbond wat God met die mens sluit, toon verskillende gestaltes, fasette of bedelinge in sy heilshistoriese ontwikkeling. Toe die mens die verbond verbreek het, het God dit herstel en Jesus Christus, deur sy versoeningswerk, die nuwe verbondshoof gemaak. Hierdie verbond “*gee die matelose dimensies aan van die diepte van Gods wysheid, die breedte van sy liefde, en die lengte van sy lankmoedigheid en trou.*” (2 Tim 2:13) (Heyns 1978:200)

Die siening van Jesus se universele versoeningswerk behels die oortuiging dat Hy vir alle mense gesterf het. In Christus het God die wêreld met Homself versoen (2 Kor 5:19); Hy het die wêreld so lief gehad dat Hy sy Seun gegee het (Joh 3:16); Christus is die versoening vir die sondes van die hele wêreld (Joh 1:29; 1 Joh 2:2); God wil dat alle mense gered moet word (1 Tim 2:2); en Jesus het die dissipels na alle volke gestuur (Matt 28:10) (König 2006:460). Jesus se lewe in gehoorsaamheid aan die Vader en sy offer aan die kruis het God nie tot liefde vir die mens beweeg nie, maar was juis die openbaring van sy liefde (Rom 5:8) (Heyns 1978:284). Calvin sê dat God ons op “*wonderbare en Goddelike wyse liefgehad het omdat Hy ons gemaak het.*” (Duvenage 2009:113)

Jesus wys tydens sy aardse bediening op die waarde wat ons vir God het. In Matt 10:28-31 verseker Hy ons dat God *bewus* is van alles wat met ons gebeur. Omdat ons so waardevol vir God is, “*you need never fear personal threats or difficult trials. These can’t shake God’s love or dislodge his Spirit from within you.*” (Barton *et al.* 2005:1553)

‘n Naïewe lees van hierdie teks kan aanleiding gee tot ‘n verklaring dat niks met ons gebeur *sonder dat God dit so beskik nie*. “En dit is juis dan dat die gesag van die Bybel – al is dit onbedoeld – misken word, want daar word willekeurig vanuit die eie situasie ‘n betekenis aan die betrokke Skrifdeel toegeken.” (De Klerk & Van Rensburg 2005:8) Calvyn se interpretasie van hierdie Skrifdeel beklemtoon sy siening dat God alles beskik. Wanneer Jesus dus die vergelyking tref tussen die waarde van mossies en die gelowige, is God se sorg, volgens Calvyn, so omvattend dat ons mag glo dat nie ‘n haar van ons kop kan val sonder dat God dit *wil* nie (König 2002:107). Verskeie vertalings, onder andere die 1983-vertaling en die New English Bible (NEB), ondersteun hierdie standpunt, asook sommige kommentare (vgl Combrinck 1993:19 NT; Clarke 1831; Gill 1746-63). In Mounce en Mounce (2008:39) bly beide die Today’s New International Version (TNIV) en die New Living Translation (NLT) nader aan die Griekse teks wat lui “*outside your Father’s care*” (TNIV) en “*without your Father knowing it*” (NLT) (“sonder julle Vader” - OAV). Hierdie vertaling maak ‘n groot verskil aan die betekenis. Wanneer egter na die konteks van hierdie woorde van Jesus gekyk word, word dit duidelik dat Hy die dissipels waarsku teen vervolging en dat Hy hulle van God se hulp in beproewing verseker. Hy verseker hulle van God se omgee, beskerming en versorging in verdrukking (König 2002:108). God se *bewaring*, nie *vrywaring* nie, geskied ten spyte van en juis te midde van lyding en dood. “Die mossies – en jou hare - val immers steeds op die grond” (Van Zyl 2009:1366) (Matt 10:29-31; vgl Luk 12:6).

Die Matthew Henry-kommentaar wys met betrekking tot hierdie Skrifdeel daarop dat die woorde in Matt 10:30 wat daarop wys dat die hare van ons hoof getel is, metafories is

denoting the account which God takes and keeps of all the concerns of his people, even of those that are most minute, and least regarded. If God numbers their hairs, much more does he number their heads, and take care of their lives, their comforts, their souls. (Church 1960:1256)

Omdat ons vir God waarde het, het Hy sy Seun gestuur om ons die ewige lewe te gee (Joh 3:16), het Hy engele gestuur om ons te bewaar (Heb 1:14), die Heilige Gees om ons te lei (Luk 12:12) en die Skrif om ons te leer dat ons die sout van die aarde en die lig vir die wêreld is (Matt 5:13-14) (Collins 2005:367). Die Bybel ontken nie ons sonde en mislukkings nie, maar ons word ook nie op grond daarvan afgekraak of verwerp nie (Joh 6:37). Die Christelike opvatting van eiewaarde verhef die mens bo die diere, en dit op sigself vorm 'n stewige basis waarop eiewaarde gebou kan word. "Omdat ons na die beeld van God geskep is, dra ons gewig, is ons betekenisvol en het ons waarde." (Narramore 1978:29)

4.5 Implikasies van Skrifperspektiewe op die waarde van die mens vir eiewaarde in die lig van finansiële trauma na aftrede

Die teoloog Robert Schuller, soos aangehaal deur Collins (2005:366), beweer dat eiewaarde die grootste behoefte is wat die mensdom vandag ervaar. Hy omskryf eiewaarde as "die waardegevoel wat ek ervaar wanneer my verhouding met God as die Hemelse Vader herstel is en ek die versekering het dat ek baie werd is." (Collins 2005:366) David Carlson, 'n ervare berader wat dikwels gesien het hoe 'n lae gevoel van eiewaarde menseleuens verwoes, het daarmee saamgestem. Volgens hom is die oplossing 'n Christelike eiewaarde wat bestaan uit die wete dat die mens is wat hy is, 'n mens geskep na die beeld van God, 'n sondaar verlos deur die genade van God en 'n belangrike deel in die liggaam van Christus. (Carlson 1988:12)

Die Ou – en Nuwe Testamentiese Skrifuitsprake waarop in 4.3.1 en 4.3.2 in hierdie hoofstuk gefokus is, laat geen twyfel nie dat die mens vir God waarde het. *Hy* het dit so gewil dat die mens bestaan. Dit beteken dat ons nie 'n onafhanklike bestaan het nie. Alles wat ons is en het, kom uit die hand van God. Ons totale lewe behoort aan Hom. Die vraag is dus nie of enigiets bydra tot *ons* plesier en gerief nie, maar of dit bydra tot die verheerliking van God en die vervulling van sy plan.

Uit die skeppingsverhaal blyk duidelik dat die mens nie 'n byproduk is wat gemaak is van afvalprodukte nadat die skepping voltooi is nie. "*We are an expressly designed product of God. "Of humans it can be said that they have been made by the best and wisest of all beings, God."* (Erickson 2001:168, 169) In sy kommentaar op Psalm 139:7-16 waarin Dawid die wonder van die menslike wese besing, sê Matthew

Henry “*we may justly be astonished at these living temples, the composition of every part, and the harmony of all together.*” (Church 1960:724)

Die waarde van die mens in God se oë word nie bepaal deur sy status, besittings, ouderdom of enige ander menslike maatstaf nie. ‘n Persoon het waarde op grond van die feit dat hy skepsel van God is, God se verteenwoordiger op aarde is, Christus mens vir hom geword het, die amp waarin God die mens geplaas het en op grond van die werking van die Heilige Gees in die mens. “Ons kan dus sê dat die mens as persoon waarde het, of in sy persoon ‘n waarde verteenwoordig en dat eerbied die reaksie is wat van ‘n mens verwag word ten opsigte van die persoon van ‘n mens in wie ‘n waarde gerealiseer is.” (Heyns 1986:104)

In Bybelse tye is ouer mense (diegene wat ouer as 50 geword het) beskou as deur God uitverkies vir ‘n goddelike doel (Nelson 2005:208). Verskeie Skrifdele bevat dan ook die opdrag om eerbied teenoor ouer mense te betoon. Levitikus 19 handel oor heiligheid in persoonlike gedrag. Uit gelowiges se optrede op elke terrein van hul lewe moet blyk dat hulle aan Hom behoort. Die opdrag om heilig te lewe omdat hulle aan God behoort, word op ‘n verskeidenheid terreine van toepassing gemaak. Eerstens kom die opdrag om respek te hê vir ouers, daarna ook respek vir ander mense. “Veral die medemens wat in ‘n posisie van afhanklikheid verkeer, moet reg hanteer word. Daar moet ook in die behoeftes van die armes voorsien word. Die bejaardes moet gerespekteer word.” (Human 2009:166) Dit is God wat mense seën met ‘n lang lewe; daarom moet hulle geëer word. “*Those who are in age are wise and good and are worthy of double honour; their credit and comfort must be carefully consulted, and their counsel asked and hearkened to.*” (Church 1960:134) (vgl Job 32:6, 7) Die wysheid en ervaring van ouer mense kan jonger mense help om baie slaggate te vermy (Barton *et al* 2005:178).

In 1 Pet 5:5(a) kom die opdrag aan jongmense voor om hulle aan ouer mense te onderwerp. Hierdie gedeelte moet egter gelees word binne die konteks van die eienskappe waarvoor goeie leiers, volgens Petrus, in die kerk moet beskik. Beide jonk en oud kan deur trots daarvan weerhou word om van mekaar te leer. Die verskillende geslagte moet nederig wees en mekaar dien. Die jong manne moet van die ouer manne leer wat op hulle beurt deur hulle voorbeeld leiding moet gee (Barton *et al* 2005:2105).

In sy brief aan die jong Timoteus gee Paulus, vanuit sy rype ervaring, ook praktiese raad vir verskillende bedieningsomstandighede (1 Tim 5:1-6:20). Dit sluit die wyse in waarop ouer manne tereg gewys moet word – met respek vir hul waardigheid en ouderdom (Church 1960:1891). Hy gee besonder baie aandag aan die versorging van die weduwees (vgl Hand 6:1-2), 'n baie kwesbare groep in die samelewing. God is besorgd oor hulpelose mense (Ps 146:9). Paulus wys daarop dat die versorging van weduwees eerstens 'n gesinstaak is (1 Tim 5:4, 8). Kinders kan langs hierdie weg hul ouers vergoed vir die versorging wat hulle as kinders ontvang het (Vergeer 2009:1957). *“Healthy, practical honor becomes a priceless gift that one generation gives to another. Disrespect and lack of care provide harmful examples that will eventually turn on us.”* (Barton et al 2005:2037)

Diep onder die indruk van die eerbied wat betoon moet word teenoor die ander persoon as “God se besondere maaksel, sal in elke samelewingsverband die mens se gesindheid daardeur bepaal moet word.” (Heyns 1986:104) Dit is juis binne hierdie samelewingsverbande waar sekere vooroordele teenoor ouer mense, die minder gegoedes of mense van mindere aansien dikwels gekoester word (vgl Nelson 2005; Davies 2008; Malan & Dreyer 2009; Krause 1996). In teenstelling daarmee dra ons uiterlike toestand en omstandighede by God geen gewig nie. *“Every man is, in the eye of God, what he is in his soul: if holy, loved; if wicked, despised and rejected.”* (Clarke 1831) (vgl Hos 5:3; Jer 16:17; Ps 69:6)

Volgens Matthew Henry het die Jode materiële voorspoed beskou as 'n aanduiding van guns met die gevolg *“that they could hardly have any favourable thoughts of a poor man.”* (Church 1960:1475) In die gelykenis van die ryk man en die arm Lasarus, stel Christus hierdie wanopvatting reg (Luk 16:19-31; vgl Spr 22:2). God is besorgd oor die armes. Daarom kan sorg vir mense in nood beskou word as 'n inherente dimensie van die Christelike lewe (Vorster 2007:71) (vgl Job 31:16; Spr 29:14; Jes 11:4; Matt 19:21; Luk 6:20, Luk 14:13; Rom 15:26; Jak 2:15-16).

Dat God geen onderskeid maak tussen mense nie, impliseer dat die afgetredene wat in finansiële nood verkeer en die afgetredene wat oorvloed geniet voor Hom gelykwaardig is (vgl Job 34:19, Rom 2:11, Ef 6:9, Kol 3:25, Jak 2:1, 5; 1 Pet 1:17). Ons eiewaarde is dus nie gekoppel aan ons nettowaarde nie, maar aan ons identiteit in Christus. Louw (2012b:6, 7) verklaar dat die Christelike spiritualiteit binne 'n eskatologiese perspektief die vermoë het om persepsies aangaande ons menswees radikaal te hervorm. Wie ons is in Christus, beteken dat ons identiteit nie meer

bepaal word deur bloot kulturele paradigmas, rolle of identiteite nie, maar deur ons nuwe status in Christus deur die inwoning van die Heilige Gees. *“Human identity is then determined by grace and unconditional love.”* (Louw 2012b:7)

Om sin te maak van die verlede, die lewensfase wat Erikson “integriteit vs wanhoop” noem, beteken om ook voor God ons aksies en omstandighede te verantwoord (Ps 139:23; Rom 14:12). *“You will try to extract meaning from them and integrate them with your self-image.”* (De Jongh van Arkel 1986:114) Hierdie soeke na sin het ook betrekking op die onvoorsiene omstandighede (Job 7:20, 16:12-17). Die bron van betekenis is egter nie intrinsiek nie (interpersoonlike samesyn, die wêreld, prestasies, status – Pred 11:14, 2:1) maar in wese ekstrasiek (Gal 2:20; Job 42:5,6, Hand 9:27).

The source of meaning lies beyond us: it derives from the encounter with the One from and through whom our lives acquire meaning. When the light of the gospel falls on me because it was intended for me, then I become meaningful, for then I realize that I am meaningful to God even in my old age. (De Jongh van Arkel 1986:122)

4.6 Samevatting

Osmer se normatiewe taak impliseer dat daar ‘n norm – ‘n maatstaf – is, waaraan ‘n situasie behoort te voldoen. In hierdie hoofstuk is die ewige en onveranderlike norme soos in die Skrif geopenbaar, oorweeg. Dit is die berader se strewe en doelstelling om hoop te vestig by die beradene wat lae eiewaarde ervaar weens finansiële nood na aftrede. Hiervoor word kennis van die Skrifperspektiewe op die verskillende dimensies en doelstellings van werk en die konsep *aftrede* vereis.

Werk is ‘n skeppingsopdrag en nie ‘n straf wat na die sondeval op die mens gelê is nie. Ons eer God met die wyse waarop ons ons arbeid verrig. Terselfdertyd bied werk aan die mens die geleentheid tot selfverwesenliking.

Ons arbeid behels verskillende dimensies wat die omvattendheid daarvan beklemtoon. Die religieuse dimensie dui daarop dat ons werk ‘n roeping van God is wat ons vervul. Antropologies beskou kom beide geskiedenis en kultuur deur arbeid tot stand. Psigologies lei dit tot selfaktualisering wat ‘n basiese behoefte by die mens is. Op sosiologiese vlak raak dit ons verhouding met die medemens terwyl die historiese dimensie gesetel is in die progressiewe ontwikkeling wat werk ondergaan

het. Die voorsiening in eie behoeftes sowel as in dié van diegene wat nie kán werk nie, verteenwoordig die ekonomiese dimensie.

Die hoofdoelstelling van arbeid is diens aan God tot sy eer. My arbeid moet die lewe van my naaste verryk en verruim, die gemeenskap dien en goddelike orde in my lewe teweeg bring. Op hierdie wyse dwing my lewenswyse en -benadering respek af by die buitestander.

Omdat die mens primêr verhoudingswese is, volg dit dat ook die verhouding tot die gemeenskap, hoe die individu deur die gemeenskap bejeën en behandel word, bepalend is vir ons persepsie van eiewaarde. In hierdie verband is die rol van die kerk en geloofsgemeenskap as ondersteunende struktuur van kardinale belang.

Aftrede bring nie 'n einde aan die roeping van die mens nie. Beide arbeid en aftrede maak deel uit van my roeping. My waarde as mens word nie bepaal deur wat ek *doen* nie, maar deur wat ek *is*. Dit impliseer dat alle werk, hoe gering ook al, wat daarop gerig is om God te eer en te dien, Hom behaag. Dit impliseer verder dat ook my aftrede Hom tot eer kan en moet strek. Die staking van voltydse werk bied aan die afgetredene en ouer persoon die geleentheid om te besin oor die lewe. *“As Christians age, their faith focuses on the value God has given to them as his children created for works of service to his glory.”* (Weise 2012:42)

Die Skrif verwys slegs op indirekte wyse na die self van die mens, omdat die mens as 'n eenheidswese funksioneer. Maar hierdie eenheidswese staan in 'n veelvoud van verhoudings waarvan die verhouding tot God primêr is. Ongeag of ons dit wil erken of nie, die mens leef uit die hand van God. Op grond van die feit dat ons herkoms na dieselfde mensepaar teruggevoer kan word, bestaan daar 'n onderlinge verbondenheid tussen mense. Selfliefde word bepaal deur die kongruensie tussen die ideale self en die werklike self. Waar 'n gesonde maat van selfliefde ontbreek, het ek ook niks om die medemens te bied nie. As mede-arbeider in die skepping dra die mens by tot die *herskepping* van die natuur tot kultuur. Op nie-persoonlike vlak staan ons in verhouding tot bepaalde strukture, te wete instellings soos byvoorbeeld die huwelik en organisasies soos die staat.

Die Ou Testament beskryf die mens as behorende aan God, ons regmatige eenaar. Hy is ons skepper en onderhouer wat aan ons die gesag gee om te heers. Christus het ons met God versoen in die Nuwe Testamentiese bedeling. Die gelowige kan

vreugde vind in die wete dat niks met ons gebeur sonder die medewete van die Vader nie.

Die mens se grootste behoefte is dié aan eiewaarde. Die waarde wat ek aan myself heg, vind sy oorsprong en is gesetel in die wete dat ek beelddraer van God is, dat Hy my in sy genade verlos het van sonde en dat ek in totaliteit aan Hom behoort. Ons moet egter ook die waarde in mekaar respekteer, ongeag iemand se status of omstandighede.

God is ewig en onveranderlik. Voor God geld geen menslike maatstaf nie, want Hy deurgrond die hart. Ons identiteit is in Christus wat aan ons 'n nuwe status gee, ongeag kulturele paradigmas, rolle en identiteite.

4.7 Afgeleide norme vir die beoordeling van eiewaarde van afgetredenes wat in finansiële nood verkeer

Op grond van die navorsingsresultate wat in hierdie hoofstuk vervat is, kan die volgende norme uit die Skrif afgelei word vir die beoordeling van die eiewaarde van afgetredenes in finansiële nood:

- God se onveranderlike kriteria vir die toekenning van waarde vs die wêreld se steeds veranderende kriteria vir waarde
- Werk deur afgetredenes verrig as uitdrukkingswyse van diens aan God, die naaste, die gemeenskap en die self
- Die gemeenskap as medebepaler van eiewaarde
- Aftrede as deel van ons voortgesette, Godgegewe roeping
- Die waarde van die mens as beelddraer van God
- Die mens se identiteit in Christus as waardebeepaler

Die slotsom waartoe gekom kan word, is dat die berader, op sterkte van God se beloftes in die Skrif, alle rede het om hoop by die beradene te vestig.

Die volgende hoofstuk bied 'n kort oorsig oor die samevatting van bevindings van Hoofstukke 2 – 4, en beoogde strategieë waarvolgens die geïdentifiseerde Bybelse norme vir die beoordeling van eiewaarde by afgetredenes wat 'n lae eiewaarde ervaar, tuis te bring.

HOOFTUK 5

RIGLYNE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN AFGETREDENES WAT LAE EIEWAARDE ERVAAR AS GEVOLG VAN FINANSIËLE KRISIS

5.1 Inleiding

Die mens se verwantskap aan God se skepping en die wese van hierdie verhoudings is in Hoofstuk 4 (4.4.2) bespreek. As verhoudingswesens is ons geneig om ons waarde te meet aan ons vermoë om hierdie verhoudings (die groepe waartoe ons behoort, kultuur en natuur) te beheer. Die ervaring dat ongunstige omstandighede beperkte geleenthede om sodanige beheer uit te oefen tot gevolg het, lei dikwels tot verlaagde eiewaarde. *“Social-structural conditions, can limit the possibilities for the formation for efficacy-based self-esteem by limiting access to resources that are necessary for producing intended effects.”* (Crocker & Major 1989:610) ‘n Persepsie van onbekwaamheid sowel as swak verhoudings dra by tot die gevoel van minderwaardigheid en ‘n lae selfbeeld (vgl 4.4.2.4). Volgens Collins (2005:365) is persepsies omtrent onself latent in ons denke. Dit kan verander op grond van ons ervarings, maar kan ook koppig bly vassteek wat dan feitlik altyd die wyse waarop ons dink, optree en voel, beïnvloed.

Professionele persone op die terrein van sowel sekulêre as pastorale berading is dit feitlik deurgaans eens dat ‘n goeie selfbeeld en positiewe eiewaarde noodsaaklik is. William Glasser (1965:9) streef byvoorbeeld daarna om mense te help voorsien in die behoefte om te voel dat ons iets vir onself en vir andere beteken (vgl 2.8.7.2 R1). Hoe ander ons bejeën, speel ‘n belangrike rol in ons persepsie van eiewaarde. Virginia Satir (1972), soos aangehaal deur Collins (2005:365), skryf dat “die deurslaggewende faktor wat in sowel die binneste van mense asook tussen mense gebeur, die prentjie is van die individuele waarde wat elke persoon in hom omdra.”

Op die vraag “Watter uitwerking het die besef dat jy in hierdie stadium van jou lewe finansiële nood ervaar op jou gevoel van eiewaarde?” (2.8.7.2), het al die respondente terme gebruik soos “minderwaardig” en “mislukking”. Dit is ‘n sterk aanduiding dat finansiële nood na aftrede ‘n lae selfbeeld en verminderde eiewaarde tot gevolg het. Die herbevestiging van waarde op grond van die afgeleide norme soos in Hoofstuk 4 (4.7) uiteengesit, het ten doel om hoop te vestig. “Hoop help ons om nie te wanhoop nie en stel energie vry wat ons in staat stel om die krisis die hoof te bied.” (Collins 2005:69)

5.2 Doelstelling van die hoofstuk

Osmer onderskei twee vlakke van verstaan in prakties-teologiese denke. Op die vlak van pastorale praxis funksioneer die vier sleutelvrae wat onderskeidelik met sy vier navorsingstake verband hou. Die beantwoording van hierdie vrae gee aan die berader 'n greep op die probleemsituasie waarin hy/sy diensbaar wil wees. 'n Ander vlak van verstaan volgens Osmer, staan in direkte verband met die invalshoek vanwaar die situasie benader word (De Klerk & De Wet 2012:10).

Voordat daar dus afleidings gemaak word oor wat aan die gebeur is en wat behoort te gebeur en verandering in 'n sekere rigting gestuur word, moet daar eers bewustelik besin word oor die verantwoordbaarheid en die toereikendheid van die metateoretiese onderbou waarmee deur bepaalde lense na die werklikheid gekyk word en tot 'n verstaan gekom word van wat waargeneem word (De Klerk & De Wet 2012:11).

Osmer se vierde taak, die pragmatiese taak, is juis daarop gemik om 'n strategie te formuleer om verandering teweeg te bring deur bepaalde stappe te volg. Dit lei tot die beantwoording van die vraag: Hoe kan ons op effektiewe en geloofwaardige wyse op die bestaande situasie reageer? (*How might we respond?*) Volgens Osmer (2008:4) behels hierdie taak die identifisering van aksiestrategieë om die bestaande situasie te wysig en te vernuwe na 'n meer wenslike situasie. Praktiese modelle om hierdie verandering teweeg te bring word voorgestel in 'n gees van "*servant leadership*" (Osmer 2008:183).

Hierdie hoofstuk het ten doel om riglyne, gebaseer op die Skrifgefundeerde norme, voor te stel wat gevolg kan word deur:

- die berader in gesprek met die afgetredene in finansiële nood met die doel om verhoogde eiewaarde en nuwe hoop te vestig;
- die afgetredene met lae eiewaarde om sy/haar waarde, ten spyte van moeilike omstandighede, te herbevestig;
- die gemeenskap waarbinne afgetredenes hulle bevind om 'n nuwe bewustheid te skep van en waardering vir hierdie groep se waarde, omstandighede en probleme.

5.3 Besinning oor bevindinge van navorsingsresultate

Osmer se vraag “Wat is die situasie tans?” (*What is going on?*), is in Hoofstuk 2 behandel. Die kwalitatiewe data soos van die respondente verkry (2.8.5) het aan die lig gebring dat finansiële probleme na aftrede

- in baie gevalle toe te skryf is aan bedrog, wanvoorstelling, uitbuiting;
- dikwels die probleme wat met ouerword gepaard gaan, naamlik afhanklikheid, eensaamheid en gesondheidsprobleme, vererger;
- vereensaming en isolasie tot gevolg het;
- in die meeste gevalle eiewaarde negatief beïnvloed;
- spanning op verhoudings, en veral die huweliksverhouding, kan plaas;
- spiritualiteit positief beïnvloed; en
- twyfel en vrees oor stygende lewenskoste laat ontstaan.

In Hoofstuk 3 is ‘n studie gedoen vanuit die naasliggende wetenskappe met die doel om te besin oor Osmer se tweede taak, naamlik om ondersoek in te stel na die oorsake van hierdie probleem en hoe dit eiewaarde ondermyn (*Why is it going on?*). Die bevindinge van navorsing vanuit die perspektiewe van vier naasliggende wetenskappe (3.5) kan soos volg saamgevat word:

- Finansiële nood na aftrede het ‘n uitkringende effek wat die mens op sosiale, psigologiese en spirituele vlak van menswees negatief kan beïnvloed. Die onvermoë om finansiëel selfstandig te wees, word as ‘n mislukking ervaar.
- Die verskynsel neem toe in omvang, iets waartoe die huidige aftreebeleid grootliks bydra.
- Hoewel mense dit verskillend kan ervaar, is daar duidelike aanduidings dat die emosies wat as gevolg daarvan ontketen word, skadelik is vir die liggaam.
- Sterk geloofsoortuigings dien as teenvoeter vir pessimisme oor die toekoms en vir lae eiewaarde.

Osmer se derde taak is in Hoofstuk 4 ondersoek. Dit poog om ‘n antwoord te vind op die vraag: Wat behoort die situasie te wees? (*What ought to be happening?*). ‘n Blik op die rol en dimensies van arbeid en aftrede, die vyf belangrike verhoudings waarin die mens staan tesame met uitsprake oor die waarde van die mens soos vervat in die Ou en Nuwe Testament, dui daarop dat afgetredenes in finansiële nood tot die besef gebring moet word dat die volgende ses onveranderlike beginsels geld in die bepaling van ons eiewaarde (4.7):

- Teenoor die wêreld se altyd veranderende kriteria vir waarde, staan God se onveranderlike maatstaf vir die waarde van die mens.
- Geen werk wat deur afgetredens verrig word, is so nederig of minderwaardig dat dit nie 'n uitdrukkingswyse van ons diensbaarheid aan God, die naaste, die self en die gemeenskap is nie.
- Die gemeenskap, en by uitstek die kerkgemeenskap, speel 'n belangrike rol in die mens se persepsie van eiewaarde.
- Aftrede bring nie 'n einde aan ons Godgegewe roeping nie, maar is 'n voortsetting daarvan.
- As beelddraer van God het die mens onberekenbare waarde.
- Ons identiteit in Christus, sy genade en onvoorwaardelike liefde, gee aan ons 'n besondere status wat nie gekoppel is aan kulturele paradigmas, rolle of identiteite nie.

5.4 Riglyne vir moontlike aksiestrategieë om die afgeleide Bybelse norme oor te dra

5.4.1 Die benadering tot gesprekvoering

Die mikpunt by die formulering en oordra van aksiestrategieë is tweeledig, naamlik om Skrifgefundeerde kriteria vir die bepaling van eiewaarde by alle rolspelers tuis te bring en om hoop te vestig deur haalbare doelwitte te stel. Dit verg 'n holistiese benadering wat die individu, die gesin en familie, die kerk en die gemeenskap betrek. Die aanbeveling is dan ook dat die kinders van afgetredenes in finansiële nood, waar moontlik, by beradingsgesprekke teenwoordig sal wees of dat die inhoud en resultate van sodanige gesprekke op gereelde basis aan hulle gekommunikeer word, met die medewete en goedkeuring van die beradene. Dit is verder noodsaaklik dat die berader, in samewerking met leraars, pastore en opgeleide geestelike werkers, opvolggesprekke voer en verdere begeleiding verskaf vir solank dit nodig blyk te wees.

In Hoofstuk 3 (3.1.2) is daarop gewys dat afgetredenes wat weens hul finansiële probleme lae eiewaarde ondervind, geneig is tot sosiale onttrekking. Trots en die

sensitiwiteit van die situasie weerhou afgetredenes dikwels daarvan om by 'n berader om hulp aan te klop (2.8.3). Geleentehede tot gesprekvoering wat uiteindelik op individuele hulpverlening sal lei, sal dus op innoverende wyse geskep moet word deur die bemiddeling van die berader, in samewerking met die leierskap van die betrokke gemeente en gemeenskap.

5.4.2 Riglyne vir die praktiese toepassing van die afgeleide norme

Om spesifiek die verlaagde eiewaarde van afgetredenes wat in finansiële nood verkeer onder oë te sien deur die afgeleide norme oortuigend oor te dra en te laat posvat, het die berader, die beradene en die gemeenskap (die gesin, kerk, breër gemeenskap) waarbinne sodanige afgetredenes funksioneer, elk 'n belangrike taak. Dat hierdie navorsingstuk die probleem vanuit 'n pastorale beradingsoogpunt benader, beteken dat die praktiese toepassing van die afgeleide norme deur die berader geïnisieer sal word. Omdat ouer lidmate 'n hoë premie plaas op hul lidmaatskap van en betrokkenheid by die kerk (2.8.7.4; 3.1.2; 4.4.2.4), is dit die aangewese instelling vanwaar aksies geloods kan word om (1) hierdie norme oor te dra en (2) die breë gemeenskap se persepsie van en houding teenoor afgetredenes positief te beïnvloed deur middle van volgehoue bewusmaking.

Waar dit nie reeds bestaan nie, kan 'n aksiegroep, bestuur of kommissie in die gemeente gestig word met spesifieke fokus op die bediening van afgetredenes (hierna genoem "Aftreebediening"). In talle gemeentes funksioneer daar groepe wat uitstappies en byeenkomste vir senior lidmate reël. Die reëlingskomitee bestaan dan ook feitlik slegs uit ouer lidmate en geleentehede is op sosiale interaksie gemik. Hoewel sodanige komitees 'n belangrike funksie vervul, voorsien dit nie in die emosionele behoeftes van afgetredenes wat in finansiële nood verkeer nie. Dit kan in werklikheid juis daartoe bydra om die moeilike omstandighede van hierdie individue te beklemtoon en hulle verder te isoleer (2.8.2).

'n Holistiese benadering vereis dat 'n bediening vir afgetredenes in die lewe geroep moet word wat ook die maatskaplike werker(s), leraar(s), 'n lid van die Diens van Barmhartighedsaksie wat ook die Kerkraad verteenwoordig sowel as lede van enige ander bestuur/kommissie wat 'n bydrae kan lewer, sal insluit. By die samestelling van 'n bediening wat hierdie leemtes onder die loep neem, is dit belangrik dat die demografie van die gemeente weerspieël moet word, hoewel afgetredenes die grootste verteenwoordiging sal geniet. Op dié wyse word hulle as 'n belangrike deel

van die gemeente aanvaar en hanteer, word verskillende generasies betrek en kry die betrokkenes insig in die behoeftes en omstandighede wat uniek is aan ouer mense. Minstens een kundige lid (hierna genoem “Kommunikasie”) word getaak om deurlopend inligting, behoeftes en besluite wat van algemene belang is aan die media (plaaslike kerkblad, mondstukke van verskillende denominasies, gemeenskaps- en nasionale koerante/radiostasies) deur te gee.

Die eerste taak van die berader is dus om ‘n goed gemotiveerde versoek tot die Kerkraad te rig om ‘n aftreebediening, waarby die bestaande sosiale aksie ingesluit word, in die lewe te roep. Binne die bestek van die werksaamhede van die bediening word byeenkomste (kan bekend staan as “Pitkos-byeenkomste” om dit te onderskei van bloot sosiale byeenkomste) gereël. Hierdie geleentheid word benut om in die groter groep die norme te hanteer in die verwagting dat veral die teikengroep daarby sal baat en dat individue sal kom aanklop vir hulp. Uitnodigings in dié verband word by elke byeenkoms gerig.

Die volgende riglyne word aan die hand gedoen:

LET WEL: Dieselfde riglyne word gevolg by die oordra van elk van die ses afgeleide norme. Dit kan in die vorm van ‘n sesweke-kursus aangebied word, as gesprekke wat eenmaal per maand oor ses maande plaasvind, as ‘n gemeenteseminaar, dus op enige wyse wat aanklank vind by die afgetredenes en die gemeente. Ook die kommunikasie-aksies sal op dieselfde wyse hanteer word en sal dus nie telkens volledig herhaal word nie.

Norm 1

Die mens se waarde vir God

Ons waarde word bepaal deur die feit dat ons deur God geskape is om Hom op aarde te verteenwoordig. Dit verander nie na gelang van ons finansiële welvaart, status, ouderdom of voorkoms nie. Teenoor die wêreld se materialistiese fiksasie op die uiterlike, staan God se onveranderlike maatstaf vir die waarde van die mens.

1. Die Berader

- a. Woon Pitkosbyeenkomste (of enige geleentheid wat hiervoor geskep word) by en neem leiding by gesprekke. Rig na elke byeenkoms ‘n uitnodiging tot individue om die berader, leraar, maatskaplike werker te nader vir hulp. Beklemtoon die vertroulikheidsaspek.

- b. Moedig afgetredenes aan om by ondersteuningsroepe betrokke te raak. Waar sodanige groepe nie bestaan nie, kan hy/sy instrumenteel daartoe wees om dit in die lewe te roep. Motiveer die vorming van sodanige groepe. (Mense van dieselfde status en ouderdom deel hul ervarings met mekaar en bied sodoende die nodige ondersteuning, bemoediging en leiding.)
- c. Gee geleentheid vir lede van die gehoor om hul beleving van eiewaarde met die res van die groep te deel. Die berader bespreek die oorsake en gevolge van lae eiewaarde na aftrede. (In hierdie stadium kan die GDS en RSES [Bylaes 2 en 3] ingevul word. Dit kan 'n goeie aanduiding wees van individue wat berading behoort te ontvang.)
- d. Deel lys van relevante Skrifdele uit (gelys onder "Beradene") met die versoek dat dit tuis (of in klein groepe tydens die byeenkoms) bestudeer en die vrae beantwoord word. Terugvoer word tydens die byeenkoms of by 'n volgende geleentheid gevra.
- e. Versoek die leraar om van tyd tot tyd preke te lewer wat hierdie boodskap duidelik oordra en om afgetredenes by die erediens (selfs doopgeleenthede) te betrek (Skriflesing, gebed, persoonlike getuienisse)

2. Die Beradene

- a. Bestudeer die volgende Skrifdele biddend (individueel en/of binne die ondersteuningsgroep): Gen 1:27 en 5:1- 2, Ps 92:14-15, Jes 46:4, Deut 15:7, 1 Sam 18:23, Matt 10:28-31, Heb 1:14, Joh 6:37
- b. Beantwoord nou die volgende vrae:
 - Watter rol speel finansiële welvaart, voorkoms of ouderdom in hierdie Skrifdele?
 - Wat kan ek daaruit aflei rakende die maatstaf wat God gebruik om my waarde te meet?
 - Hoe behoort dit my ingesteldheid teenoor myself te verander, ten spyte van moeilike omstandighede?
- c. Op watter praktiese wyse kan ek die herbevestiging van my waarde in God se oë teenoor my naaste (my lewensmaat, gesin, familie, ander afgetredenes, bure, vriende) uitleef?
- d. Bespreek die implikasies van hierdie norm binne die ondersteuningsgroep en hoe dit elkeen se persepsie van eiewaarde affekteer.

3. Gemeenskap

- a. Die berader betrek die **gesin** sover moontlik by gesprekke met individue, egpare.
- b. Die **gemeente** word versoek om minstens *een* afgetredene te bevriend deur gereelde kontak ("Neem 'n ouma/oupa aan"-aksie). Die hoop is dat sodanige kontak sal lei tot 'n bewuswording van die afgetredene se werklike behoeftes en nood.

4. Kommunikasie

- a. Publiseer Waarde No 1 in die Kerkblad om te benadruk dat mense se waarde vir God nooit depresieer nie
- b. In die gemeenskapskoerant (en nasionale koerant wanneer toepaslik): 'n Brief of berig wat die waarde van afgetredenes vir die gemeenskap in die breë toelig: tot die ekonomie

(verkry statistieke van plaaslike ondernemings sowel as nasionaal), hul bydrae tot die politiek (aantal stemgeregtigdes), hul direkte en indirekte mentorskap, rol as versorgers van kleinkinders, hul bydrae tot gemeente- en ander aktiwiteite

- c. Gemeenskapsradio: versoek dat daar op deurlopende basis onderhoude met afgetredenes gevoer word oor bv al die fasette van aftrede met die oog op bewusmaking van die emosionele en finansiële implikasies daarvan
- d. Nasionale radio en televisie: Rig briewe (e-posse) om beswaar te maak wanneer ouer mense as dom, oningelig of naïef gesteriotipeer word.

Norm 2

Die waarde van werk deur afgetredenes verrig

Afgetredenes in finansiële nood verrig dikwels noodgedwonge werk wat deur hulleself en die gemeenskap as “benede” hul vorige status beskou word. Alle werk is egter ‘n roeping van God en dat die afgetredene die fisiese en intellektuele vermoë besit om werk teen vergoeding te verrig om in sy of haar behoeftes te voorsien, is prysenswaardig en moet beskou word as ‘n godgegewe voorreg en seën.

1. Berader

- a. Soos by Norm 1 a, b, d, met die nodige aanpassings
- b. Moedig afgetredenes aan om aan innoverende maniere te dink om hul inkomste aan te vul, bv deur ‘n stokperdjie in ‘n onderneming te omskep of om hulself as konsultante te bemark indien hulle oor spesialisvaardighede/kundigheid beskik.
- c. Versoek dat ‘n preek(e) oor die Bybelse perspektief op werk gelewer word.

2. Beradene

- a. Bestudeer die volgende Skrifdele biddend (individueel en/of binne die ondersteuningsgroep): Gen 2:15, Rom 14:8, Kol 3:17 en 23, 1 Pet 4:11, Num 8:24-26
- b. Beantwoord die volgende vrae:
 - Watter perspektief bied dit op werk?
 - Wat is die geheelindruk wat jy kry oor die “status” van verskillende tipes werk?
 - Die Leviete is die enigste mense van wie ons in die Bybel lees wat na 25 jaar diens afgetree het. Is daar enige rede om te glo dat die werk van die Leviete, na hul aftrede as minderwaardig beskou is?
 - Watter implikasies het dit vir die wyse waarop ek, my familie, vriende, gemeenskap die werk bejeën wat ek tans doen?
 - Op watter wyse kan die werk wat ek nou verrig, as diens aan God beskou word, die naaste, die gemeenskap en die self?
 - Hoe gaan ek die trots in my werk op praktiese wyse demonstreer?

- c. Hoe kan my stokperdjie 'n bron van inkomste word?
- d. Watter diens kan ek lewer teen betaling en hoe kan ek my kundigheid bemark?
- e. Hoe kan ons as 'n groep saamspan om ons vaardighede/kundigheid te bemark?

3. Gemeenskap

- a. en b. soos by Norm 1
- c. Die berader/kommunikasie nooi werkgewers wat moontlik afgetredenes in diens kan neem, om hierdie gesprek by te woon.
- d. Persone wat moontlik as mentors vir afgetredenes kan optree om hulleself bemarkbaar te maak (skryf van CV's, verfyning van handvaardighede, marknavorsing ens) woon die byeenkoms by.

4. Kommunikasie

- a. publiseer Waarde No 2 in die Kerkblad om te benadruk dat geen werk minderwaardig is of op neergesien mag word nie.
- b. In die gemeenskapskoerant (en nasionale koerant wanneer toepaslik): 'n Brief, berig of artikel wat die werk deur afgetredenes verrig belig. Onderhoude met afgetredenes wat steeds aktief is in die arbeidsmark om hul ervarings te deel en met werkgewers wat afgetredenes in diens het.
- c. Gemeenskapsradio: onderhoude met werkende afgetredenes oor bv die redes waarom hulle steeds werk, spesifiek met afgetredenes wat weens finansiële nood verplig is om te werk (kan anoniem geskied), die uitwerking daarvan op hul eiewaarde, moontlike vooroordele waarmee hulle te kampe kry ens.
- d. Nasionale radio en televisie: Briewe (e-posse) om die behoefte van afgetredenes aan her-indiensneming te benadruk, die rol wat kinders en familie behoort te speel in die versorging van afgetredenes in finansiële nood. Bepleit 'n kwotastelsel vir werknemers ouer as 65, soos dit in bv Amerika gedoen word.
- e. Rig verhoë tot die raadslid om druk op die regering te plaas om die aftreeouderdom te verhoog.
- f. Rig deurlopend waarskuwings tot afgetredenes in die gedrukte en elektroniese media teen uitbuiting, bedrog en wanvoorstellings ivm beleggings. Publiseer die name van persone wat gratis enige navrae in dié verband sal beantwoord.

Norm 3

Die gemeenskap as medebepaler van eiewaarde

Die gemeenskap, en by uitsteking die kerkgemeenskap, speel 'n belangrike rol in die mens se persepsie van eiewaarde. Hoe afgetredenes deur hierdie strukture bejeën word, bepaal in groot mate die wyse waarop die self beskou word. In 'n suksesgedrewe gemeenskap steun afgetredenes swaar op die kerk as 'n veilige hawe vir emosionele en spirituele ondersteuning. Vir afgetredenes in finansiële nood is die kerk die enigste "bekostigbare" plek waar sosiale

interaksie kan plaasvind. Dit beklemtoon die noodsaak van die kerk se betrokkenheid in die gemeenskap om die Christelike norme en beginsels te vestig wat almal sal bevoordeel. Dit maak gemeenskapsberading noodsaaklik om die probleem van lae eiewaarde weens finansiële nood te ondervang. (Vorme van hulpverlening word later genoem). Beradenes kan moontlik op die volgende wyses begelei word tot die internalisering van 'n positiewe persepsie van hul eiewaarde:

1. Berader

- a. Soos by Norm 1 a, b, d, met aanpassings
- b. Identifiseer, in samewerking met gemeente- en gemeenskapsleiers, kundiges op finansiële gebied binne die gemeente of gemeenskap. Reël 'n byeenkoms waar hierdie persoon(one) afgetredenes toespreek. Rig 'n versoek tot hierdie persoon(one) om afgetredenes in finansiële nood te mentor met die oog daarop om hul eie ondernemings te begin, nuut na hul finansiële posisie te kyk en/of hul uitgawes te herstruktureer en waar moontlik, beleggingsadvies te gee ens.
- c. Die berader hou 'n lys van professionele persone wat dienste aan bejaardes teen 'n verminderde tarief bied (dokters, tandartse, oogkundiges) asook instansies wat bekostigbare behuising verskaf. Dieselfde lys word in die kerkkantoor gehou.
- d. Moedig beradenes aan om verhoudings met 'n verskeidenheid sosiale sisteme te vestig. Meld bv vir diens aan by sokkombuise, die kerk se Diens van Barmhartigheidsaksie, 'n huis vir haweloses ens. Dit skep 'n altruïstiese klimaat waar deelnemers hulp, ondersteuning, aanmoediging en liefde aan ander kan gee.
- e. Maak afgetredenes bewus van hul reg om aansoek te doen vir 'n staatstoelaag asook van munisipaliteite se verminderde heffings op eiendomme wat aan afgetredenes behoort. Wys ook op ander voordele vir bejaardes, bv verminderde vervoertariewe, afslag by supermarkte op sekere dae, en pensioenariskaarte wat by skoue, teaters en sekere restaurantgroepe gebruik kan word.
- f. Moedig afgetredenes aan om hul situasie en die probleme wat hulle as gevolg daarvan ervaar, binne hul ondersteuningsgroep te bespreek. Dit verminder die gevoel dat hy/sy die enigste een is wat met 'n probleem worstel.
- g. Versoek dat preke gelewer word met Norm 3 as tema.

2. Beradene

- a. Bestudeer die volgende Skrifdele biddend (individueel en/of binne die ondersteuningsgroep): 1 Kor 12:12-27; Spr 31:1, Rom 15:14 (vermaning); 1 Tes 5:11 en 14 (bemoediging); Tit 2:7 (voorbeeld); Rom 12:18 (goeie verhoudings).
- b. Beantwoord die volgende vrae:
 - Wat leer 1 Kor ons met betrekking tot ons waarde as lede van die liggaam van Christus?
 - Watter rol speel finansiële posisie, status, ouderdom in hierdie waardebevestiging? Wat beteken dit vir jou?
 - Na watter funksies, deur mense verrig, verwys die ander Skrifdele?
 - Verhoed jou finansiële nood jou om hierdie funksies binne jou gemeente en gemeenskap te verrig? Aan watter van hierdie rolle moet jy meer aandag gee? Hoe en waar kan jy dit prakties uitleef?

- c. Beywer jou vir die handhawing van goeie verhoudings met bure, kinders en kleinkinders, familie, vriende. Dit bevorder die gevoel van tuisheid, aanvaarding en samehörigheid.

3. Gemeenskap

- a. en b. Soos by vorige Norme

- c. Gemeentelede word genader om hulp te verleen met vervoer en die administratiewe rompslomp wanneer afgetredenes aansoek doen om 'n staatstoelaag. Verleen ook hulp by die eerste uitbetaling ("All pay") en die eerste uitbetaling daarna by 'n kitsbank om vertrouwd te raak met die proses.

4. Kommunikasie

- a. publiseer Waarde No 3 in die Kerkblad om die gemeente bewus te maak van die belangrike rol wat elkeen vervul om van die kerk dié struktuur te maak waarbinne mense met lae eiewaarde "veilig" kan voel en hul eiewaarde herstel kan word.
- b. Loods bewusmakingsaksies (in die gedrukte en elektroniese media) vir die redes en uitwerking van finansiële nood by afgetredenes met die oog daarop om groter begrip en empatie te skep.
- c. Rig versoeke tot die gemeente en gemeenskap dmv die media om hulp te verleen in die vorm van
- kontant, voedsel, skoonmaakmiddels, toiletware ens
 - fisiese hulp (vervoer, tuin, versorging van troeteldiere ens)
 - advies of praktiese voorstelle deur kundiges met betrekking tot die finansiële krisis
 - die moontlik maak van sosiale deelname wat informele gesprekke, ontspanning en bywoning van opvoerings, skoue, uitstallings insluit

Norm 4

Aftrede as 'n fase in ons voortgesette, Godgegewe roeping

Aftrede lei 'n nuwe fase van roepingsvervulling in. Mense verkeer dikwels onder die indruk dat hul beroep of werk hul roeping is. Terwyl daar voorbeelde in die Bybel is dat mense vir 'n bepaalde taak geroep is, is dit nie hul primêre roeping nie. Ons is primêr geroep tot 'n verhouding met God deur die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis. Dus beteken aftrede nie die einde van die mens se *roeping* nie, maar dit verteenwoordig wel 'n nuwe dimensie van roepingsvervulling. Eweneens bring moeilike omstandighede nie 'n einde aan die individu se roeping nie maar skep 'n nuwe klimaat waarbinne daardie roeping vervul moet word. Om hierdie waarhede by die beradene tuis te bring en nuwe hoop te vestig kan die volgende strategieë gevolg word:

1. Berader

- a. Soos by Norm 1 a, b, d, aangepas vir Norm 4.

- b. Versoek die leraar en kerkleiers om deur middel van preke, praatjies en getuienis van werkendes en afgetredenes, die begrippe “beroep” en “roeping” in konteks te plaas.
- c. Moedig die beradene aan om hierdie onderwerp en hoe hulle dit tans ervaar, in die ondersteuningsgroep te bespreek, moontlik aan die hand van die Skrifdele wat onder “Beradene” gelys is.

2. Beradene

- a. Bestudeer die volgende Skrifdele biddend (individueel en/of binne die ondersteuningsgroep): Rom 1:5-6, Heb 3:1 (roeping); 1 Kor 10:13, Rom 8:28 (moeilike omstandighede); 2 Tim 1:7, Num 6:24-26 (oorwinning en seën)
- b. Beantwoord nou die volgende vrae:
 - Wat is ons roeping, volgens die eerste twee Skrifdele? Is hierdie roeping aan tyd of omstandighede gekoppel? In watter mate weerhou jou status of omstandighede jou daarvan om jou roeping te vervul? Indien jy hierdie roeping versaaak het, hoe gaan jy dit nou verander?
 - Watter versekering bied die volgende twee Skrifdele? Watter verskil behoort dit te maak aan die wyse waarop jy jou omstandighede ervaar? Hoe gaan jy hierdie veranderde gesindheid prakties uitleef?
 - Wat kom in die laaste twee Skrifdele na vore? Glo jy dat dit ook in jou lewe waar is of kan wees? Indien jy dit nie glo of ervaar nie, wat verhoed dit? Indien dit wel vir jou 'n realiteit is, hoe gaan jy dit uitleef?
- c. Neem jou voor om, ten spyte van moeilike omstandighede, deur jou gesindheid en voorbeeld tot 'n seën te wees vir jou gesin, familie, vriende en die gemeenskap.

3. Gemeenskap

- a. en b. Soos by vorige Norme

4. Kommunikasie

- a. publiseer Norm 4 in die gemeenteblyd met die doel om 'n bewustheid te skep dat alle lidmate, daarom ook afgetredenes, dieselfde roeping deel. Die een is dus nie belangriker as die ander of geniet nie hoër status in die uitleef van hierdie roeping nie.
- b. 'n Bydrae oor hierdie onderwerp in die amptelike kerkblyd van die verskillende denominasies.
- c. Moontlik 'n brief/bydrae in die gemeenskapskoerant om hierdie begrip tuis te bring.

Norm 5

Die waarde van die mens as beeldraer van God

Daar is reeds gesê dat die mens se grootste behoefte dié is aan eiewaarde (4.5). Die wete dat die mens na die beeld van God geskape is en dat hierdie beeld universeel is in alle mense te alle tye, vorm die kern van ons eiewaarde. As Christengelowiges is ons bewus van ons sondigheid, maar ons is ook oortuig van ons verlossing deur die genade van God wat

elkeen van ons 'n belangrike deel in die liggaam van Christus maak. Die volgende aksiestrategieë kan toegepas word om dié wete by beradenes tuis te bring:

1. Berader:

- a. Soos by Norm 1 a, b, d, met die nodige aanpassings
- b. Doen 'n beroep op die leraar/pastoor, gemeenteleiers om erkenning te gee aan afgetredenes dmv preke en spesifieke aksies om hul gevoel van eiewaarde te versterk (die hantering van die Skriflesing en gebed, sit aan die nagmaaltafel, hulle te raadpleeg oor sake wat hulle raak, erkenning te gee en waardering uit te spreek vir die rol wat hulle vervul, hulle as mentors te gebruik waar moontlik, hulle in sekere leiersposisies te plaas, te nooi om van tyd tot tyd jeugbyeenkomste by te woon ["Jig-tot-jeugaksie"] ens.)
- c. Moedig beradenes aan om dmv rollespel binne hul ondersteuningsgroep te "oefen" om meer selfversekerd op te tree in situasies waarin hulle gewoonlik onseker voel en optree.

2. Beradene:

- a. Lees die volgende Skrifdele biddend: Gen 1:27 en 5:1-2, Job 7:17; Ps 8:6, Ps 139, Joh 3:16.
- b. Beantwoord die volgende vrae:
 - Volgens Genesis is die mens na die beeld van God geskape. Kan jy uit die ander skrifdele aflei wat die uitwerking van die sondeval op die waarde van die mens was?
 - As ons dan vir God soveel waarde het, het enigeen dan die reg om my as minderwaardig te beskou? Het ek die reg om myself as minderwaardig te ag? In watter situasies voel ek minderwaardig en hoe gaan ek van nou af anders in hierdie situasies optree?
- c. Neem jou voor om ander as beeldraers van God te behandel en om in jou omgang met mense op te tree vanuit die wete dat jy 'n beeldraer is.

3. Gemeenskap:

- a. en b. Soos by vorige Norme

4. Kommunikasie:

- a. publiseer Waarde No 5 in die kerkblad om te benadruk dat alle mense beeldraers van God is en daarom met groot agting bejeën moet word.

Norm 6

Die mens se identiteit in Christus as waardebepaler

Volgens die maatstawwe van die wêreld word ons identiteit en waarde bepaal deur kulturele paradigmas en rolle. Ons is wat ons doen en is werd wat ons besit. In Christus besit ons egter 'n identiteit wat los staan van wêreldse norme en waardes. Vanuit 'n eskatologiese perspektief en deur die werking van die Heilige Gees in ons, word ons persepsies aangaande ons menswees en eiewaarde radikaal hervorm. Ten einde hierdie "nuwe denke" by die beradene te bevestig word die volgende aksiestrategieë toegepas:

1. Berader

- a. Soos by Norm 1 a, b, d, met die nodige aanpassings
- b. Rig 'n versoek tot die leraar/pastoor en gemeenteleiers om hierdie waarhede by die gemeente tuis te bring. By 'n doopdiens kan benadruk word dat die ouerpaar die doopbelofte kan aflê omdat *hul* ouers en grootouers dit nagekom het. By belydenisaflegging word weereens die rol van ouers en grootouers benadruk.
- c. Moedig die beradene aan om binne sy/haar ondersteuningsgroep die leiding te neem om ons identiteit in Christus te bestudeer en te bespreek. Identifiseer die areas waar hierdie nuwe denke ons gedrag behoort te verander en oefen dit in deur rolspel.

2. Beradene

- a. Word stil voor die Here en lees die volgende Skrifdele (individueel en/of binne die groep): Rom 6:4-5, 2 Kor 5:16, Kol 3:9(b)-10, 2 Kor 4:16-17, Ef 4:23, Spr 4:23.
- b. Vra jousef die volgende af:
 - Hoe word 'n mens vernuwe?
 - Hoe kan jy *jou* denke vernuwe sodat jy anders oor jousef dink?
- c. Lees ook 1 Joh 3:1, Rom 8:15 en 17, 2 Kor 5:21, 1 Kor 6:11, 2 Kor 2:15, 3:9, 5:20, Ef 2:10, Ps 18:35. Op grond van hierdie Skrifdele
 - Wat is jou identiteit in Christus?
 - Watter rol speel beroep, besittings, status of ouderdom hierin?
 - Indien dit jou ware en ewige identiteit is, hoe behoort dit jou persepsie van eiewaarde te beïnvloed?
- d. Hoe gaan jy hierdie nuwe denke oor jou identiteit prakties uitleef?

3. Gemeenskap

- a. en b. Soos by vorige Norme

4. Kommunikasie

- a. Publiseer Norm 6 in die gemeenteblyd om ons waarde, ongeag ons finansiële status, beroep, ouderdom of omstandighede te beklemtoon.
- b. Briewe/bydraes in die media om die belangrike bydrae wat afgetredenes tot die gemeenskap maak op verskillende terreine te belig. Beklemtoon die voorbereidingswerk wat hulle gedoen het om die huidige ekonomiese, tegnologiese, maatskaplike ontwikkeling moontlik te maak.

5.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gepoog om praktiese leiding te gee vir die berading van afgetredenes wat in finansiële nood verkeer en verminderde eiewaarde as gevolg daarvan ervaar. Die norme en waardes wat onder punt 3 van hierdie hoofstuk uiteengesit is en wat deur middle van hierdie strategieë tuisgebring wil word, sal versprei word oor minstens ses gesprekke of by geleentheid van 'n gemeenteseminaar, wat lidmate van alle ouderdomme betrek. Terugvoer is belangrik sodat verdere hulp verleen kan word waar nodig. Dit is verder belangrik dat die berader en ander persone wat betrokke is by die pogings tot hulpverlening, op gereelde basis met mekaar in gesprek tree om elke beradene se situasie te herevalueer en waar nodig, nuwe strategieë te implementeer.

Die oogmerk is deurgaans om nuwe hoop te vestig by mense wat oorweldig voel deur hul finansiële nood. Dit behels, benewens 'n bewuswording van ons eiewaarde ten spyte van moeilike omstandighede, ook praktiese hulp in 'n poging om die situasie te bereedder. Daarvoor is 'n holistiese benadering nodig wat alle moontlike bronne van hulp sowel as 'n verskeidenheid rolspelers betrek.

---oOo---

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 Inleiding

Hierdie navorsing was daarop gemik om te bepaal wat die uitwerking van finansiële nood na aftrede op eiewaarde is. Dit is gedoen aan die hand van gevallestudies wat respondente betrek het wat voorheen finansiële sekuriteit geniet het, maar dit om verskillende redes verloor het. Binne die bestek van ses hoofstukke is gepoog om die vraag te beantwoord: “In watter mate kan die Bybelse perspektief op ons identiteit as grondslag dien vir die pastorale begeleiding van afgetredenes wat weens die trauma van finansiële nood ‘n verminderde gevoel van eiewaarde ervaar?”

In Hoofstuk 1 is die agtergrond, doelstellings, doelwitte en metodologie van die navorsing uiteengesit. Aan die hand van Osmer se model is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- Watter nuwe insigte kom vanuit die empiriese ondersoek na vore met die oog op pastorale sorg aan afgetredenes wat in finansiële nood verkeer?
- Hoe kan bevindinge van navorsing van die aangrensende wetenskappe bydra tot die verstaan van die pastorale versorging van verarmde afgetredenes met ‘n lae gevoel van eiewaarde?
- Watter insigte bied die Bybelse perspektief op identiteit, werk, aftrede en eiewaarde met die oog op pastorale sorg aan afgetredenes wat in finansiële nood verkeer?
- Hoe moet praktykteoretiese riglyne vir die berading van afgetredenes in finansiële krisis daar uitsien wat beide berader en beradene sal bemagtig om die probleem van ‘n verminderde gevoel van eiewaarde te hanteer op grond van die Bybelse perspektief op ons waarde en identiteit?

Hoofstukke 2 – 5 is gestruktureer aan die hand van Osmer se vier take van die praktiese teologiese interpretasie, naamlik:

- Wat is die situasie tans? (Hoofstuk 2 – die beskrywend-empiriese taak)
- Waarom is die situasie so? (Hoofstuk 3 – die interpreterende taak)
- Wat behoort die situasie te wees? (Hoofstuk 4 – die normatiewe taak)
- Hoe kan ons op die bestaande situasie reageer? (Hoofstuk 5 – die pragmatiese taak)

6.2 Navorsingsontwerp en resultate (beskrywend-empiriese taak)

‘n Kwalitatiewe studie is onderneem aan die hand van semi-gestruktureerde gesprekke met afgetredenes wat finansiële nood ervaar. Sorg is aan die dag gelê dat respondente geselekteer word wat *nie* in kroniese armoede geleef het nie, maar wat weens onvoorsiene omstandighede na aftrede verarm het. Hoofstuk 2 (2.8.5) het dus gefokus op die insamel van inligting wat lig sou werp op “patrone, dinamika en spesifieke episodes, situasies of kontekste” (De Klerk, De Wet & Pieterse 2012:74). Die samestelling van vrae wat aan respondente gestel is, het gesentreer om twee hooftemas, naamlik

Hooftema 1: Die fisiese en praktiese impak van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede

Hooftema 2: Die emosionele uitwerking van onvoorsiene finansiële probleme na aftrede

Onder elke hooftema is verskeie subtemas hanteer wat indringend gekyk het na die impak van finansiële nood na aftrede. Daaruit het onder andere geblyk dat die besef van finansiële nood weens onvoorsiene omstandighede volgens die tipiese fases van rou verloop, naamlik ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding (2.9).

Sleutelaspekte wat aan die lig gekom het, is die volgende:

- die praktiese probleme wat met finansiële nood na aftrede gepaard gaan, het ‘n uitkringende effek wat respondente se interaksie op verskeie vlakke nadelig beïnvloed;

- finansiële probleme na aftrede het, indien nie aanvanklik nie, wel met verloop van tyd 'n negatiewe uitwerking op die individu se gevoel van eiewaarde.

6.3 Verklaring vanuit die naasliggende wetenskappe (interpreterende taak)

In Hoofstuk 3 is in dialoog getree met die

- Sosio-gerontologie: 'n Blik op Erikson se ontwikkelingsfases van die mens en Maslow se behoeftehiërargie kon 'n verklaring bied vir die gevoel van mislukking en wanhoop wat afgetredenes in finansiële nood dikwels ervaar (3.3.1.1). Die akwiteits-, kontinuïteits- en onttrekkingsteorieë is in oënskou geneem met die oog op 'n beter verstaan van die uitkringende effek van finansiële nood na aftrede (3.3.1.2).
- Ekonomie: Die toenemende klem wat op die jeug geplaas word en mannekrag wat deur die tegnologie vervang word, dra by tot die finansiële nood wat baie afgetredenes ervaar. Gepaard daarmee gaan 'n afname in eiewaarde wat dikwels tot wanhoop lei (3.3.2).
- Psigologie: Aftrede as die kritieke, finale lewensfase wat op hoë ouderdom plaasvind. Indien doelwitte nie tydens hierdie fase bereik is nie, ervaar die afgetredene 'n gevoel van futiliteit wat hom/haar dikwels laat worstel met die vraag na die sin van die lewe (3.3.3).
- Spiritualiteit: Godsdienste gee sin aan die lewe van die individu. Geloofstwyfel lei tot pessimisme oor die toekoms. Geloofsidentiteit vorm 'n belangrike buffer teen die spanning wat met aftrede gepaard gaan (3.4).

Die resultaat van hierdie literatuurstudie het dus daarop gedui dat finansiële nood na aftrede 'n uitkringende effek het wat gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale interaksie, menswaardigheid, selfbeeld, spiritualiteit en psigologiese welsyn sodanig affekteer dat dit negatiewe gevolge vir eiewaarde het.

6.4 Perspektiewe vanuit die Skrif (normatiewe taak)

In Hoofstuk 4 is uitsprake in die Skrif oor werk, aftrede, identiteit en eiewaarde in oënskou geneem. Ook die mens se funksionering binne en afhanklikheid van

spesifieke verhoudings is ondersoek. Op grond van hierdie uitsprake is die ses afgeleide norme vir die beoordeling van eiewaarde geformuleer (4.7) wat die basis gevorm het vir die riglyne vir die begeleiding van afgetredenes in finansiële nood.

6.5 Aksiestrategieë vir die begeleiding van afgetredenes in finansiële nood (pragmatiese taak)

In Hoofstuk 5 is besin oor die praktiese riglyne wat gevolg kan word vir die pastorale begeleiding van afgetredenes en bejaardes wat lae eiewaarde ervaar te midde van finansiële nood. Hierdie riglyne is geformuleer op grond van bevindinge in Hoofstukke 3 en 4 en is daarop gemik om die Skrifwaarhede aangaande die waarde van die mens, werk, die rol van die gemeenskap, aftrede, die mens as beeldraer van God en ons identiteit in Christus oor te dra (5.3). Die rol van elk van die rolspelers, naamlik die berader, beradene en (kerk)gemeenskap is op gestruktureerde wyse uiteengesit (5.4.2).

6.6 Finale bevinding

Die studie het voortgespruit uit persoonlike waarneming en interaksie met afgetredenes wat finansiële krisis, weens onvoorsiene omstandighede, ervaar. Die fokus was gevolglik op afgetredenes wat finansiële sekuriteit en hoë aansien geniet het, maar wat dit om verskillende redes verloor het. Die effek daarvan op eiewaarde is ondersoek en daar is bevind dat veral die kerkgemeenskap 'n baie belangrike rol kan vervul in die herstel en handhawing van eiewaarde. In 'n omgewing wat behep is met prestasie en materiële welvaart en wat mense se waarde in ekonomiese terme meet, kan die kerk die ruimte bied waarbinne afgetredenes in finansiële nood veilig voel en waar nuwe hoop gevestig word.

In teorie is die beoogde doelstellings met hierdie navorsing grootliks bereik. Die hoop word gekoester dat (1) dit daartoe kan bydra dat 'n groter bewustheid vir die realiteit van die navorsingsprobleem geskep kan word en (2) die aanbevelings en riglyne beraders, leraars en gemeenteleiers sal inspireer tot meer effektiewe hulpverlening aan afgetredenes wat lae eiewaarde ervaar weens moeilike finansiële omstandighede.

6.7 Aanbeveling vir verdere studie

Die beperktheid van die studie (2.4) verhoed veralgemening, spesifiek met verwysing na die Suid-Afrikaanse bevolking. Dit kan bloot van moontlike nut wees in 'n hoofsaaklik westerse gemeenskap. Verder is die navorsing ook grootliks in tipiese aftreegemeenskappe gedoen, met die gevolg dat vergelykings nie moontlik was nie. Bevindinge in stedelike gemeentes en gemeenskappe kan moontlik verskil. Verdere navorsing kan gedoen word om te bepaal

- wat die uitwerking van finansiële nood na aftrede is op die huweliksverhouding waar die vrou altyd finansiëel volkome afhanklik was van haar man asook op die huweliksmaats afsonderlik;
- hoe die situasie die langsewende se lewensomstandighede beïnvloed en die emosionele uitwerking daarvan op hierdie persoon;
- die impak wat die afgetredenes se gedwonge finansiële afhanklikheid van hul volwasse kinders het op gesins- en ander verhoudings;
- afhanklike ouers se emosionele belewing van en praktiese implikasies daarvan vir die sogenaamde “toebroodjie-generasie”.

---oOo---

BRONNELYS:

Aiken, L.R., 1995, *Aging: An introduction to gerontology*, Sage, Thousand Oaks, CA.

Anderson, L., 2009, Pastoral care and the spiritual formation of older persons, *Journal of religion, spirituality and aging*, 21, 104-118.

Annenberg Learner, The Habitable Planet.

<http://www.learner.org/courses/envsci/unit/text.php?unit=5&secNum=4> Datum van gebruik: 2 Feb 2015.

Antonucci, T.C. & Jackson, J.S., 1983, Physical health and self-esteem, *Family and Community Health*, 6, pp. 1-9.

Atchley, R.C., 1982, Retirement: Leaving the World of Work, *Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 464, Middle and Late Life Transitions, 120-131.

Atchley, R.C. & Barusch, A.S., 2004, *Social forces & aging: an introduction to social gerontology*, Wadsworth, Belmont.

Baker, L. & Gringart, E., 2009, Body image and self-esteem in older adulthood, *Ageing and Society*, 29(6), 997-995.

Barnard, M., 2015, "Stad wil familie van sukkelende bejaardes kry om te help", *Die Burger*, Aktueel, 3 Maart 2015, p. 8.

Barton, B.B., Beers, R.A., Galvin, J.C., Neff, L., Taylor, L.C., & Veerman, D.R. (sen. eds.), 2005, *Life Application Study Bible*, Zondervan, Grand Rapids, MI.

BBC News, 1999, Money is the root of depression: 21 April.

<http://news.bbc.uk/2/hi/health/324900.stm>

Bekker, J., 2009, Hier kom die oumens-ramp! *Die Burger*, BY, 28 Februarie p 14.

Bera, S., 2014, 3 Things you need more than money for a Hapy Retirement, *Daily Finance*, 25 March 2014.

<http://www.dailyfinance.com/2014/03/15/happy-retirement-more-than-money/>

Datum van gebruik: 13 Feb 2015.

Bernard, D., Nov 25, 2014, 10 Components of happy retirement.

<http://www.lovebeingretired.com/2014/11/25/10-components-of-a-happy-retirement/>

Datum van gebruik: 13 Feb 2015.

Bernbaum, J.A., & Steer, M.S., 1986, *Why Work? Careers and Employment in Biblical Perspective*, Baker Book House, Grand Rapids, MI.

Botha, P., 2009, *Jeremia in Die Bybellennium*, 'n Eenvolume- kommentaar, F.J. van Rensburg & M. Nel (reds.), Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Braam, A.W., Delespaul, P., Beekman A.T.F., Deeg, D.J.H., Perés, K., Dewey, M., et al., 2004, National context of health care, economy and religion, and the association between disability and depression in older Europeans, *European Journal of Aging*, Vol 1(1), pp. 26–36.

Brunner, E., 1952, The New Barth, *Scottish Journal of Theology*, 4(2), June 1951, pp. 124-125.

Brunsdon, A.R. & Lotter, G.A., 2008, Aftrede as integrasionele taak, *Koers* 73 (2): 283–302.

Business Dictionary, <http://www.businessdictionary.com/definition/demography.html>
Datum van gebruik: 19 Maart 2015.

Carlson, D.E., 1988, Counseling and Self-Esteem, Word Publishing Group, Waco, Texas.

Chanmugan, A. & McRoy, R.G., 2009, Rigorous Qualitative Methods, *National child Welfare evaluation summit*, May 27, 2009, University of Texas. http://www.pal-tech.com/web/CBTAP/Presentations/Workshops/Workshop_9/Workshop_9-McRoy&Chanmugan Datum van gebruik: 2 Maart 2015.

Cherry, K., About.com Psychology, Psychology Glossary
<http://www.psychology.about.com/od/sindex> Datum van gebruik: 12 Sept 2014.

Cherry, K., About.com Education, Carl Rogers Biography,
http://psychology.about.com/od/profilesofmajorthinkers/p/bio_rogers.htm Datum van gebruik: 3 Desember 2014.

Cherry, K.A., 2005. Erikson's Stages of Psychosocial Development.
